


# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

*sept. 1961*  
IN HIERDIE UITGAWE

- POESIE: Soul Erasmus Smit, P. W. Buys, A. Swart, A. A. Snyman, Barend J. Toerien, Louis Eksteen, Marlian Kilian, V. van der Westhuizen, A. J. B. Rawlins.
- VERHALE: RAMPAT, Lourens Schultz.
- EENBEDRYF: J. M. Syuge.
- ARTIKELS: Abr. Fouché, P. J. Nienaber, Abel Coetzee, S. C. Hattingh, André Denedts, André Brink, P. D. van der Walt.
- VERWEER: J. P. Bruwer.
- BY DIE JONGERES.
- OOR BOEKE.





Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services



# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad vir die Afrikaanse Skrywerskring

*Redakteur:* ABEL COETZEE

*Letterkundige Adviseurs:*

D. F. Malherbe  
P. C. Schoonees  
W. A. de Klerk  
M. S. B. Kritzinger  
B. Kok  
P. J. Nienaber  
B. Conradie  
J. Kromhout  
André Demedts

## September 1961

Jaargang 11

Nommer 3

Intekengeld: R2.00 per jaargang, posvry.

- Let wel:*
- Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, Escombe-laan 51, Parktown, Johannesburg.
  - Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

Administrasie: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

## I N H O U D

	<i>Bladsy</i>
RUITER IN DIE WIND, Soul Erasmus Smit .....	1
EN TOE BLY DAAR AGT, Rampat .....	18
UNIO MYSTICA, P. W. Buys .....	29
KUNSTENAAR EN MODERNISTIESE KUNS, Abr. Fouché .....	30
BY DIE WATERVAL e.a. GEDIGTE, A. Swart .....	40
OUPA LOOI SE SAGTE BOORDJIE, L. Schultz .....	43
DIGTER e.a. GEDIGTE, A. A. Snyman .....	53
MEURANT SE ZAMENSpraak, P. J. Nienaber .....	58
ASOF e.a. GEDIGTE, Barend J. Toerien .....	61
KLEIN BEGIN — AANHOU WIN, Abel Coetzee .....	64
EK WIL 'N STER PLANT e.a. GEDIGTE, Louis Eksteen .....	71
ONTWIKKELINGSGANG VAN ABEL COETZEE SE KUNSTENAARSKAP II, S. C. Hattingh .....	74
GETYE e.a. GEDIGTE, Marlian Kilian .....	86
SUSTER MATHILDA e.a. GEDIGTE, V. v.d. Westhuizen .....	89
SAMENWERKING TUSSEN NEDERLAND EN BELGIË, André Demedts .....	90
GEBED e.a. GEDIGTE, A. J. B. Rawlins .....	96
NA DIE SEE, J. M. Synge (vertaal deur C. W. Hudson) .....	98
VAN WYK LOUW — EN ROBERT GRAVES? André P. Brink .....	108
DIE VLAAMSE CAMERA OBSCURA, P. D. van der Walt .....	115
WIT INBOORLINGE, J. P. Bruwer .....	120
BY DIE JONGERES .....	122
CNA - LETTERKUNDIGE TOEKENNING .....	126
OOR BOEKE .....	127

SOUL ERASMUS SMIT:

## Ruiter in die Wind

Vir ANDRÉ DEMEDTS

### I. FONTEINTJIE

Ek blaas met seppyp in my bakkie skuim  
en kinderdrome, glansomhulde vleug  
van asem, kom as lank vergete vreug  
uit verre dae en vul my hemelruim.  
Die gladde oombliksvinders van my jeug  
wat uit die slaap opfladder, windgedryf,  
swerf hoog die ligtrans in, om my met styf  
gespande skyn van waarheid te verheug.  
'n Nare oumansdroom: net kinderspel  
kan drome vol van drif laat dy en swel;  
vir kinderdrome van die fynste stof —  
met vlindervlerkies — lig die dag te grof.  
Ek blaas nog in my pyp — vergeefs, en veeg  
die drome van my wang: my bak is leeg.

Gekuul in newelmantel van die jare, vasomlyn  
deur natblink biesies, ruigte, bladstil lê die plaasfontein,  
en tussen riete, wolke, saggies voel die vinne, klein  
en broos, gestadig deur die vloeiing, onbewus dat skyn  
van skepping op die kolke lê, en stom vir ewig staar  
dit deur die waterland waar orals rondom skooltjies wemel  
en vissies in die wolke skuil, geswind die bloue hemel  
inflits of loom en rustig tussen steel en pluime vaar.  
Dis my fontein: herinnering, 'n hele lewe ver  
verwyder, onherkenbaar toegegroeï tot donker kol,  
en elke pad daarheen vir goed teen vreemdes afgesper.  
Geen enkel dowwe spoor rig ooit my voet weer veilig terug  
deur riet en ruigtes; in vergete droom, oor reenboogbrug  
blits kronkelpaadjies slegs deur newels, word my leegte vol.

'n Riet buig slank sy kruin tot op die watervlak,  
 waar pluim en steel hul beelde vind, volmaak versoen  
 tot een-wees, ronde lug- en waterding wat strak  
 omhoog en werklikheid laat kring in visioen.  
 'n Skim styg uit die land van drome traag omhoog  
 en wend en kring, tot op die tere rietsteelboog,  
 gevlek in swart en rooi, verskyn die borrelvink  
 wat weelde stort oor vlei en rant waar waaigras wink.  
 Ou plaasfontein, my waterland, jou ruigtevolk  
 kom skugter, slaapbevange, oor die wankel brug,  
 om by geringste rimpelwinde weg te vlug.  
 Ek buig my in my drome oor jou donker kolk,  
 die bron waaruit die lewe van die rietvlei kelk  
 en heimlik bloei tot in my gees, dan stil verwelk.

In paar en onpaar kom hul oor die boog,  
 geveerde vlevolk; vink en langstertflap  
 wat rousleep oor die dood, wyl deftig stap  
 ou Sikketaars met swartbroek, jagtersoog  
 gerig op kruipgoed in die dikgras; hoog  
 die rante in gefluit waar Kelkiewyn  
 my drome roer wat diep bly steek en pyn  
 uit wee om bloeisels vóór die bot verdroog.  
 By krappe in die modder diep verskuil  
 lê Kokkewiet met waggelarms wat kuil  
 en riet onveilig maak, net soos ou Tang  
 wat kinders in die waaigras vinnig, bang  
 laat omkyk, woes laat skreeu, ontstel  
 met angste wat hul voornagdrome kwel.

Die aasvoël sweef op vleuels wat in sonlig flits,  
 vang elke wind en kring so hoog dat krans en spits  
 veryl tot vae ruspunt van die halwe brug  
 wat vlamme teen die newels streep; so skor en stug  
 kras hy sy koningskap oor al die vlevolk uit  
 en tart hul om die oogesperde dood te stuit.  
 In wye draaie kring hy swyend om en wag  
 op dreiging diep van onder af teen sy gesag.  
 „G'n koning jy, jou slagter!” Klein uit hoër kring  
 'n fluistering; geringste wat in leegtes lewe  
 en nooit uit eie drange styg oor berg en krans:  
 Tinktinkie, fynste wat in vlei en graspol sing—  
 gewete van die ganse rietvolk, laaste skans  
 wat sterkes stuit en stom uit hoogtes af laat swewe.



My vreug en leed is albei pyn, kom oor eenselfde brug  
die bloed besluip, verwar met leed om vreugde, vreug om pyn  
wat in my leef as werklikheid wat sterwe en verdwyn  
in eie wederbeeld en eindeloos tot skyn vervlug.

Die leeurik klap-klap opwaarts, stil die skoon dag in en wek  
die lewe teen die rante waar die wyfies broei; so vaal  
en nietig klim hy telkens met sy morelied brutaal  
die bloutes in tot waar die nuwe lig sy vlerkpunt vlek,  
hom lok om net te styg, te styg — en dan meteens so moeg  
te kweel en sonder drif hom afwaarts wend, sy vlerke vou  
en willoos val, steeds afwaarts, af waar rantvolk neste bou,  
met teel en broei en ywrig pluimestryk hul dag omswoeg.  
Dis skimme slegs wat oor die brug aansluip, bedrog en skyn:  
net lewe ken hul teen die bulte, ek net ken die pyn.

Waar wolke hulle eie beelde groet,  
in twee aparte lewens vasgevang  
vir sy bestaan en sonder wete, hang  
die eendjie, kop na onder; dag lank moet  
hy so bly swewe, omgekeer sy nood  
vergoed en telkens uit die een die dood  
ontwyk die ander lewe in, sy brok  
bestaan bekom waar diep in modder lok.  
My hart, hoe eindeloos moet jy die grens  
oorsteek die jeugland in waar drome leef,  
gewaar hoe hierdie vlugoord hom wat kleef  
aan werklikheid met dood bedreig, en wens  
jy kon vir ewig toef waar wete sterf,  
in pleks van haweloos in twee te swerf.

Op wye vlerke klepper wilde-eende laat  
namiddag uit die vlei met uitgestrekte hals  
en pyl die na-gloed in wat aan die kimme vals  
die hoop wek dat die donker wat hulle agterlaat  
ontwyk kan word, die dag vir ewig ingehaal  
deur net die glans te volg wat met 'n helder straat  
ver bokant rafelwolke blink die vlugoord kleur  
waar otters nooit insluip en harte rooi uitskeur.  
Te kort die gloed, te gou vervloei die sterwensuur  
vir eende om behoud te vind in skemervuur  
wat swerwers met beloftes lok, dan snel verkil  
lank voor hul nog 'n tuiste vind, verraai en stil  
moet dwaal vol angste deur die donker nag,  
om weer verlei te word na elke nuwe dag.

My drome is soos voëls wat elke more  
uit vleie styg, oor rant in bos en dal  
hul kroppe vul en as die awend val  
sat neswaarts keer, soos elke dag te vore  
net toef tot nuwe lig hul uit die riet  
die bloute in laat wemel, noodgedryf  
oor voorste kimme slyt hul dagverblyf  
en gulsig roof totdat die lig verskiet.  
Dis dowwe drome wat uit donker smart  
opstyg, ver anderkant die vaste grense  
van ruwe werklikheid die voorste wense  
— verdwaal in kinderland — byeen vergaar,  
belaai met lank vergete troos weer swaar  
die nuwe hoop laat gloei in leë hart.

Toe ruigtes en polmiet met nuwe pluime pronk,  
het vissies, diep af dartel tussen stele, dronk  
van weelde, wolkies modder opgejaag, geflits  
na bo tot teen die watervlak. Meteens 'n blits:  
'n bont visdief wat inpyl, skerp die water skeur,  
dan moeisaam, traag soos diep gedagtes, boontoe beur;  
hy kom so gulsig uit my jeugland drome steel  
wat tussen kaak en klou uiteengeskeur word, deel  
van my wat in die dag se growwe lig so fel  
vergaan. Die lewe steek te diep in my, ontstel  
moet ek aanskou dat my fontein met riet en wolk  
— my ganse kinderland — vang in sy hart 'n dolk.  
'n Dooie oog wat niks weerkaats, g'n reenboogbrug,  
so word my plaasfontein: herinnering vervlug.

Die mens wat opbeur na die volle dag,  
verwyl nog loom in niemandsland waar lyn  
nog grens die troebel stroom afperk waar fyn  
sy droom verweef word tot verwarde vag  
wat swaar die daad ommantel, reik na lig  
waar doen, deur duister wens so vreemd ver hul,  
— met wens in doen en drang in skroom vervul —  
ons helder vasgryp van die droom laat swig.  
Die kind wat uitgroeï tot sy volle krag,  
aanskou sy niemandsland waar dartel, rein  
die vis en borrelvink in plaasfontein  
se waters tussen wolk en wortels roer  
tot borrels opstyg uit die donker moer  
en oopblom in die man se volle dag.

Sy skatte het die koning met sy hande groot gemaak:  
die toisel van die veld, sewejaartjie, gousblom, raak  
hy gulsig aan en wilde prag word geel verstillde goud  
wat roerloos in sy koffers glim, sy roem met honderdvoud  
laat styg. Die druiwetros en moerbeï in sy tuin maak hy  
tot kostelikste kleinood, fyn deurspat met drif, beny  
deur vorste ver en wyd. Tot hy sy jongste, krullebol,  
verdorrend streel, haar wese sien verstar en geel verstol.  
My drome kom met goud bedek so gretig oor die brug,  
en vul verlate leegtes, rietbos, plaasfontein, die lug  
met gloed van lewe, en my jeugland staan so vreemd in glans gedoop  
toe my verroeste hart vergul word met 'n nuwe hoop . . .  
in harde daglig word my drome kaal gestroop, verdwyn  
dit soos 'n voël wat vlug en met die afstand kwyn.

U was vir my 'n milde God, 'n Vader  
wat in die grootstad in 'n staandak woon,  
en saans, gesig gewas en hande skoon,  
kon ek U argloos op my knieë nader.  
Vol onskuld het ek U beveel: – Daar bo  
net langs die valsgat, Liewe Jesus, lê  
my dolosspan en nuwe kleiwa, sê  
ou Tang moet niks verroer, hy bars! – Ja, so  
het ek geraas, astant daarby vergeet  
die „amen”! U verberg 'n glimlag, weet  
aan kinderharte kleef g'n enkel smet,  
as Vader sou U alle kwaad belet.  
– En, Liewe Jesus, hou my hartjie rein. –  
Ai Heer, hoe heilig tog U plaasfontein.

Die reisiger na afgeleë lande  
laat alles na waaraan die mens verkleef,  
verloën drome wat verlange weef  
om harte en hul bind met ragfyn bande.  
Die dag wat nuut oor kimme stoot kom skugter,  
en sonder skuiling moet my vleivolk sterf  
om wetenskap my ruigteland bederf,  
van kinderweelde kaal gestroop en nugter.  
Verbleekte beelde by die plaasfontein  
vervolg my in die vreemde: Kelkiewyn,  
Piet Brommer met sy gars teen hongerpyn,  
ou Peetoom Wolf, gevreesde Skoorbek, Midas,  
ou Tang, Patrys wat wegkoes in die polgras.  
U, Heer, veryl ook by die plaasfontein.

Gistraand by stergewemel het ek eensaam in die sand  
'n kiewiet in die verte skel hoor kerm om die nag  
met newelmatel al wat helder lewe in die dag  
omvat, eenselig laat verdwyn in grysheid van die land.  
Onrustig slaap die grond deur pyn van stof wat skroei ontstel.  
Die wolke muggies, rook van brande hang soos digte mis  
oor vlei en laagte. Iewers in die nag styg lafenis  
uit blanke aandblomkelk wat salwend in my angs opwel.  
Die nuwe dag het vreug van blomme weggebrand, gedoof  
die hemelstraat, aan elke hoop en angs sy vorm herstel  
dat ons kan weet geluk of vrees wat bang ons harte kwel,  
is skyn en mis, bedrog wat ons bestaan van rus beroof.  
En tog . . . en tog, steeds tussen digte newels wat ons tart,  
soek ons onrustig voort, vind hy soms vreugde, ek net smart.

## II. BEDELBAK

Misdeelde wag op windverwaaide hoek  
waar skurwe hand die bedelbak gerig  
hou om 'n skamel aalmoes, en vaal gesig  
vol kommer harte by die skenkers soek.  
Ek neem my leë bak met bedelhande,  
by elkeen smeek ek dat hy ruim moet gee,  
dit voer ek sugtend op my soektog mee  
waar nuwe gloed my lok na vreemde lande.  
Soms is ons aalmoesbak tot oorloop vol,  
soms bly dit karig leeg — my honger gees  
beangs, sý maer lyf bevang met vrees  
dat juis ons dwang die aalmoesbron laat stol.  
My blote hande bak gewring, en sku,  
kom bedel: Wie is ek? en, Here, U?

– Wat hou die lewe vir jou in? – Die wiggelaar  
deurspied my hart: – Vir koper, silwer of vir goud?  
Sover as wat jou moed reik sal ek openbaar,  
vir koper bied ek min, vir goud slegs honderdvoud. –  
Dis sielig om te weet hoe arm my lot gaan wees,  
of ryk, hoe kort my dag, hoe bruin of blond my bruid,  
hoe ruim my kindertroos, of soet- of morgeluid  
my roem verkondig, as ek tog my perke vrees.  
Of niks of alles! Roekeloos, oormatig stout  
verag ek koper, silwer, ek verspeel net goud.  
– In dieptes van die jare, 'n ruiter in die wind,  
geboë, sneeuwit hare, in oë albei blind. –  
Orakelspreuke deur die eeue bly maar duister,  
tog: snags lê ek beangs na hoefgeklop en luister.

Die feëkoningin gebied: – Hier, hou jou bedelbak,  
die maak ek met diamante vol, onskuldig, helder soos  
die oog van dagoud kind wat weë van ons vroue troos,  
met reinheid skuld vergoed om luste van die lyf wat brak  
lê in die mond; robyne sal ek toevoeg, duiwebloed,  
kristal van lyfbrand, volmaakte teenbeeld van die helder een.  
'n Handvol droë blare uit die vlei bedek die gloed  
van duiwebloed, laat ewig seëvier die helder steen. –  
My bak met weelde het ek honderd jaar  
op jou gebod so bladbedek bewaar,  
my lewe lank, om beurte, rein en rooi  
voel brand die stene, kwistig uitgestrooi.  
Toe kom ek uit my droom — verdwaasde kind  
wat net 'n bak met droë blare vind.

Die holkrans is 'n vreemde ding: getrou herhaal  
dit wat mens teen hom inskreeu, elke klank; van self  
beweer dit niks, slaan nors terug wat sy gewelf  
versteur en skyn van lewe wek deur vreemde skal.  
Vir jare dring ek steeds gebiedend: Wie is ek?  
— ontvang dieselfde vraag terug; verdwaas en ru  
uit wanhoop teen die welwing roep ek: Wie is U?  
— net eie angste wat ek so tot lewe wek.  
Verlore pleit ek: Wie is ek en wie is U?  
Die kranse wat ek laag op laag deursoek, ek self  
is gans te vlak om tot U wese deur te delf.  
U hemel strak gespan en blou, staan hoog gerond  
oor my wat U wil soek met kennis van die grond.  
Genade Heer, verneem ek dan geen klank van U?

Die woord wat U bevat, waar vind ek hom?  
'n Woord is net maar klank wat heenwys, weg,  
na iets wat ek begryp, 'n klank verkneg,  
wat klink met waarde net wat uit my kom.  
Die woord is uit hom self vir ewig stom,  
verslaan met dat dit my verlaat, 'n sug  
wat steeds herbore word en eindloos vlug  
soos geure, blakend, wat in sonlig blom.  
Ek sit verdwaas, verlore om 'n Ding  
wat Alles is en in Sy Wese hou,  
die Onbeperkte, in te eng en nou  
in my begrip en in 'n woord te dwing.  
My armoed bedel klanke, oer en ru,  
om mee die juiste woord te klink vir U.

As ek die ruimste woord vir U moet klink,  
moet ek by mense, in vergeelde boek  
die juiste kennis, wetenskap gaan soek;  
ek moet die ruimte in waar sterre blink,  
aan wyses vra: Hoe in die oerbegin  
die bron van al wat lewe, stof, geslaan  
kon word uit niks, hoe lewe kon ontstaan  
en in atoom en sel die stof tot sin  
verbind in samespel, aan wyses vra:  
Wie maak die siel en weef dit in 'n sel  
om same, tot die einde ingeknel  
in bitterheid, die mens se vorm te dra?  
Wie maak die spierwit donderblits wat grof  
die siel tot lewe ruk uit droë stof?

- Die siel is blind en wat ons ken as siel is bloot  
net spanning, prikkelgolwe in die senustel  
waarmee die buitewêreld in ons voorhoof wel,  
daar blinde gange van die brein oopstoot,  
vir ewig spore laat waaruit bewussyn groei,  
die Ek, Persoonlikheid, my eie self wat maak  
dat flitse uit die stof die regte gange raak,  
as dade langs die spiere uit na buite vloei.  
Met suurstof word die brein, waarin ek woon, gevoed  
langs duister tunnelgange van die slagaarbloed.  
Deur wisseling van stowwe bly die lewensboog  
gespan, Persoonlikheid en Gees regeer, blom hoog  
in my. Dog sluit die suurstof af: die vorm ontbind,  
bewussyn stort verlep ineen, die siel sterf blind. -

- Jy vra my: Wat is Lewe? Wat die Dood?  
Reaksie net van stof teen stof, 'n spel  
van suur en eiwit in eenselfde sel  
gebind, waar talle selle in hul nood  
om te bestaan 'n vorm of lyf vertoon  
en elk 'n taak verrig. 'n Fyn  
geweefde net verwek die skyn  
van sielsbestaan wat in die voorhoof woon,  
vandaar die lewe dwing deur dit te wil.  
Sy donker tweeling, Dood, verskyn net waar  
die vreemde samespel so kil bedaar;  
die sel verspring sy band, die siel lê stil.  
Die Lewe: wil wat vorm kon vind.  
Die Dood is vorm tot stof ontbind. -

– Wat ons as lewe ken is net maar stof, nukleussuur en eiwit, ingekluit in selle waar die band hul bind om ewig na verval steeds weer dieselfde vorm te vind, hul voortbestaan met krag uit wisselinge aan te vuur. So innig saamgehuus in ewewig en vloeibaar, slyt hul teen mekaar, tot jeug en groei verval in ouderdom, maar voor ontbinding intree, wek hul jonger selle om met vaste vorm gebind te bly in wisselspel en stryd. En as hul self dan afgelewe, sonder drif en moeg die einde van hul gang bereik, die dun wand wat hul knel ontvlug, word hul opnuut, oneindig, na rus en kragherstel, gevang in jonger selle — gange wat hul af moet swoeg. — Die wyse gloei van trots om hy die lewe in 'n sel en durend in reaksie van die dooie stof kon knel.

– Die juiste kyk op die heelal is dat dit groei uit oerstof wat gestadig uit die niks voortvloei: een oomblik is daar niks, dan skielik is daar gas — waaruit? Onkundig bly ons in die duister tas. Die gas versprei hom verder as die mens kan meet, verskyn as skyf wat ewig draai, maar wie sal weet waarom? Sy wenteling laat swaartekrag ontstaan waaruit derduisend hemelstrate in 'n baan verdig; waar elkeen tol om eie as en om die ongesiene oord van hul verskyning, blom planete, aardes, sonne digter uit die kolke en draai drievoudig deur die ruimtes om en weg. Die Spil waaruit die heelal vlug, wat alles sameheg, bly ewig vir die mens verberg deur newelwolke. —

– Wat ons as heelal ken is net maar gasse, waterstof wat bandeloos vervloei het, nêrens deur 'n grens versper, 'n gasskyf wat gestadig draai, deur wentelinge ster en sterrestelsels laat verdig uit hom, verhit ontplof in skerwe as planete, aarde, om sy as verkil laat kring en met ontleende lig uit diepste ruimte skyn; of wat deur wisseling in eie hart die krag laat spil wat in atome skuil, selfliggend word, gesterk teen kwyn deur durend nuwe oergas op te neem, so ewewig behou in was en taan; tog eindelik aan ons sy lig onttrek, miljoene jare lig die ruimte ver inswerf waar mense-oog dit nimmermeer bereik en skynbaar sterf. Wat ons as heelal ken met flikkersterre uitgestraat, is deel net van 'n ruimte, ongemeet en sonder maat. —



Oneindig lank gelede, joggie in die vlei,  
was ek 'n god in eie reg en het beslis  
oor lewe, dood van gogga, voël, en akkedis;  
al wat my ryk ontbreek, maar self gevorm uit klei.  
Twaalf torre in 'n ry met garing aan hul been  
het ek met trek en swaai uit eie wil gedwing  
om snorrend op en af gevange rond te kring  
om my, — na willekeur my torre uitgeleen;  
die sterre, hemelstraat geken, my min gesteur  
aan hul wat draaiend leef, geleende lig ontvang,  
deur swaartekrag gedwing om in hul baan te hang  
en tog vir ewig vry die ruimte in wil beur.  
Verneder, laag het ek geval en moet ek snor  
om ster in hemelstraat, gevange soos 'n tor.

Ek soek 'n vaste kern waarom ek my kan heg:  
'n siel wat in my woon, wat Ek is, uit my as  
sal opstyg, voor U troon verskyn van stof ontlas,  
— 'n stut wat nooit sal sterf en teen verdelging veg;  
'n aardbol wat bewus geskep is met 'n doel,  
my tuiste waar ek in gebore word en woon,  
my lewe af leef, sterf en in sy skoot as loon  
omhul word, veilig in ontbinding toegewoel;  
heelal waar U met vaste wil aan perke stel  
die diepste buiteruimtes wat my met angste knel;  
'n Skepper wat ek in die verste hemelboog  
uiteindelik aanskou met heldersiene oog.  
Ek wil onsterflik wees, ek wil U eindlik sien,  
gestil tot siel en U as siel in stilte dien.

Daar is geen vaste kern, maar alles vloei,  
en nêrens is daar rus waar elke sel  
sy bou verbreek, opnuut sy vorm herstel  
dan weer verval en net maar skynbaar bloei;  
planeet en sterre tol verdig uit gas,  
vervlug al liggend eie kern en kwyn  
die ruimte in, of spat uiteen en skyn  
as duisend jare lig van vorm ontlas;  
in elke vorm verberg die dood sy drag,  
uit elke dood put nuwe lewe krag;  
daar is geen vorm wat ewig deur bestaan,  
net wenteling verwissel kom met gaan  
vir ewig. Opperwese, maak my vroed:  
Is U van self die Vormlose Vloed?



Ek sit so eensaam langs die stroom en kyk  
hoe alles wegvloei: dooie beeste wat  
met stywe bene dryf voor hout wat nat  
en log verbyrol tussen skuim en slyk.  
Ek sien hoe tye oor die bulte stroom,  
hoe elke dag verbydryf, met die nag  
wat volg verweef tot lig en donker vag  
en vaskleef soos 'n sinnelose droom.  
Ek sien hoe alles van hul self nie wis  
en in die oomblik dat hul word, reeds was;  
wat voorgaan en wat volg in my eers vas  
gewig word in die tyd, betekenis,  
want ek staan tussen toekoms en verlede:  
vir my onsigbaar, Tyd, vir ewig Hede.

'n Somber droom besoek my tent: Die vreemde land  
waar ek vertoef, verberg 'n ou kasteel oorgroei  
met rankgoed, wyl 'n grag die kale klip omvloei;  
die valbrug daal, die ysterpoort kraak oop, as pand  
van trou dat ek al honderd kamers af sal soek  
moet ek my siel uitlewer aan die gryse wag:  
– Jou vrae word deur wyses beurtelings betrag,  
in elke kamer een; die antwoord uit sy boek  
ontsluit die poort wat volg; gaan voort, jou vra is vry  
tot waar jy in die laaste kamer wysheid kry. –  
Die laaste poort het ek verslyt bereik, gevra:  
Waar vind ek U? Die holrug ryperd van die Dood  
staan daar en wag gelate om my weg te dra  
na waar U self U groot geheimenis ontbloot.

Vervaard en onbereid het ek gevlug  
terug die lewe in, al ylend langs  
die diepste wysheid heen gedryf deur angs.  
Die gryse wag ontvang my by die brug,  
oorhandig swyend my vergete siel:  
die ding herken ek nie; totaal verslyt  
en waardeloos vermolm, deur soek verniel,  
wou ek dit oor die harde burgmuur smyt;  
dit kleef my hande aan, 'n donker vlek  
wat in my vloei, verderf se muwe geur  
versprei tot ek my ingewande uit kon skeur  
en sterf daar op die godvergete plek.  
– Gaan heen — terug, net dwase sonder band  
verdwaal nog ooit uit eie kinderland. –

Hoe ver het ek gedwaal uit bande van my jeug!  
Ai God, uit skadus van die Boom van Kennis loop  
geen enkel pad terug na my fontein wat, oop  
en helder, vlei en veld omvloei met lewensvreug.  
My dwaalpad kring steeds dieper dieptes in waar ster  
op ster gedooft en koud steeds sinloos verder snel,  
waar alles ewig vloei, wegdy, tot ek ontstel  
ontdek hoe juis die Boom die pad na U versper.  
My siel swerf uit in hierdie ruim waar alles vloei,  
sweef oor die vloed en soek vergeefs in hoë swerk  
'n stut — 'n vaste punt wat in die vloeiing sterk  
en onverganklik staan. Geen tak het ooit gegroei  
aan hierdie Boom waarin ek afgemat kon vlug,  
g'n hout wat veilig oor die vloed kan dryf as brug.

Verdwaal en blinde vreemde in die nag,  
vol angs en afsku in die duister  
het ek gewaak, na hoefgeklop geluister  
waar uitgeteerde rydier wag,  
gewaan die onding bring 'n groue slot  
aan elke hoop wat skugter bot,  
en voor die poort waar laaste wysheid woon  
met dwase onbegrip gehoon.  
Hoe kon ek weet dat net die donker skim  
met my, wat afgeswerf en blind  
is, uit die lewe wegwys op kan klim  
na waar ek U uiteindlik vind?  
Ek wil beskut, getroos wees, veilig tuis  
en tydbevry by U aan huis.

Gejaagde swerwer, met 'n wilde krag  
wat rusteloos deur golf en deining ploeg  
van kus tot kus en met beskuimde boeg  
die kruin van branders skeur; so sonder slag  
kom ek die hawe ingespoel, my vrag  
uit elke hoek van U heelal gehaal  
nou waardeloos; my romp en ruim word kaal  
geplunder waar ek mat en willoos wag.  
Gedooft is drang en sug na vreemde lande;  
gemeer en windstil word my romp deur meeu  
en swawels klaaglik eindeloos omskreeu;  
ek lê verlaat en roes op eie strande  
met slap getou, verwaaide dek, — so stil  
my angs. Ek, lêë bak, wag op U wil.

### III. BRON

Ek soek toe by die kerkhof langs; daar staan  
'n naaldsipres en waghou oor 'n graf  
wat tussen ander hopies grond so saf  
en geil sy wortels voed. Bewoë gaan  
ek teen hom leun, omarm sy skurwe bas  
en vra hom: sê tog wie jou maker is?  
— 'n Vraag soos dié bring net bekommernis,  
'n dwaas is dit wat hom daarmee belas. —  
Maar aldeur wys die naald so strak omhoog  
en knik bedagsaam stadig in die wind;  
ek kyk en sien die helder bron, word blind  
geskroei, gewaar nog net die son se oog.  
Is dit wat wag op elkeen wat U soek?  
Verskriklik is die God wat so vervloek.

Nog nooit het ek die wind gesien, die ding wat voor  
my oë bome skuins laat hang, die stof opsweep  
in suile wat besete oor die vlaktes streep,  
deur blare fluister, ruis en sing tot in my oor.  
Hoe word dieselfde voedsel wat ek eet tot bloed  
omskep, die brein — wat uit eenselfde bron ontspring —  
gewek tot lewe om in heerskappy te dring  
deur been en spiere uit dieselfde stof gevoed?  
Wie het die saad so onbestand gemaak dat wind  
dit opraap, rondom saai, die bulte dig bevolk  
met nageslag terwyl die stamboom storm en wolk  
trotseer, bestending in eie saadkring vind?  
Maar omdat ek nie sien en omdat ek nie weet:  
Sal ek moet ophou glo en moet ek U vergeet?

Uit dieptes klim die golwe op wat swart  
uitrond, omhoog en wild versanding tart  
wat skuur en skuif in donker waterskoot  
tot witgekuifde drifte stuif en stoot  
op strand, langs hellings met getemde hart  
verstil tot duineveld vol stomme smart  
om onmag teen die land — soos koue lood  
en swaar — waaruit omwolkte kruin die dood  
met trappe daal en duine stuit met pluim  
van plante op hul kruin, dan nors en bloot  
die see insak, sy wilde lewe tart  
en rem tot branding vlek met fluim  
waar elke golf versand, verruis in skuim  
en elke strand wegkalf in see se ruim.

Die see staan op, geswel in vloed, en klots,  
weer tam terug vir ewig leeg, sy sand  
so blank geskuif langs some van die land  
waar swaartekrag uitbrand teen sand en rots.  
Uit hemelstraat word eindeloos deur wenteling  
opnuut planeet en ster gemaal wat liggend vlug  
die ruimtes in, en struik deur hul saad en vrug  
opnuut geslagte saad en struik te voorskyn bring.  
In onbestendigheid wat deur planeet en boom  
heenspoel, net vloed om vloed ontwil, het ek as mens  
gewaan die beeld van eie doem om ingetoom  
te klots, geslagte wat aangolf teen tyd se grens.  
Met dowwe oë, uit genade onverdien  
geheel deur U, kan ek my self nou sien.

Die maan weet nie dat hy gebonde om die aarde kring,  
dat wisseling van eb en vloed vir ewig uit hom klots,  
die see sien nooit sy ronding rusteloos teen strande bots  
of dat die maan beskuimde golwe uit sy vloeiing dwing;  
die bome blom en weet nie dat hul vrug die dwang  
van jaargetye is, die blomme weet nie dat hul trots  
die drang van sonbestraling is, en nooit vermoed die rots  
sy maagskap met die see waaroor die meeu skreeuend hang.  
Die sterre weet nie van hul glans, die oggend van sy fleur,  
die leeurik weet nie van sy sang, die tortel dat hy treur.  
Dis ek, net ek wat van geboorte weet en dood — so wrang.  
Die afgrond weet nie dat hy skeur, die leeu nie van sy krag,  
die pou nie dat jy pronk, dan sterf ten spyte van jou prag.  
Van my kan net die helfte sien, is helfte blind en bang.

Al bedelend het ek vereensaam U heelal deurkruis,  
geglo dat ek slegs ster en sterrestelsels sien vergaan  
in eindelose reeks wat sonder doel uit vaste baan  
verskiet en blind gemeen my stof sit kringend vasgekluis  
in nuttelos herbore word om dan te sterf; geruis  
van golwe in hul rustelose kring van kom en gaan  
deur vorm en skuim wat net maar bruis en raas, wek bitter waan  
van siele wat verlore immer deur geslagte suis.  
Maar diep in sien ek staan 'n ronding in die waters op  
wat dy en dein tot waterblad verdwyn in skuim en krul  
wat bruisend opstoot met 'n wilde vaart in sproei gehul,  
dog eer nog sand en rots die woede van die golwetop  
afklou en rem, raap speels die wind 'n vlokkie en hy klim  
daarmee bevry die hemel in tot oor die verste kim.

Die see lê tussen duine ingewoel;  
sy waters stuif al langs die bloupad uit,  
bring sand en sout wat met rivier en spruit  
oor krans en rots sy diepte toe wil spoel;  
maar telkens kom die maan so bleek en ruk  
sy deining op tot ruiters landwaarts snuif  
en vry, met winde in hul wilde kuif,  
wil spring oor duine wat weerbarstig buk.  
My siel lê in my weefsel vasgestik,  
met bitter brak van drome toegeslik,  
tot U my, witgeblom, genadig pluk  
uit vlok en skuim uit stolling los geruk.  
In eindelose woeling, siel en see,  
in onrus — tot ontbinding — vasgesmee.

Een donker nag so tussen slaap en waak  
al met die gladde nat strook langs die strand  
het ek geloop waar golwe dofwit brand,  
en dwingend aan die see gevra: wie maak  
jou onrus, waarom moet jy raas en spoel  
as ander mense slaap? — Die rotse en sand  
wat in my bodem rem, die wye land  
wat kranse om my span, het net een doel:  
om bros en stil te laat versteen en stol  
die vreemde brand wat in my golwe rol.  
Dis daarom dat ek langs die duine swerf,  
want drang van elders in my wil nie sterf.  
Ek stap jou golwe in, omhels my, broer —  
die tweeling van die siel wat in my roer!

Die troos van waters wat tot bulte styg  
deur ongetemde brand om hoog en trots  
die ruimtes in te stuiwe, eer hul klots  
opsteier, half verstik hul drif uithyg,  
die seevlak snuiwend kap dan wild neersyg  
met windgedryfde mane wyd oor rots  
en sand versproei, gestrem teen duine bots,  
deur strande ingehok dog nimmer swyg  
en sonder rus vir altyd siedend keer  
as golwe landwaarts, bleek en uitgeskuim  
weggly die dieptes in, herbore weer  
die stryd vervat getooi met nuwe pluim.  
Vertroosting wat nou voorgeslagte bring  
en in my hoog en mild soos golwe spring.

U het hier langs verby gegaan, net waar ek kyk  
staan spore van U gang: die kuile wat U vul,  
die kruin van berge wat U met die see omhul,  
die vaste orde van seisoene, vorm van slyk  
en druppels dou waar somers aan die grassaad pryk,  
graniet vergruis tot krummelstrand wat roer en woel,  
die see met sand bedwing waar golf uitbrand en spoel,  
die selle van my lyf waarin my lewe wyk.  
Ek sien U spore ewig in U skepping staan,  
net tekens wat die newels inkoers, hoë oord  
waar U in toef: spore maar, geen beeltenis!  
U troos my, swerwer, wat U eers met blindheid slaan  
dan rig tot waar geen oog wat leef die donker poort  
gewaar wat veilig lei in U geheimenis.

Ek moes die plaasfontein verlaat, U skepping in verdwaal,  
moes vastigheid in wetenskap voel wankel, net U vloed  
behou in ewig wat dring en klots tot in my bloed  
U boodskap skroeiend brand van muwwe stof wat aldeur maal  
in kringe van getye, doem om eindeloos herhaal  
te word totdat die drang na vorm versadig, uitgewoed  
verstil, my siel wat geen getye ken, bevry vir goed  
die eindigheid ontstyg wat alle stoflikheid omstraal.  
Ek moes die ruimtes in verdwaal en leer dat alle stof  
verganklik is asook my blinde deel, dat net my gees  
U hele skepping in hom self bevat en alles noem,  
juis daarom meer is as die stof, verhef is bo U doem  
wat in die dinge klop, dat ek verlos van vorm en vrees,  
versoen die donker poort betree, getroos kom in U hof.

In my kan ek nie sterf: ek soek na my,  
vind net in klanke vasgelê 'n naam;  
ek loop met al my voorgeslagte saam  
daarmee, al met die pad soos ons gely  
het, tot waar U in oerbegyn ons saamgeklei  
het; ek staan naak voor U en afgeval  
het roem van al my dade, voddens, al  
my trots; van my het net die klank gebly.  
Ek soek U aangesig, o Onbekende:  
vir U ook vind ek net 'n klank, en Heer  
word U genoem: die milde withaar vader!  
die is U nie; ons kan U net maar nader  
terwyl ons bid, gebroke glo U weer  
die kennis van ons af en sy ellende.

Waar dit sy las aan dooie hout, versuipte skaap  
die see instoot, het ek die stroom gevat, sy spoor  
gevolg waar watergras hom in die leegtes smoor,  
deur bosse waar sy wye draaie dryfgoed raap,  
by stede langs waar vragte vuil van mens en dier  
sy gang verdik, fabrieksriool hom giftig maak,  
deur vleie waar die broeivoëls in hul neste waak,  
tot in die vlakke waar sy reinheid seëvier.  
Die biesies oor hom stoot ek weg, ontbloot sy oog  
met kalm en diep in wolke aan die hemelboog.  
So stil soos U genade wel hy op en vloei  
die wye wêreld in waar alles smetloos bloei.  
Ek buig my oor die Bron en deur my beeld heen skyn  
die lug en wolke: U heelal verstil my pyn.

Genade, Here: tot op laas my gees van wal moet steek,  
die lang reis vat, laat sonder letsel dit my stof bewoon,  
dat as die dun vlies van die eeue in my oë breek,  
ek volbewus en gaaf my vorm kan aflê voor U troon;  
laat ek tot troos die langpad langs drie beelde met my voer:  
die laeveld, waar tussen struik en strooise lewe roer  
by volmaan, geil en hitsig; koud oor hoëveld en ver  
die harde winternag in, blank en rein die awendster;  
as derde Heer, ou Tafelberg, die ruwe skurwe rots  
wat nors die neweldeken van sy skouers skuif, met trots  
die woeling aan sy voet minag, en kalm oor golwe staar  
waar mense argeloos die waterstilte binnevaar.  
'n Laaste bede: As dan nog my dooie stof ontbind,  
laat my vir ewig hang by meeue in die suidewind.



RAMPAT († 1961):

## En Toe Bly Daar Agt

### 1.

Oolfantsklip — die jonger geslag sê mos teenswoordig Olifant — staan soos 'n swaar kolos en dommel teen die kranse van Kamola se wêreld. Oos van Jakkalskuil-se-berge, deur die yl bosse, kruip die sanderige pad suid en oos oor Kabian, al langs die Kamolariviertjie. Oral langs die pad is nog koolgate te sien soos die kolebranders vroeër kole gebrand het vir die Zaaiplaats tinmyntjie, sowat vyftien myl verderaan. Kolewaens langs hierdie eertydse wurgsandpad het dan ook die groot ou Olifantsklip in sy eeueslaap nie die minste gesteur nie.

Vorentoe is 'n lang skotige opdraande wat die ou verweerde vragmotor laat kook en snork. Eindelik is die vrag bo. Hiervandaan kry jy 'n pragtige uitsig op 'n groot komagtige vlakte met 'n reuse spitskop so byna in die middel. Pramkop! Aan hoeveel het jy nie al 'n droë glimlag van stille genot verskaf by die aanskou van jou vorm en die aanhoor van jou naam nie. So fris, so maagdelik! Dis asof die granse skraal sandwêreld hier al sy vrugbaarheid in jou uitgestort het. Pramkop! Jou naam word saggies geprewel deur oud en jonk, man en vrou, 'n towerwoord, om dan heuglike herinneringe op te wek om die eensame se eentonige pad te verkort, om dan opeens op te skrik asof uit 'n aangename, strelende droom. Hoeveel, vreemdeling en inwoner, het nie al in jou, Pramkop, die simbool gesien van jeugdige idealisme en vooruitstrewendheid van die jong ou Voortrekkerdistrik van Piet Potgietersrus nie! Hoe duidelik en helder omlyn staan jy daar soos 'n kamee afgeëts teen die helderblou skoongewaste morelug. Hoe fier en trots verpersoonlik jy, Pramkop, die gees en oorwinningsdrang, van 'n jeugdige en lewenskragtige geslag!

### 2.

Met swierige swenke en swaaie slinger die ou negentiensoveel se afgeleefde vragmotor op sy wankelgang, terwyl die hoog opgestapelde vrag dreigend oorhel na die kant toe — dan links, dan regs. Hierdie behendige kantelinge is dan ook bereken om die vrag se ewewig te herstel, terwyl die twee opgeskote seuns agterop met alle mag aan weers-



kante beur om te keer dat die skuiwende vrag nie stuk-stuk verloor nie. Binne die tent van die vragmotor sit vader en moeder en twee dogters. Dis maar taamlik beknop, sodat die oudste dogter met haar linkerarm die deur hou-vas wat half oop gehou word. Agterop, eenkant in 'n hoek, teenaan die vrag, is 'n leuningstoel vasgemaak. Hier sit 'n verskrompelde grysaard en bekyk met belangstelling die wêreld aan sy kant van die pad. Voor hom, teenaan sy voete, lê 'n plaashond.

Niemand praat nie. Dis asof die gemoedere net so swaar en onvas is as die ou vragmotor op sy slingergang. Selfs die paar hoenders bo-op die vrag het lankal reeds hulle gekekkel en gekok-kok-kok-kôök gestaak.

Skielik swaai die vragmotor regsweg om 'n gat in die pad te vermy en die hoenderhok tuimel van bo af. Nou moet daar eers stilgehou word. Almal klim haastig af en rek in die gouigheid die stramme ledemate voordat aandag aan die verongelukte hoenderhok gegee word. Wagter spring ook af; net Oupatjie bly sit.

— Ai, maar Pa ry nog windmakerig, nè! — Dis Johannes, die tweede seun maar die derde oudste, wat sy pa so op-gewek aanprys.

— Ja, die pad is ook so uitgery en verrinneweer deur gister se donderbuie. — Oom Bêrend glimlag droogweg. Intussen het Moeder al die hoenderhok reggedraai en is besig om haar henne te paai.

— Die stomme goed het so geskrik dat hulle nou heel-temal van die lê af sal wees. Oubaas laai julle ook so sonder seremonie af, nè, my kiepies. — Jan, die oudste seun en vier jaar jonger as ousus Maria, kom Moeder te hulp. Hy duik die sifdraad weer uit waar dit met die val ingedruk is en maak die waterblik ook weer reg vas in die hok.

— Man, sal ons nie maar eers hier 'n bietjie blaas nie? Ons moet tog ons vere ook regskud na die lang tog. — Moeder is besorg oor haar hoendertjies.

— Nee, Vrou; hier voor om die draai is die Galakween-brug; daar kan ons 'n bietjie vertoef en asem skep. Ek wil die ou wa daar somer vol water gooi ook; die ou dier kook die laaste paar myl al soos 'n ketel.

Hier en daar word 'n meubelstuk en kas reggeskuif, die hoenderhok word weer opgelaai en die hele vrag stewig vasgewoel. 'n Myl of wat verderea kom die trek by die Galakweenbrug. Almal spring af. Oupatjie word afgehelp.

By die water bokant die brug is 'n klompie meide met glimmende lywe besig om hulle te was. Eenkant by 'n rookvuurtjie sit 'n naturel. Hy staan op en nader oom Bêrend.

— Dag my baas.

— So, my jong. En waar gaan jy heen?

— Ek hy gaan daar by Piepiero, my baas. Ja my baas.

— O so? Dorp toe, nè?

— Ja Baas, ek gaan daar by die drôp; ek soek hom die werk, my baas.

Stilte.

Weer stilte. Oom Bêrend stop sy pyp.

— Maar die baas ek ken vir hom.

— En vanwaar ken jy my, my jong?

— Dis mos die baas Bêrend Horring wat gebly hierbo by die berg by baas Lewies. Maar ekke vra die baas om te saamry daar by die drôp. —

Johannes het die gesprek staan en aanluister en bied ook somer aan:

— Ja Pa, laat hom maar saamry, dan kan hy aan my kant staan en die vrag help vashou. Kom outatjie, klim op. —

— Nou ja, Hannes, wys jy en Jan hom maar waar hy kan staan. Kom vrou, klim julle in, Johannesburg lê nog ver. Jan, kom ons help Oupatjie weer op. Kom Pa. —

Met merkbare traagheid kom die familietjie nader, traag om die plaaslewe te verlaat. Johannes en Susan, die jongste, staan nog eers eenkant en fluister. Dis duidelik dat Hannes voorgestoot word om oom Bêrend te pols.

— Pa, watter pad vat ons? Kan ons nie maar die Vlake se pad oor Roedtan en Tuinplaas vat nie? —

— En hoekom dan so 'n draai, Hannes? —

— Ag Pa — val Sannie in die rede — dan gaan ons cers by die Besters aan; dan kan ek nog vir oulaas vir Lena groet. —

— Wat sê jy, Vrou?

— Ek wonder. Wat van oor Naboom en Nylstroom? Dis tog bergewêreld? —

Jan kom nader nadat hy die kap oor die verkoeler weer toegeklap en vasgehak het.

— Het dit nie dalk laasnag op die Vlake ook gereent nie? Daar gaan ons sekerlik in die turf bly sit. —

— Vader? — vra oom Bêrend en wend hom na Oupatjie.

— Die berge Bêrend, die berge! Vir oulaas! —

Oupatjie se dun, bewerige stemmetjie is al klaar vol heimwee en kwalik onderdrukte weemoed. Dit laat oom Bêrend dadelik besluit:

— Nou ja, oor Naboom! Maar eers in Potgieter stilhou vir koffie. Klim! Spring Wagter!

Op eenselfde gang slinger die trekkie deur Potgietersrus, deur Naboomspruit en Nylstroom, al langs die Waterberge af Johannesburg toe. Hoe verder hoe swaarder word Jan se gemoed. Hierdie kind van die veld kan maar nie van sy geliefde berg- en boswêreld afsien nie. Met geweld moet hy hom losskeur. Ook vir Oupa voel dit asof 'n ou boom in die winter verplant word.

### 3.

Buyskop! Soos 'n reusagtige paddastoel wat plotseling oornag tot volwassenheid opgespring het, doen Buyskop in die verte op. Eensame wagter oor die Springbokvlakte, staan hy daar soos 'n groot, swaar baken wat die skeidingslyn aanwys tussen berg en vlakte. Jan se hart klop geweldig en onstuimig by die aansien van hierdie bekende en vir hom so geliefde natuurwonder. Wanneer sien ek jou weer, ou Buyskop? Wanneer? Hy beleef 'n gewelddadige opwelling van verlange en heimwee as die kranse en klowe van Buyskop al duideliker word en as 't ware die dynserige kleed aflê en hom vertoon in al sy wasige glorie en eensame verlatenheid; fors en kragtig! As hy tog maar altyddeur sy ou Buyskop in gesig kan hê, dan sal dit hierdie eers vae maar dan sterker kloppende onrus in sy hart kan stil. Ver in die verte, tot waar dit vervaag teen die horison, gehul in 'n dynserige waas, lê die Springbokvlakte en bak in die milde middagson. Vrugbare, lewegewende aarde! Met sterker groeiende beswaring sien Jan hoe die uitsig op ou Buyskop telkens versper word deur verbyskuiwende rante. Dan, skielik, slinger die trek dieper die heuwels in en 'n reeks koppe links belemmer die uitsig. Eindelik sien hy hom glad nie meer nie.

### 4.

Voordat die pad die Waterberge verlaat en met 'n lang, steil afdraande afdaal Warmbad toe, vorm die lae bergreeks as 't ware 'n rand. Op hierdie rand, onder 'n groot huilboom, staan die vragmotor nou, vlak teen die grootpad Op aandrang van Moeder en Jan en Oupa het oom Bêrend

besluit om hier te oornag. Moeder, omdat sy met huiwering en 'n bang hart die toekoms instaar en hier eers tot besinning en berusting wil kom. Jan, omdat hy eers afskeid wil neem van sy geliefde veld, om vir oulaas sterkte te put vir 'n onaangename taak. Vir Oupatjie, omdat hy voel hy word hulpeloos meegesleur deur onbekende magte; in sy magtelosheid wil hy hom hier aan die ou huilboom vasanker. Oom Bêrend is ook stil. Sy worsteling is al verby toe hy voor die onvermydelike moes swig en besluit het om die familie se heil te soek aan die Rand. Net Hannes en Susan sien uit na die romanse van die Rand. Vir hulle jeugdige gemoed sal Johannesburg hulle stoutste verwagting vervul. O! Wat 'n sprokieswêreld! Wat 'n towerland! Heerlike land van verwesenlikte drome! Hulle gesels dan ook opgewek om die kampvuur. Oupa lê eenkant naby die vuur onder 'n seiltjie wat oor pale en stutte gespan is as beskerming teen wind en reën. Wagter lê by Oupa se voete en dreig kort-kort om die donker in te storm. Kleinbooi sit eenkant by sy eie vuurtjie sy skene en braai. Hy het om Bêrend oorgehaal om hom saam te neem Johannesburg toe, "want die nooi moet tog die kaffer hê om te kap die hout en te maak die vuur." Johannesburg is vir hom die Eldorado waar elke jong in 'n ommesientjie genoeg geld bymekaar maak om soos 'n lord terug te keer en die plaasvolk te verblind met sy tsotsi-hoed, koperraam bril en bontleer skoene en om met 'n gebaar van grootmoedige tegemoetkoming sy wittand, blinkoog bruid te lobola uit die hand van 'n hardvotige vader. Maria, die oudste dogter, al heeldag stil en ingetoë, sit ook langs die vuurtjie, besig met haar eie gedagtes. Ook vir haar bied Johannesburg 'n nuwe lewe, maar nie van romanse nie. Haar ongelukkige en verongelukte huwelik het haar verbitter. Na haar egskeiding het die jongmense haar al hoe meer vermy en dit het haar aanvanklik baie leed veroorsaak. Later het sy moedeloos geword en eindelijk verbitter geraak teen almal en die lewe oor die algemeen. So is dit dan dat hierdie aand vir elkeen van die klein geselskappie van besondere betekenis was.

\* \* \*

Ete om die kampvuur het nog altyd Susan se verbeelding geprikkel. Met rooster en braaispit sorg sy dat die skaapribbetjies geurig gebraai word op die kole. Daar word nie veel gepraat nie; na die lang trek is almal rasend honger en gretig word die braairibbetjies en droë brood verslind.

Eenkant lê Wagter met kwylende bek. Kleinbooi se phutu is ook al gaar. Hy tel die driebeenpotjie af en in die omgekeerde deksel word 'n milde porsie pap geskep om stoom af te blaas. Eerbiedig nader hy die kampvuur, opgefrommelde hoed onder die arm vasgeknyp en hande bak gehou:

— Ek vra die shêba, my Nooi. —

— Ag, Sannie, gee tog vir Kleinbooi die vleis wat oorgebly het. Daar in die kosblik is nog 'n stukkie koeuvleis, gee dit ook vir hom. Agter op die trok, in daardie oop kas moet 'n leë blik wees vir Kleinbooi se koffie. Kleinbooi, jy moet sorg dat Wagter ook 'n stukkie vleis en van jou pap kry. —

Die Boervrou is in haar element as sy kan troetel, voed en versorg. Oupatjie het maar net so effens gepeusel aan 'n sappige ribbetjie en toe die grootste deel na Wagter toe gegooi. Met helder, blink oë lê hy nou en staar in die skarlakenrooi van die flikkerende vuur. 'n Helder gloed slaan uit op sy verskroeiende wangbene asof dit die glans van die vlamme weerkaats.

Oom Bêrend stop sy pyp en met 'n brandende houtjie uit die vuur steek hy dit aan en leun dan behaaglik agteroor teen die boomstam.

— Het jy al daarvoor nagedink, Jan, wat jy gaan aanvang in Johannesburg?

— Ek weet nie, Pa. Vir kantoorwerk het ek geen trek nie, en vir 'n ambag is ek nie opgelei nie. Wat dink Pa? —

— Wat van die myne? Ek self is nog gesond en sterk, maar seker nie meer jonk genoeg vir daardie soort werk nie. Ek gaan in elk geval probeer. Vir jou sal hulle met ope arms ontvang. — Vraend kyk oom Bêrend Jan aan. Jan skuif onseker en kriewelrig rond, maar met merkbare inspanning dwing hy sy dwalende gedagtes vanuit die omringende duister terug na die gesprek:

— Ek weet nie so reg nie, Pa. Ek sal maar seker by een van die myne probeer. As Pa so dink. Voorlopig tot . . . —

— Tog nie in die myne af nie, kind — pleit Moeder, — tog nie in die myne nie. Daar gaan jy 'n gewisse dood tege moet. Jy wat so lief is vir die plaaslewe moet nou in 'n gat gaan afkruip! Ondenkbaar! Dink tog liewers aan iets anders. —

Susan, die opregte, die warmhartige en impulsiewe is dadelik gereed om vir Jan die wapens op te neem:

— Dis daardie nare oom Lewies se skuld dat Jan nou hier sit. Ons was so gelukkig op Amandelhoogte. Oom

Lewies kon maklik nog vir Jan ook geneem het. Maar nou is Klein Lewies mos rus die baas vandat hy van die landbouskool terug is. —

— Nee Susan, dis nie regverdig nie — vermaan oom Bêrend,— Klein Lewies is sy pa se enigste seun en erfgenaam en hy is volkome reg waar hy beweer dat Amandel-hoogte te min landgrond het vir twee boere. Dan ook is die plek baie verwoes deur oorstrominge die passeerde jaar. —

— Ja — sug Moeder — dis wat Jan ook moes gedoen het, landbouskool toe. —

Hannes is die optimis van die familie, die ondempbare, en lughartige:

— Nee wat, ou Jan, ek sê soos Pa, die myne is die plek vir jou; geld soos bossies. Wat sê jy, Ousus? —

Hannes vryf sy hande van genot en lag opgewek. Maria was heeldag stil en afgetrokke en het haar dusver nog nie sáám met die gesin gevoel nie. Haar antwoord weerspieël dan ook haar gemoedstoestand. Gevoelvol en byna driftig antwoord sy:

— Vir Ouboet sal dit seker 'n afwisseling wees as hy hom daar gou kan aanpas. Ek hoop so. Vir my is dit 'n ware verlossing van die eenselwige plaaslewe waar almal vir almal ken. Soos vandag is, so is more, oormore, die hele jaar! Ek gaan seker 'n ander lewe lei in Johannesburg, ek gaan 'n gans ander mens wees! —

Stomme Maria! Asof “ander mens wees” jou bokant jouself kan verhef. Asof “ander mens wees” jou probleme kan uitwis soos 'n verkeerde som van 'n lei uitgevee word.

## 5.

Intussen het Kleinbooi die bietjie skottelgoed klaar gewas en weggepak. Nou sit hy hom en verkyk aan die ligstrepe wat motors van Warmbad af teen die steil opdraande uit die lug inskiet. Die aand is nog jonk en dis die begin van die naweek. Motoriste van die Rand en Pretoria ry nou streepstreep en karavaansgewyse die Warmbadse berge uit. Die kampie is só na aan die rand van die afdraande dat die meeste motoriste met die versnelling en oorskakeling na die swaar hoogte dit glad nie opmerk nie. Af en toe seil 'n plattelandse motor gladweg en met 'n strelende geruis die afdraande af Warmbad se kant toe. So onder die gesels sien almal om die kampvuur darem wat in die pad aangaan.



Almal hou die ligstrepe dop. Te oordele na die baie ligstrepe nou in die donker lug was daar seker nou so vier, vyf motors op mekaar se hakke naby die kruin van die hoogte. Op 'n bondel kom twee motors dan ook tegelyk die hoogte uit met die ander kort op hulle hakke. Terselfdertyd nader twee ander motors die afdraande van die teenoorgestelde rigting, sodat daar 'n onheilspellende verwarring onder die motoriste ontstaan. Die groepie om die kampvuur spring verskrik op, want 'n botsing lyk onvermydelik. Susan gee 'n gedempte gil en Hannes skreeu: „Pas op!” Met dié vlieg Wagter op en storm op een van die motors in die bondel af en beland onder die wiele. Skielik verdwyn die verwar-ring, die knoop word ontwar soos deur 'n towerhand en die motors verdwyn om die draai die berge in en oor die rand van die afdraande. Stil en verlate is die pad weer. Net Wagter bly daar lê. Almal snel daarheen. Versigtig word hy op 'n oopgesnyde sak geplaas en vuur toe gedra.

— Is hy dood, Pa? — Susan se stem is vol medelye en pyn.

— Nee, my kind, maar ek glo nie hy sal leef nie; dit lyk my sy rug is af. —

— Arm stom ding dier, — mompel Kleinbooi met sy hoed krampagtig in albei hande vasgeklou.

Jan streel die ou logge groot kop met die een hand, ter-wyl hy 'n growwe voorpoot in die ander hand vashou. Wag-ter kyk hom smekend aan en kwispel so effens met die ou stert. Nog 'n laaste diep asemtrek, nog 'n laaste tikkie met die stert en die bruin oë verstyf en verglaas. 'n Paar skor droë snikke; vogtige oë wat onbeskaamd afgedroog word is die laaste opregte huldeblyke aan 'n getroue dier en geliefde vriend. Weg van die kampvuur af, eenkant, onder 'n eensame sekelbos, verrys dié nag 'n hopie vars, klam aarde.

## 6.

Swaar en swart hang die nag om die laertjie. Helder en skerp skitter die sterre in die donker firmament. Is daar ook lewe op daardie verre wêrelde, wonder Jan, wat nog steeds wakker lê. Is dáár ook pyn, verdriet en afskeid?

Die donkerte het vannag 'n wonderlike bekering vir Jan, hier waar hy teenaan Oupajan lê. Dis of die geheimsinnige duister en winkende sterre sy gedagtes en emosies wegvoer na 'n ander wêreld waar hy alleenlik nog vaagweg bewus is van die naweë van pyn en verdriet. Soete, strelende smart. 'n Golf van vervaging wat Jan se sinne bedwelms, spoel oor hom. Die sterre wink dowwer. Jan slaap.

'n Skerp, venyninge stamp met 'n puntige elmboog wek Jan ru uit die slaap. Oupajan roep na hom:

— Jan. Jan! Roep jou ma, ek voel baie sleg. —

Haastig word die stormlamp opgesteek en omhoog gelig, sodat die lig helder op Oupa se gesig val. Wat Jan meteens opmerk, ontstel hom hewig. Hy slof sy skoene los aan en gaan Moeder roep. Oom Bêrend is nou ook wakker en met angs in die oë kyk hy en Moeder mekaar aan. Die hoë g'ioed op die gelaat en die helder, blink oë verraaï dadelik Oupa se toestand aan geofende oë. Inflammasie!

— My man, dis ernstig. Jy moet dadelik inry Warmbad toe vir 'n dokter. Of wag, laat Jan ry, bly jy hier by my. —

Terwyl Jan gereed maak om met die vragmotor in te ry, word Oupa se bed reggetrek sodat hy 'n leunende posisie inneem.

— Jan, ou seun, nou haastig maak, hoor; wees tog net versigtig vir onnodige ongelukke. Verneem maar waar die polisie is, hulle sal jou na die naaste dokter kan beduie. —

Noudat Oupa gemakliker lê en goed toegewoel is kan sy simptome rustiger waargeneem word. Hy het 'n hoë koors, die asem jaag en die neusvleuels is wyd oopgesper. Moeder neem die linkerpols in haar hand. Die hart klop gevaarlik vinnig en onreëlmstig.

— Vrou, wat kan ek doen om te help? — Oom Bêrend voel ál in die pad omdat hy so hulpeloos moet staan en toekyk.

— Niks nie, my man. Vereers kan ons niks doen nie. Ons is nie ingerig vir siekte op die pad nie. Ons kan maar net bid dat die dokter gou kom. —

Oupa word rusteloos en swaai sy arms wild onder die komberse uit. Hy hyg na asem.

— Wag, Martha, maak bietjie oop, ek versmoor. Ek kry te warm; ek is aan die brand! —

Na anderhalf uur daag die dokter op. Hy het ook net 'n jas oor sy slaapklere aan. Nou word Oupa deeglik ondersoek: koors, pols, hartklop en asemhaling word getcets, klop-klop-klop op die bors en rug vir die longe; weer die hartklop en dan weer die longe. Teen hierdie tyd is die hele laertjie wakker en op die been. Almal wag met ingehoue asem op die dokter. Hy neem oom Bêrend en Moeder eenkant toe.

— Wel, ek meen hy het longontsteking. Die oubaas se koors is hoog en die hart nie meer so jonk nie. As die hart



nie beswyk nie het hy 'n geringe kans om deur te kom, maar ek vrees vir die ergste. Ek sal hom 'n inspuiting gee wat hom behoort te kalmeer. Ek kom moreoggend so teen negeuur weer. Laat my maar dadelik haal as hy intussen slegter word —

Die kampvuur flikker weer op en die gesprek word op gedempte toon gevoer. Oupa is nou rustiger, maar aan sy slape kan gemerk word hoe vinnig en geweldig die hart nog klop. Die geselskap om die vuur staan kort-kort vol medelye na Oupa se kant toe. As dit tog maar wil lig word; dit voel of die donker so knel, of dit 'n mens so hulpeloos maak. Teen drieur roep Oupa met 'n flou stemmetjie:

— Bêrend, Martha, kinders, kom hier. —

— Pa, moenie praat nie, dit sal Pa net vermoei, — probeer Moeder nog stilmaak.

— Dis klaar met my . . . ek voel . . . my kragte . . . afneem . . . mens kan nie . . . ou boom . . . verplant . . . nie . . . maar goed so . . . hier agter bly . . . in die berge . . . só moeg. —

Haastig het die kinders ook nader gekom en hulle om Oupa se kampie geskaar. Oupa is bleek en die ou oë nou dof en afgemat. Lam en slap lê die verrimpelde en blou-geaarde hande bo die komberse. Met moeite en inspanning word die paar woorde uitgestoot. Die asem word vlakker en die hart klop al hoe flouer, en stadig sak die ooglede toe. Oom Bêrend is op die punt om Jan weer agter die dokter aan te stuur, maar Oupa se geprewel laat hom by die bedjie kniel om duideliker te kan hoor.

— Ou boom verplant . . . my berge . . . Wagter vooruit . . . —

Byna leweloos staan hy oom Bêrend weer aan. Dan breek die lig in die oë, die asemhaling hou op en Oupajan is nie meer nie. Nog 'n hopie vars, klam aarde verrys dié naweek in Warmbad se wêreld. JAN GABRIEL HORN, staan uitgebrand op 'n stuk gladgeskaafde plank wat dien as grafsteen.

## 8.

Dis Sondagaand na die begrafnis. Om die kampvuur onder die huilboom is dit stil. Niemand het eintlik lus vir gesels nie. Vir almal voel dit of hulle aan die einde van 'n uitputtende skof gekom het wat hulle lamgeslaan het. Die komberse word vroeg opgesoek; môre met sonuit moet die trek verder.

Nog lank lê Maria wakker en peins oor die lewe wat ook sy op die plaas moes afgee. Waarom is dit dan dat Oupa se dood haar nie so diep getref het soos die dood van haar klein Attie nie? Watter geheim lê agter die dood? Watter misterie is daar in die lewe? Vir die eerste keer in baie maande voel dit vir Maria of sy die lewe afsydig kan betrag. Is dit maar net 'n nuwe fase as gevolg van skok oor die onverwagte dood van Oupa, wonder sy, of is dit werklik 'n keerpunt in haar gemoedslewe?

Met die eerste skemering is Jan al op en skud Kleinbooi wakker om vuur te maak. Na sy eerste koppie koffie is dit helder lig en begin die oosterhorison al rooi kleur. 'n Nuwe dag, 'n nuwe wonder! Elke sonsopkoms hou vir Jan 'n nuwe betowering in. Stil staan hy op en verdwyn die bosse in. Oral roep die natuur hom toe. Vanaf die kruin van 'n nabygeleë koppie wag hy die son in. In die verte hoor hy die klank van tokkende beesklokke en die treurige, eentonige geskreeu van 'n boskraai met sy lang, geelgeboë snawel. Dan drink hy die helende atmosfeer van hierdie berg- en boswêreld met diep teue in. Dan, met 'n deurdrenkte gemoed, stap hy langsaam terug kamp toe. Vaarwel berge, vaarwel bosse, vaarwel! Julle ou kwêse- en boskraaie en katlagters, vaarwel; Ou rooibos en jy, ou hardekoel, wanneer sal ek weer met julle vuur maak? Ou geelsering en boekenhout, vaarwel julle, vaarwel! Hier in sy geliefde veld is Jan tuis, hier ken hy elke boom, elke bossie, elke blaar. Van hulle almal moet hy nou afskeid neem, van elke boom, elke bos, elke blaar.

Hoe nader hy aan die kamp kom, hoe heftiger en smekender klink hierdie refrein op in sy hart: elke boom, elke bos, elke blaar! Met elke tree, met elke polsslag roep sy veld hom vaarwel toe: Vaarwel! vaarwel! Elke boom, elke bos, elke blaar! En waar hy weer agter op die vragmotor op Oupajan se plek sit en sien hoe die vlakke hom weerskante van die pad uitstrek en agtertoe terugskuiwe, dan is dit of die naklanke van die refrein pleitend op die dynserige lug aangedra kom: Elke boom, elke bos, elke blaar. Eers luid en klaend, dan berustend en vol heimwee: elke boom . . . elke bos . . . elke blaar.\*

\* Weens die afsterwe van die skrywer het die beplande roman nie verder gevorder as die eerste hoofstuk nie.

P. W. BUYS:

## Unio mystica

*Gister kon ek van bladsy een tot tien  
— die Nagmaalsformulier het suiwer taal  
wat elke lydensfeit presies verhaal —  
die aangesig van Jesus nêrens sien.*

*Toe ek die sakrament oplaas bedien,  
die spierwit brood verbreek, die drinkbokaal  
ophef, die konsekrasiewoord herhaal,  
het ek die loon van die verraad verdien.*

*Maar by die werkbank waar ek nou ontspan,  
die saag en speekskaaf in my handpalm brand,  
sien ek meteen 'n onmiskenbre prent*

*van sy gelaat — ook Hy was timmerman!  
Nou word die hout en kruispen in my hand  
die substantiewe van 'n sakrament.*

ABRAHAM FOUCHÉ:

## Die Kunstenaar en Modernistiese Kuns

“Nooit was die kunst zoo populair! Nooit waren er zóó veel artistieke menschen op de wereld! Nooit is de boodschap der kunst doorgedrongen tot zóó uitgebreide kringen der samenleving. Nooit hebben zóó veel menschen schilderijen gezien; nooit is er zóó veel over tooneel en litteratuur gepraat; nooit is er zóó veel boeken verslonden. Nooit is van kunst zooveel gewag gemaakt. En nooit bevatte Europa zooveel schilderende, schrijvende en musiceerende lieden . . .” skryf Just Havelaar in 1917 van die destydse toestand in Europa, wat eweneens van toepassing vandag op Suid-Afrika is.

Laat ons, ten einde 'n beter begrip te bekom van die kousale faktore betrokke by die ontstaan van moderne kuns, eers 'n beskrywing gee van die introverte tipe mens waarvan dié “schilderende, schrijvende en musiceerende lieden” van Just Havelaar — met ander woorde kunstenaars — gewoonlik behoort:

Die hele lewe van die introvert is volgens subjektiewe faktore ingerig. — Soos ons weet is 'n subjektiewe faktor 'n psigiese werking of nawerking wat, verenig met die uitwerking van die voorwerp op die individu, 'n psigiese werklikheid daarstel.

Die introvert sien dan alles in die lewe deur 'n subjektiewe bril aan, en kan daardeur nooit die voorwerp in sy klare, objektiewe gestaltenis waarneem nie. Hy kan wel die werklike toestand van sake insien maar laat nietemin die subjektiewe faktore die deurslag in sy beslissinge gee.

Die groep onbewuste, dit wil sê, die onbewuste wat die mensdom in sy geheel eie is, word in die bewuste openbaar as 'n bepaalde manier om sake te beskou.

By die introvert is die subjektiewe neiging van sy idees sterker as die objektiewe invloed, omdat psigiese waardes by hom die hoogste tel. Bygevolge word hulle stempel diep afgedruk op al die indrukke wat hy ontvang. Hy kan dit dus nooit insien dat die voorwerp — en nie die onderwerp — die beslissende faktor in die gedrag van die mens behoort te wees nie. Ewe min kan die ekstrovert dit begryp hoe 'n

subjektiewe standpunt beter kan wees as 'n objektiewe; hy beskou gevolglik die introvert — op sy sagste uitgedruk — as 'n baie sonderlinge mens.

Die twee tipes kan daarom gewoonlik nie mekaar begryp en waardeer nie.

Vanweë die gebrekkige standpunt wat die introvert inneem ten opsigte van die voorwerp laat 'n tegemoetkomendheid in sy houding tot die voorwerp hom in sy onbewuste geld. Hierdie houding laat hom gevolglik as 'n onvoorwaardelike en ononderdrukbare afhanklikheid van die voorwerp voel.

Hoe meer die introverte gees dan daarna streef om onafhanklikheid, meerwaardigheid en bevryding van verpligtings te verkry, hoe meer raak dit in 'n net van uiterlike voorwerpe verstriek. Sy aansien daal bygevolge in die oë van die publiek, sy morele meerwaardigheidsgevoel beland hom in die moeras van minderwaardige verhoudings en sy begeerte om te domineer eindig in 'n jammerlike gesmag om bemin te word.

Die geslinger tussen die subjektiewe en objektiewe houdings van die introvert veroorsaak 'n gebrokenheid van sy ego, die fragmente waarvan ons dan in sy skilderwerk her-saamgestel vind.

Hoewel hy die voorwerp bewustelik geringskat, kan dit darem vir hom 'n angswekkende gesteltenis aanneem. Dink in die verband maar net aan die verskriklike nagmerriefigure wat deur Picasso, Dali en hulle geesgenote geskilder of deur Epstein, Brancusi of Archipenko uitgebeitel word.

Dan word hoofdoel van die bewuste 'n oriëntasie teenoor die uiterlike voorwerp; dit word op so 'n wyse gedoen dat dit die ineenstorting van sy magsillusie ten gevolge het. Daarop dissosieer die introvert hom dan heeltemal van die uiterlike voorwerp, en vermors sy energie in verdedigingsmaatreëls, of wend anders vrugtelose pogings aan om sy wil daarop af te druk — pogings wat gedurigdeur verydel word deur die oorvloedige indrukke wat ny van die uiterlike voorwerpe ontvang. Dit kos hom 'n onafgebroke innerlike stryd om hom enigermate te handhaaf. Daarom is dit dat hierdie tipe persoon nie slegs oorgevoelig is nie maar ook so gou uitgeput raak. Want in sy onbewuste word 'n gedurige stryd gevoer tussen sy magstrewe en die skrikgedrogtige uiterlike voorwerp. Hy is dan ook nouliks van

die vrees bevry dat kwade dinge hom in die lewe sal oorval. Want uiterlike voorwerpe word deur sy onbewuste as vrees-aanjaende gedaantes aan gevoel, hoewel hy nie daarvan kennis in sy bewuste besit nie.

Daar sy bewuste houding teenoor die uiterlike voorwerp slegs gedeeltelik tot uiting kom, soek en vind dit uiting deur middel van die onbewuste, alwaar dit met al die eienskappe van die onbewuste belas word — eienskappe wat hoofsaaklik infantiel en archaïes is. Sy houding teenoor die uiterlike voorwerp word dan ook primitief.

Dit neem al die besonderhede aan waardeur 'n primitiewe voorwerp-verhouding gekenmerk word. Uiterlike voorwerpe neem towerkragte aan. Bygevolge vervul 'n verlange sy hart om alle lewenswerklikhede te ontvlug. Sy denke is allereers deur subjektiewe faktore gekleur, waardeur sy oordeel dan ook vasgelê word.

Hy openbaar daarop die laakbare neiging om feite in die vorm van die beeld wat hy daarvan gevorm het, in te dwing of om hulle heeltemal te negeer: Dit is die neiging wat veral in die kubistiese kunswerke van Picasso en ander kubiste tot uiting kom, waar die beelde na willekeur deur die kunstenaar verdraai en verwronge voorgestel of heeltemal verloën word. Daar geld dit dan as sterk individualistiese werk. Langenhoven het dit malkuns genoem.

Die subjektiewe mag wat van sulke kunswerke uitgaan, is in hoë graad oortuigend. Hoe verder dit van uiterlike feite verwyder is, hoe oortuigender is dit. Want dit kom voor as mistieke denke. Die onkenbare word as kenbaar voorgestel. Dit oortuig omdat dit as magiese feit daargestel word; omdat dit 'n stem is wat uit die algemeen menslike, die groepsbewuste, opklink.

Introverte intuïsie kan die agtergrondprosesse van die onbewuste net so helder waarneem as wat die ekstroverte waarneming dit met uiterlike voorwerpe kan doen. Die psigiese beeld is vir die introvert werklikheid. Sy kunsuitinge wat uit 'n onbewuste dispoisies spruit, ontvang reeds by hulle bron vrystelling van enige objektiewe invloed. Daarom dan ook dat sommige abstrakte kunswerke so oortuigend is.

Dit geluk die vroulike introvert dikwels om die voorwerp in 'n mate tot onderwerping te bring deur haar hartstogte in intieme poëtiese vorm te giet. Haar kinders, eggenoot of beminde dien dan as haar operasieterrein.



As die introverte mens nie bestaan het nie, sou die wêreld geen digters, skilders, toordokters, sjamanne, yogi's en profete gehad het nie.

Op sy getrouste aan homself en konsekwent in die uitvoering van die bevel van sy siel, is hy die stem van die roepende in die woestyn.

\* \* \*

Ons vertrou dat die voorgaande beskrywing u in staat sal stel om die introvert in die moderne kuns te herken want, soos Dante aan sy intieme vriend, die groot modernistiese skilder van sy tyd, Giotto verklaar het: Die kunstenaar wat nie homself laat uitkom in sy skilderwerke nie, is nie 'n skilder nie.

“Wanneer het ons overkomt, zooals thans, dat wij de kunst van dezen tyd niet begrypen, dan komt dat niet doordat de kunst stilstond, maar dan komt het, omdat *wij* niet met de kunst medebewogen,” het Theo van Doesburg verklaar.

Om dan die gewraakte leemte in ons kunskennis te probeer aanvul volg hier 'n sketsbeskrywing van die ontstaan en verloop van die moderne kuns:

Uit ons beskrywing van die gewone kunstenaarstipe kan lig begryp word dat die toenemende meganisering van die lewe die kunstenaar tot in sy siel kan geweld aandoen. So geweldig was sy reaksie op die uitvindings in die 19de en 20ste eeu dat hy die pynlike gebeurtenis onderdruk en slegs fragmentaries in sy werk tot uiting laat kom. Daarom dan ook dat die groot nyweraar, kapitalis en alles gesaghebbers nog maar steeds as die skurk van die stuk in ons prosa, poësie en prent voorkom.

Die geestelike groei van die mens het agtergeraak by die tegniese ontwikkeling, die stortvloed meganiese uitvindings van die afgelope twee eeue. Ons kan dus begryp waarom die kunstenaar opgehou het om naturalisties te skilder.

Die gehardste materialis het uit toon geraak met die kakofonie van die laaste twee eeue; en die fynbesnaarde mens, op so 'n opsimpatieke klankbord, atonaal. Dit het meegebring dat die kunstenaarstipe onmoontlik 'n kompromis tussen die objektiewe en subjektiewe kon bewerkstellig. En dat hy, soos Walt Witman dit al in 1855 gedoen het, gekom het tot waar hy moet uitroep:

I swear I begin to see little or nothing  
in audible words.

All merges towards the presentation of  
the unspoken meanings of earth.

Gaustave Courbet — wat tot die Barbizonskildersgroep gereken word, het in die sestiger jare van die 19de eeu weggebreek van die impressioniste, onder wie die beroemde skilders Monet, Manet, Sisley, Renoir, Degas, Derain, e.a. Courbet se beeldingswyse word gekenmerk deur vereenvoudigde maar natuurgetroue weergawe van die objek, terwyl die impressioniste daarmee genoeë geneem het om die vlugtige indruk op hulle doeke vas te lê met veral inagneming van die spel van lug en lig op wat geskilder word. Eers na die impressionisme in luminisme en pointilisme oorgegaan het, het die alleenloper, die vurige en sterk persoonlike expressionis, Vincent van Gogh, asook Cézanne van dié groep, probeer om 'n ander weg in te slaan. Van Gogh het toendertyd aan sy broer geskryf: "Ek begin 'n willekeurige gebruik van pigmente te maak om my des te sterker te kan uitdruk." — Afgesien van die aanwending van die helderder kleure, sal gevind word dat dit die stakkato-ritme van sy styl is wat die meeste uitdrukkingskrag besit. Ons dien egter daarop te let dat sy latere skilderye, veral dié met die dubbele sterre, tollende sonne en krullende bergkettings, op 'n abnormale visuele toestand van die skilder dui. Dubbelsig kom in 'n groot verskeidenheid van visuele afwykings voor. Dié ongesteldheid kom by baie mense voor. Van Gogh was een daarvan. Hy was nietemin 'n groot skilder en die krag van sy skilderye sal seker vir altyd hulle dwingende emosionele aanslag bly behou.

Een van Van Gogh se meelopers met wie hy veel gemeen gehad het, was Paul Cézanne. Tewens, Van Gogh en Cézanne vorm tesaam die oorgang van die natuurlike na die abstrakte skilderstyl. Hulle het die weg waarin die kuns vandag beweeg nie net verken nie, maar ook aange-  
toon.

Cézanne was tewens die voorloper van die kubisme. In sy oë was die wêreld 'n ietwat wanordelike konstruksie wat in duideliker afgebakende geometriese vlakke omgeskep behoort te word. Die samestel van die masjien was in alle waarskynlikheid deurslaggewend in die vormbewustheid van Cézanne. Kubisme berus op die beginsel van dislokasie en hersamestelling, wat Beaudelaire voorgestaan het as die beginsel wat gevolg moet word in ons soeke na die waarheid agter die skyn.



Cézanne het grootse skilderwerke in die tagtiger jare van die 19de eeu voortbring. Maar dit het hom vanweë die andersheid daarvan net spot en verguising op die hoof gehaal. Hy het van sy besondere beeldingswyse verklaar dat hy in die eerste plek daarmee duideliker uitdrukking beoog:

“Ek vind dit 'n onbegonne taak om die natuur soos hy werklik is af te skilder. Ek kan hom slegs op my manier interpreteer. Skoonheid in 'n kunswerk bestaan na gelang van sy ekspressiwiteit. Enige kunswerk is skoon.”

Matisse het lateraan 'n ewe beroemde ekspressionistiese skilder geword as Cézanne. Dit is hy wat verklaar het dat kuns uitdrukking is, en uitdrukking kuns.

Omdat Cézanne nie kon saamgaan met sy kontempcrêre skilders nie, het hy deur die lug en sonlig waarop hulle hulle toegelê het gedring en 'n willekeurige gestaltenis aan die waargenome objek gegee. Vir hom moes alles 'n definitiewe vormbou hê. Hy het bv. tot sestig keer 'n ligkol op 'n borshemp op sy doek verander en was nog ontevrede met die resultaat. Die introvert kan 'n oorgevoelige gewete hê! Dit was Cézanne wat die weg na die kubisme aangedui het; Derain het dié weg gevolg maar die twee skilders wat dit tussen 1908 en 1910 sy finale beslag gegee het, was Braque en Picasso. In hulle skeppinge kom die masjinale konstruksiebeginsel nog sterker na vore as in die geval van Cézanne, wat in sy latere jare by die kubus ook ander matematiese beginsels bygebring het, soos bv. die sirkel, driehoek en parallellogram, almal vorme wat later deur die Rus Iwor Kandinsky in sy surrealistiese konsepsies opgeneem is.

Die kubisme het 'n verreikende en versoberende uitwerking op die dekoratiewe boukuns uitgeoefen: argitekte soos Violet-Le-Duc, dr. Cuypers, dr. Berlage, en in Amerika, Frank Lloyd Wright — om nie eens melding te maak van hedendaagse argitekte nie — het belangrike uitdrukkingshoogtes bereik in die vereenvoudigder konstruksiewyse wat deels onder kubistiese invloed in swang gekom het.

Die ekspressionisme het heelwat steun van die Duitse dramaturge ontvang. Dog, waar die ekspressionisme in die beeldhou- en skilderkuns hulle by 'n byna oorbeklemtoonde werklikheid bepaal het, het die toneelkuns hom letterlik tot agter die skerms abstraheer en deur middel van knallende verhoogeffekte tot die gehoor gespreek. Ook het hulle hul in 'n groot mate op die simboliek verlaat: 'n décorlose ver-

hoog moes bv. dien om die armoede van die arbeider aan te dui. Ook het hy die ganse proletariaat gesimboliseer waar hy alleen in 'n blou oorpak met 'n tamaai groot, ingewikkelde meganiese toestel doenig is.

Die volgende Duitse dramaturge dien hier in die verband genoem te word: Wedekind, en Strindberg in sy latere fase; Georg Kaiser met sy *Von Morgens bis Mitternacht* — *Gas* word as sy beste stuk beskou. Dit handel oor die steeds toenemende chaos wat deur 'n groeiende nywerheidsontwikkeling veroorsaak word.

Dan ook nog Ernst Toller met sy *Masse-Mensch*; Bertold Brecht met sy *Trommeln in der Nacht*, waar die lot van die soldaat in die veglinie met die woekerwinsmakers op die tuisfront in kontras gebring word. Nog 'n ekspressionistiese toneelskrywer van internasionale faam was die Tjieg Karel Capêk.

Dit val op dat al die modernistiese kunsbewegings gewortel is in nihilisme of kommunisme, met takwortels wat in 'n wurggreep om die windpyp van alle sosio-religieuse oorerwings van die mens gestrengel is.

Marx en Engels het dan ook die rewolusie op kunsgebied as 'n onderdeel van die wêreldrewolusie van die proletariaat beskou. Sowel Lenin as Trotski het die Futuriste-beweging as slegs 'n voortsetting van die industriële rewolusie van die 19de en 20ste eeu gesien.

Vanaf die bewindsaanvaarding van die kommunistiese leiers in Rusland is kuns as deel van hulle politieke propaganda ingespan. Ons vind dan ook dat diegene wat aan die voorpunt van die kubisme, futurisme, dada- en surrealisme staan, hulle posisie van agter die skildvel van die Hegeleiaans-Marxiaanse dialektiek verdedig.

Futurisme is van alles en nog wat: luminisme, ekspressionisme, kubisme, sinkronisme en nog meer. Daar word getrag om die veelvuldigheid en veelsydigheid van die objek in ruimte sowel as in beweging in tyd uit te beeld.

Futurisme behels ook die strewe om die toekoms op ander grondstellings te bou as dié waarop die verlede gegrond was.

Die toekoms waarna die futuriste streef, is die opperheerskappy van die proletariaat en die sloping van alle instellings, moraliteit en ordentlikheid van die gehate gevestigde, oorgelewerde maatskaplike orde.

Die futuriste het dit darem in vooruitsig gestel dat die

burgery in hul nagestreefde staat toegelaat sal word om één keer per jaar na die Mona Lisa te gaan kyk! Wat hul skilderye betref waarin die storie klaar op een prent vertel word: dáárin is hulle voorafgegaan deur Indonesiese kunstenaars.

Ons laat hier 'n greep uit die Futuriste-manifesto volg:

Voorwaarts, goeie Brandstigters! . . .

Steek die Biblioteke aan die brand! . . .

Keer die vloedgolwe by die Museums in! . . .

Laat die beroemde Meesterstukke swem! . . .

Ons is hier om alle Moraliteit te beveg! . . .

Om Oorlog, die enigste gesondmaker op die aarde, te verheerlik! . . . Die wapens van die Anargis te verheerlik, en

Om die vrou te verag! . . .

In die futuristiese poësie praat hulle minder duidelik. Hier volg 'n gedig geskryf in die styl van die Russiese futuriste, wat 'n goeie voorbeeld bied van die foneïese atomisering van taal.

Kurt Schwitters, medestigter van die dada-beweging, is die digter. Hy noem dit 'n

#### SOONATE IN UURLAUTEN

lanke tr gl

pe pe pe pe pe

ooka ooka ooka ooka

lanke tr gl

pii pii pii pii pii

zúüka zúüka zuuka zuuka

lanke tr gl

rmp

rnp

lanke tr gl

Kubisme is 'n protes teen die wanordelike in die natuur.

Dadaïsme is 'n protes teen alles wat ordelik is, waar dit ook al mag voorkom, in hemel of op aarde.

Dadaïsme is 'n nihilistiese beweging. Aanhangers daarvan se prentemakery, bekend as fatagaga, bestaan hoofsaaklik uit stukkie koerante, prentjies wat uit tydskrifte geknip is, maar meermale uit buskaartjies of net uit een voorwerp, soos bv. 'n ou skoen wat teen 'n bord vasgeplak of gespyker is. Hulle byeenkomste en tentoonstellings herinner aan die orgies van heidense tye. By een van sulke ten-

toonstellings in Parys moes die besoekers by 'n emmer vol nagvuil verbyskuur om die tentoonstellingsaal te bereik. Op 'n verhoog het 'n naakte vrou onweloweglike voordragte gelewer en gesing . . .

Dié beweging kan hom darem op een dramaturg Eugeno Inesco beroem, wat die merkwaardige drama *Die kophaarllose dame* geskryf het, waarin die skrywer — getrou aan die dadaïstiese formule — die klem laat val op die onvermoë van die mens om mekaar te begryp.

Kandinsky kom die eer toe dat hy die eerste kunstenaar in die weste was wat die abstrakte beeldingswyse uit die natuurlike voorgebring het. Hoe 'n sekere ondervinding in sy ateljee hom beïnvloed het om daarna abstrak te skilder, vertel hy in sy outobiografie:

“Een aand teen skemer tree ek my ateljee binne. Plotse-ling word ek deur 'n onbeskryflike skoonheid getref. Ek sien in my ateljee 'n skildery asof dit in 'n innerlike gloed staan en vra myself af of ek dit geskilder het. Die bekoring was buitengewoon. Ek gaan na die raaiselagtige wonder toe, waarop ek net vorms en kleure sien sonder dat daar te sien was *wat* dit eintlik voorstel. Weldra volg die ontnugtering: dit was 'n skildery wat op sy kant teen die muur staan!”

Hoewel Kandinsky waarskynlik die eerste Westerse kunstenaar is wat op dié abstrakte wyse geskilder het, het die surrealisme as georganiseerde kunstenaarsgroep eers in 1922, op die dag toe Anatole France begrawe is, wêreldnuus geword, deurdat hulle uit blydschap dat dié beroemde outeur dood is, die strate van Parys op horings geneem het. Op die strooibiljette wat hulle verbygangers in die hande gestop het, het o.a. die volgende woorde voorgekom: “Hierdie dag waarop tradisionalisme, patriotisme en realisme begrawe is, behoort tot 'n publieke vakansiedag uitgeroep te word!” . . . Die mantel van Dada het op die surrealisme oftewel die “post-experimentelen” geval. Dat alle moderne kuns, surrealisme inkluis, dada as stam erken, getuig Lucebert waar hy in een van sy gedigte soos volg uitroep:

zee aan de mond van alle rivieren  
die wij eens namen gaven als  
dada

Waar die kubisme gesien kan word as 'n meganisering van vorm, kan die surrealisme as die ont-meganisering van kubisme beskou word.

Die woord surrealisme is afgelei van die titel van 'n boek

*Mamselles de Trésias* deur Guillaume Apollinaire, maar die eintlike skilder- en skryfrigting het by die gedigte van André Breton en Philippe Sontault ontspring. Dit was gedigte wat hulle geskryf het onderwyl hulle in spiritistiese beswymings verkeer het. In die surrealistiese stamlys kom die name van vele beroemde woordkunstenaars voor: Daar word bv. beweer dat die volgende digters, hoewel nie deurgaans nie, tog plek-plek op surrealistiese vlak beweeg het:

Guido Gezelle, Herman Gorter, Is. Querido, J. H. Leopold, Jacob Israel de Haan, Theo. van Doesburg, Antony Kok, Paul van Ostaijen, Gaston Bursseus, Wies Moens, Karel van den Oever, Victor Brunclair, Shakespeare, Marlowe, Donne, Swift, Young, Coleridge, Beddoes, Blake, Carroll, Sade, Hood, Goethe, Beaudelaire, Rimbaud, Lautréamont, Bertrand, Borel, Nerval, Thoreau Emerson, Walt Whitman, Edwin Markham, en nog meer.

Om 'n gedig volgens surrealistiese resep te skryf — almal moet poësie skryf, nie net die enkeles nie — het Lautréamont verklaar: moet u net toelaat dat die beelde soos in die geval van dagdromery sonder enige preutse belemmering of morele remming uit u onderbewuste opwel. Skryf wat op dié wyse opgeborrel kom neer, want dit sal 'n gedig wees. Dieselfde prosedure word gevolg in verband met die maak van 'n skildery.

Hier volg 'n vertaling van 'n surrealistiese gedig geskryf deur Paul Eluard, wat as 'n waardige opvolger van Beaudelaire beskou word:

#### SWART SKAAP

Swart skaap maak toe jou oë  
maak die tuine van die straat ook toe  
intelligensie en uithouvermoë  
verveling en kalmte  
elke oomblik van die treurige aande  
die glas en glasdeur die glasdeur en glas  
vertroostend en verstandig  
die vrugteboom en lig  
die blomboom die vrugteboom  
vlieg weg.

A. SWART:

## By die Waterval

*By Witpoortjie-val dreig die kranse hoog  
teen die wolke se wit en die blou lug se boog.  
Die skeure is diep en die rotsblokke hang  
asof vir 'n stonde in stilstand gevang.*

*Die bosse rek hoog om die lig by te kom  
met hul arms ineen geveg en gekrom.  
Die boomwortels krul en draai om die klip  
soos iemand wat vrees om na onder te glip;  
en daarbo gly 'n stroom meteens oor die kranse  
na ondertoe in 'n klaterdans  
van water wat spring van trap tot trap  
met 'n malle gedruis en handegeklap.*

*En onder die val waar die water afspoel  
lê die geriffelde sonblinke poel.  
Die stroompie is vlak waar dit verder gly  
en kabbel en sing oor klippers verby.*

*Die drie het gekyk, in verwond'ring getuur  
na die majesteit van die kransemuur.*

*„Kyk vrou! Kyk daarbo! Kyk die aalwyne daar!”  
„O nee, my man! Kyk die rotsegevaar!”  
„Ag vrou, hul is raar; ek sal gou-gou weer  
na ondertoe na julle t'rugkeer.”*

*Waar kaal voetjies plas klink vrolik 'n lag,  
en 'n moeder hou, bang in haar binneste, wag,  
want die tyd sleep traag en sy pappie bly weg,  
maar die onrus in haar bly sy dapper beveg.*

*Die kindjie wil weet as die ure vergly  
waar en waarom sy pappie so lank wegbly.  
„Kyk liefling, kyk daar by die kranse se hoek  
het pappie vir ons gaan aalwyntjies soek” . . . . .  
en sy veg om die angs wat haar hart omklem  
om die kind se ontwil te weer uit haar stem.*

*Sy hou styf teen haar die dierbare telg . . . . .  
Het die afgronde dalk sy pappie verswelg?  
Die skaduwees rek en die daglig word flou  
en die onrus oorstelp die eensame vrou . . . . .*

*By Witpoortjie-val in skemer en wind  
wag daar 'n eensame moeder en kind.*



## 'n Roos

*Daar in die tuin toe die kil skemer hartseer my toevou  
sodat ek die vreug van die helder herfsmiddag nie voel,  
nie sien dat die lug daar hoog bokant drywende wolke weer uitblou,  
nie hoor hoe die lewe hier om my in warme koestering woel,  
toe alles vir my in 'n wasige droefheid gehul was  
soos die heuwels en grasveld daar ver in hul dynserige kleet,  
toe die herfsdag vir my net simbool van my eie verlies was,  
en my wese deurweek van 'n skrynende troost'lose leed,  
toe't jy saggies gekom met my naam op jou lippe, bewoë,  
en jou stem wek 'n ver, halfvergete herinnering;  
en daar in die tuin het jy, met jou hart in jou oë,  
daar in die tuin het jy my 'n roos gebring.*

## So sou . . . .

*Ek het gesit in die tuin in die laat middaguur met my droefheid  
en gesien hoe die herfsdag se dyns'rige loom op die vaak heuwels  
rus . . . .*

*so sou die slaap ook op jou ogies saggies kom neerdaal  
wyl ek jou in tere omarming na sagte vergetelheid sus.*

*Ek het gestaan en met heimwee getuur na die bome se dansende  
blaartjies*

*as die windjie met saggiese suising hul aanraak en deur hulle  
speel . . . . .*

*so sou jou handjies ook my laat ontwaak tot 'n rykdom van vreugde  
want so sou jou vingertjies my immer aanraak en sag oor my streel.*

*Ek het gebuk by 'n web tussen stingels waar blink druppels water  
die sonlig weerkaats in 'n straling van suiwere skitt'rende glans . . . .*

*so sou die lig ook in jou ogies inloer en tienvoud verhelder,  
ja so sou die lig ook in jou ogies vonkel en glinster en dans.*

*Ek het gedwaal waar die stroompie oor klippies sy kabb'lende liedjie  
aan voëltjies, aan bome en blomme en gras aan sy oewers laat  
hoor . . . . .*

*so sou die taal van jou lippies, jou babb'lende babageluidjies,  
my hart met die skoonheid van murm'lende water bekoor.*

*Ek het getalm waar rose ontluikend hul spranklende skoonheid,  
hul tere fluweelsagte blaartjies verlokkend aan sonlig se liefkosing  
bied . . . . .*



*so sou die wonder van j ou, in ontwaking of rustige sluimer,  
my o  steeds lok om liefkosend jou roos-tere skoonheid te streef  
en geniet.*

*Ek het vertoef waar die stele van bloeiende, oop aronskelke  
hul juigende wit as geskenk na die lig en die hemel toe hou . . . .  
so sou jou lewetjie, blomteer en broos soos 'n wit aronskelkie  
vol skone verwagting na lig en na lewenservaring oopvou.*

*Toe 't ek geweene in die tuin in die laat middaguur oor die beelde  
wat soos skimme uit bome en blomme en water en wind tot my tree,  
want daar's geen mag in die hemel of aarde wat j ou weer kan  
t'rugbring*

*om dan, op jou uur, jou as dierbare werklikheid aan my te gee.*

## En Sy't Geweet

*Die swaar swart droefheid soos van dood het oor haar moederhart  
gespoel,*

*oor haar gesleur asof dit haar van al haar ankers los wou pluk,  
want onontkombaar het die seer besef van haar verydeling  
met elke uur al dieper in haar wete vasgeruk.*

*Die mooi en bly toekomsverwagting was opeens ineengestort  
en troost'loos wenend was sy op haar bed gekluis,  
gedagtig slegs aan die verlies van lewe wat in wording was,  
haar hart deur smart geslote vir die aanspraak van haar huis.  
So't sy geweene asof daar niks was wat haar uit die droefheid weer  
kon wek,*

*asof geen stemklank tot haar oor die stormwaters deur kon dring,  
totdat . . . . totdat vier kinderhandjies huiwerig oor haar hoof en  
arms tas,*

*net soekend, voel-voel, of hul nie die moed het vir die aanraking;  
en  rens in haar leedverstompte wese het 'n snaar geroer —  
haar traanbenatte o  het sy stadig, soekend oop laat gaan;  
en sy't geweet, toe sy die seer verbystering in kindero  sien,  
dat sy, vir hulle, uit haar droefheid op moet staan.*

LORENZ SCHULTZ:

## Oupa Looi se Sagte Boordjie

Twee dinge wat feitlik tot die laaste snik 'n uiters belangrike rol in die lewe van oupa Looi — op die kieserslys ingeskryf as Lodewicus Johannes Bruijns — gespeel het, was 'n onberispelike voorkoms en lokomotiewe, in daardie volgorde.

Maak nie saak watter dag van die week of onder watter omstandighede dit was nie, 'n mens kon oupa Looi — tuis of op straat — altyd aantref, geklee in 'n pak van onberispelike snit, 'n wit hemp wat altyd gelyk het of dit pas gekoop is, 'n kravat van fyn sy en daar bokant 'n silwerige snor waarvan geen enkele haartjie uit sy plek durf gaan lê het nie. En dan was daar die spieëlblink skoene wat soms aanleiding kon wees tot rusie met die munisipaliteit van ons dorpie, as laasgenoemde 'n paar dae lank gedurende die droë seisoen nagelaat het om die waterkar die stofstrate te laat natsproei, sodat die fyn sand onder meer die glans op die neuspunte van oupa Looi se skoene te erg verdof het. 'n Bietjie stof was natuurlik onvermydelik maar te veel stof was darem te veel stof. Nee, 'n redelike heerskap was oupa Looi darem nie.

Ja, ja, die kravatte van fyn sy en die hoë boordjie daarby was iets waarvan selfs die modebewuste oupa Looi nooit wou afsien nie. “Nee, jong, ek dga alleen kgavatte. Stgopdasse en sulke goetegs is vir die Tgansvalegs bedoel”, was gewoonlik sy antwoord as iemand hom op die jongste mode met dasse gewys het.

Uit die gebryde “erre” het u natuurlik agtergekom dat oupa Looi uit die Kolonie afkomstig is — om presies te wees, van Heidelberg, Kaa Pee af. Nadat hy vir onderwyser gestudeer het, het hy in Noordoos-Kaapland op die Oranjerivier se walle 'n onderwyspos aanvaar. Nie hoe te lank na sy aanstelling nie, of hy swem elke naweek deur die Oranjerivier om te gaan kuier vir die Vrystaatse nooi wat my ouma geword het.

Ek het rede om daardie swemmerie te onthou, want Ouma het baiekeer vol trots vir ons vertel dat geen stormwater die vryer kon stuit nie.

Telkens maar het sy verbaas gestaan as hy ná die nat oortog en die twee myl se wandeling deur die landerye

oor die agterdeur ingeloer het sonder dat daar iets met sy kravat verkeerd of 'n stoffie op sy skoene was. Alleen maar met die dagsê-soen kon sy vaagweg aan die effense klammigheid aan die snor vermoed dat oupa Looi se liefde deur diep waters na haar gekom het.

Ek het ook baie goeie rede om daardie snor van oupa Looi te onthou. Ek sê vandag nog dat dit tussen my en die groen-en-goud trui van 'n Springbokrugbyspeler gestaan het. Ek sal waarskynlik tog nooit die nasionale vyftiental gehaal het nie — om nou die eerlike waarheid te sê — maar dis die beginsel wat saak maak, want elke Saterdag as my skoolmaats die rugbybal lug laat proe het, moes ek behulpzaam wees met die dresseer van daardie snor. 'n Bielie van 'n buffelhoringsnor was dit wat saam met oupa Looi se regop en lenige figuur vir hom die bynaam van Oppersersant-generaal by ons kinders verdien het.

Nou ja, elke Saterdagoggend as die ander manne die eier sool gee, moes ek met 'n ronde spieëltjie met my rug na die lig gaan staan. Dit was van die soort spieëls wat elke haartjie tot 'n koevoet vergroot het. Daar staan ek dan, somer nog 'n kannetjie, met die spieël bokant my kop en oupa Looi staan half gebuk voor my, tong onder die bolip om die silwer, spitsbek skêrtjie die weerbarstige haartjies makliker te laat bykom. Buite op die rugbyveld, wat naby ons huis was, rinkel die manne en skop daardie bal, en inmiddels word daardie spieël al hoe swaarder, word dit vir my steeds moeiliker om roerloos stil te staan. Ag, Lot se vrou, wat in 'n roerlose soutpilaar verander het en die Bybelse helde wat ure en ure aaneen kon bid sonder om hul hemelwaarts-reikende hande slegs 'n duim te laat sak, hoe goed kan ek my nie in hul toestand inleef nie! En die mure van Jerigo wat onder trompetgeskal ineengestort het, het ek meermale self beleef as oupa Looi briesend in sy ramshoringsnor gebulder het, "as jy wil staan moet jy stilstaan en as jy wil omval, val dan om en ek hoop jy val dat jy bags." Dit was gewoonlik nadat ek die klein spieëltjie onmoontlik langer bokant my kop kon vashou, my bene soos jellie begin dril het en die verkeerde snorhaartjie afgeknip is. Ai! Wilgers van die Oranjerivier, ek het somer baie onder julle gaan ween.

Ek het gesê dat oupa Looi onder alle omstandighede en feitlik te alle tye gekleed was asof hy 'n bruilof of 'n kabinetsitting gaan bywoon. Dit het beslis ook gegeld as

hy agter die hefboome, wiele en al dies meer van 'n lokomotief inklim. Oupa Looi het naamlik vir hom metterjare opgewerk na masjins nadat eers die Engelse oorlog en toe die ineenstorting van die volstruisveremark hom in heeltemal 'n ander rigting gedwing het. Nou nie dat Oupa juis beswaar gemaak het teen die beroep waarin hy uiteindelik beland het nie! Om die waarheid te sê, het hy nie baie van die skoolhouery gehou nie. Soos hy baiekeer self vertel het, het wiele, ratte en sulke goeters van kindsbeen af knaend en al maar deur deur sy kop gemaal en het sy vingers gebrand-jeuk as hy gereedskap gesien het. Selfs enkele weke voor sy dood nog het ek hom een middag in die agterplaas aangetref, besig om 'n motorfiets reg te maak wat aan 'n oud-kollega se seun behoort het. Selfs toe het hy nog sy wit hemp en kravat aangehad en na afloop van die herstelwerk, toe die gammel motorfiets soos 'n nuwe gebrul het, was daar op die grys pak met die dun, wit strepie, geen inkelte vlekke te bespeur nie.

Oupa Looi se modieuse kleredrag het by een geleentheid die personeel van sekere stasies die skrik op die lyf gejaag en by 'n ander geleentheid hom byna sy werk — en as gevolg daarvan ook byna sy lewe — gekos.

'n Mens kan byna sê dit spreek vanself dat vir 'n man wat so gesteld op netheid was as oupa Looi, stiptheid ook feitlik 'n hartstog is. Nou ja, daar was 'n sekere roete waarop die trein altyd laat by die stasies ingestoom het. Hy was so gereeld laat dat die inwoners van die dorpie naderhand vas geglo het dit hoort maar so en so het dit ook gebly, totdat oupa Looi na daardie kontrei verplaas is. Toe die trein die eerste dag van oupa Looi se diens op daardie lyn op die sekonde af betyds by die eerste stasietjie langs die pad ingestoom het, was daar baie mense wat onkant en aan die slaap betrap is. Daar was byvoorbeeld die boere wat melk en room en ander bederfbare produkte na die dorp aan die eindpunt se romery en mark gestuur het. Op die dag en etlike kere daarna het hulle — wat so aan die ou gang gewoond geraak het — hulle produkte te laat by die stasie aangebring met die gevolg dat dit nie die fabriek en mark gehaal het nie en oorgestaan en grotendeels sleg geword het. Dit was naamlik 'n baie warm kontrei daardie en dit was somer. Die gevolg was dat daar gou heelwat vroe gestel en warm woorde in die parlement gewissel is oor die onmeetlike skade wat die nuwe stiptelikheid van die spoor-

weë die boere berokken het. Dit was ook die indirekte oorsaak van oupa Looi se oorplasing na 'n ander afdeling. Dis natuurlik onnodig om daaraan toe te voeg dat na die oorplasing die trein nooit weer laat was nie. 'n Kieser is 'n kosbare ding, veral as hy boonop boer, en 'n verandering na die ou toestand kon dalk stemme kos.

Die grootste ontsteltenis het egter geheers onder die spoorwegpersoneel wat in plaas van die nuwe masjiniërs wat hulle verwag het, 'n man met 'n duifgrys kravat, om 'n hoë spierwit nekslagterboordjie, 'n swart lakense pak en 'n hardebolkeiltjie uit die stuurkajuit sien stap het. Ja-nee, hulle het daardie ding al gesien kom dat daar eendag onverwags 'n inspekteur uit die trein sou uitdop. Maar hulle het darem nie verwag dat dit 'n nuwe een sou wees en boonop so gou nie en wie het nou kon dink dat hy self die lokomotief sou bestuur? Weer eens 'n bewys dat 'n mens selfs jou makkers nie kan vertrou nie. Die manne het ná die inspekteur se vertrek darem vir hulle kon waarsku dat die man aan die kom is. Maar wie sê hy is nie 'n belangriker meneer as 'n inspekteur nie? Die inspekteurs wat hulle tot dusver geken het, het almal dasse gedra en hierdie man dra 'n kravat! Buitendien praat hy met 'n Bolandse aksent. Miskien is hy, o genugtig, miskien kom hy uit die Kaap ondersoek vir een of ander kommissie instel. Wag maar, daar sal nou 'n barshou gedraf en gewerk word!

Oupa Looi het gou begryp na watter kant die rook waai en hom die knipmesbuigings en die angstige blikke laat welgeval. Sy stoker het die ding ook gou gesnap en dié dag het hy langs die wiele van die trein gekruip en gehoes dat dit 'n naarheid was, nie om swak plekke in die onderstel te soek nie en ook nie as gevolg van die rook nie, maar puur van die lag.

Hoewel die volgende stasie gewaarsku is en hulle op hulle beurt weer die volgende stasie, en so aan tot by die eindpunt, het die konsternasie van platform na platform gestyg. U weet mos hoe gaan dit met sulke stories. Aan die begin is dit 'n riemtelegram en uiteindelik is dit Hansard. Die uiteinde van die saak was dat oupa Looi se trein by die eindstasie verwelkom is met vlae, linte en gejuig van die publiek wat oorgeslaan het na die sing van 'n bekende gewyde lied wat ons by ons groot volksfeeste sing, toe oupa Looi fier en regop by die lokomotief se trappies op die platform afstap. Vergewe my maar as ek nie vertel



wat hierna gebeur het nie, want daar is waarskynlik nog persone in die lewe wat die lied gehelp insit het.

Die tweede keer dat oupa Looi se modieuse kleredrag ontsteltenis geskep het — hierdie keer vir die oubaas self — was enkele jare voordat hy met pensioen sou aftree. Dit het ook meegebring dat daar in ten minste een onderdeel van oupa Looi se drag 'n radikale verandering aangebring is, naamlik die konserwatiewe, harde boordjie wat tot feitlik onder die kakebeen en ore gerek het en die indruk geskep het dat die draer se kop nie op 'n nek nie, maar op koeëllaers rondgedraai het.

Dat die verandering op so 'n late tydstip in sy lewe gekom het en nie eerder nie, is te danke aan die feit dat oupa Looi tot op daardie stadium lokomotiewe geloods het op trajekte waar skerp draaie in die spoorlyn so skaars as wors in 'n hondestel was. Hierdie afdeling waarheen oupa Looi vir die laaste keer verplaas is, was egter vol draaie. Veral 'n myl of tien van die eindstasie af was daar 'n gevaarlike en skerp es-draai in 'n duikweg.

In daardie dae was die spoorweë nog nie wat dit vandag is nie en die boere se grond aan weerskante van die spoorlyn was nie altyd en oral behoorlik afgekamp nie. Die gevolg was dat daar altyd vee op die spoor rondgedwaal het en advokate in sake waarin Veeboer versus Spoorweë of Spoorweë versus Veeboer vir die verlies van hawe of die beskadiging van eiendom betrokke was, gaan spesialiseer het. Die enigste wat hieruit ryk geword het, was die advokate. Dis dan ook te begrype dat die masjiniste van daardie dae die spoorlyn altyd as 't ware met radar-oë gefynkam het. Dit was hierdie toedrag van sake wat oupa Looi byna-byna sy werk as masjinis — en as gevolg daarvan byna sy lewe — gekos het. Ja, sy lewe, want oupa Looi se liefde vir 'n lokomotief is slegs deur sy liefde vir mooi klere en sy liefde vir Ouma oortref. Lank nadat hy afgetree het — na Ouma se dood, toe hy by ons kom woon het — het hy elke oggend en elke aand die drie myl van ons huis na die stasie te voet afgelê — soggens om die trein na die Kaap te sien vertrek en saans om die trein van die Kaap af te sien binnekom. En elke keer het hy om die lokomotief geloop en daaraan gevat en gestreel en daarvoor gepraat met die masjinis en stoker asof dit 'n geliefde kind is wat besondere prestasies in die vreemde behaal het. As hy dus voortydig van sy lokomotief moes

afstand doen, nou ja, u kan self raai hoe lank hy nog sou bly leef het.

Dit was nie lank nadat oupa Looi na hierdie afdeling oorgeplaas is nie, dat die moeilikheid — en lang, slapelose nagte vol kommer — vir hom begin het. Soos ons gesê het, was daar sowat tien myl van die eindstasie af 'n baie skerp es-draai in die spoorlyn en die boere se vee het geloop op paaie wat slegs vir swaar, swart gevaartes bedoel is. Op 'n bepaalde dag vat oupa Looi weer daardie es-draai, waar die uitsig deur die hoë walle weerskante die spoor belemmer is. Hy vat die draai op die afdraande eers links en alles gaan goed. Toe vat hy hom weer skerp na regs en leun ver by die linkerkantse venster uit en gee sy nek nog so 'n ekstra knik om goed voor te kan sien of daar nie weer 'n skaap is wat sy lewe daar kom waag nie. Die stoker, terloops, loer by die regtervenstertjie uit. En dis juis toe oupa Looi sy nek so 'n ekstra knikkie na links gee om beter te kan loer, toe dit gebeur. 'n Groot swartigheid sak oor hom toe en die stoker was net betyds om te keer dat die oubaas nie uitval nie.

Masjinis en stoker het hulle natuurlik boeglam geskrik, maar nie een van hulle het hulle eintlik daarvoor bekommer na die eerste keer nie. Dit gebeur immers in die beste geselskap, so iets, nie waar nie? Hulle het dus ook nie met iemand daarvoor gepraat nie. Maar toe dit darem met die reëlmaat van klokslag gebeur en elke keer nes hulle deur daardie gevaarlike es-draai kom, nee, toe begin hulle voor-koppe darem dag lank plooi te staan. Die stoker was gelukkig 'n lojale skepsel wat oupa Looi buitendien veraf-good het en hy het niemand laat merk dat daar iets geskort het nie. Hy het saam met oupa Looi maar alte goed besef dat as die hele geskiedenis sou uitlek, oupa Looi gedwing sou word om 'n dokter te gaan spreek. Elke ervare spoor-wegman kon — veral in daardie dae toe 'n mens slegs fluisterend kon erken dat jy 'n Afrikaner is — voorspel wat sou gebeur ná die mediese ondersoek. Afdanking weens hartkwaal.

Om die waarheid te sê het oupa Looi al self begin dink dat hy hartkwaal het, maar hy kon dit maar baie moeilik aanvaar. Hy het altyd matig geleef, gereeld geoefen en groot hoeveelhede koue water het winter en somer elke dag met sy buitenste en sy binneste kennisgemaak. Sterk drank het nooit aan sy lippe gekom nie en hy het ook nooit



gerook nie. En buitendien, waarom sou die Groot Swart hom nou juis op daardie es-draai en nêrens anders en op geen ander tyd nie kom soek?

Oupa Looi het ewenwel baie goed besef dat hy met die lewens van die passasiers en die vee en ook met die eien- dom van ander steeds groter risiko's neem deur langer 'n ondersoek na die oorsaak van sy floutes in daardie skerp draai in die spoor uit te stel. Op 'n dag het hy vol angs en bewing die spoorwegdokter besoek en die saak verduidelik. Die dokter was briesend omdat oupa Looi nie eerder gekom het nie. Hy het die oubaas hardhandig van kop tot tone ondersoek en toe bars die vonnis gevel: "Jy ly aan 'n akute en ongewone soort hartkwaal. Jy moet onmiddellik bedank. Ek verbied jou met ingang van hierdie oomblik om te gaan werk. Wag vyf minute in die wagkamer en kom haal dan jou siekbrief!"

Die nag het die ure die een na die ander saam met oupa Looi getreur, en die volgende oggend het die trein sonder oupa Looi voor in die loko vertrek. Toe die trein stadig voor die huis verby klik-klak, het die stoker 'n lang heserige fluit laat hoor. Slegs hy op die stasie het vermoed wat daar met oupa Looi aan die gebeur was. En as die fluit hees was, was die stoker dit ook daardie dag, die hele dag lank, as gevolg van die knop in sy keel. Maar plig is plig en hy sou syne beter as ooit tevore uitvoer.

Die vaart van die trein het vermeerder. Delabat, delabat, delabat het die wiele al hoe vinniger gesing totdat slegs 'n vae, swart streep op die heuwelkam verraai het dat 'n trein sowat 'n halfuur tevore die stasie verlaat het. Daardie ge-delabat, delabat van die wiele het egter 'n magiese uitwerking op oupa Looi gehad wat op daardie oomblik nog in die bed was en gelyk het asof hy nooit weer sal opstaan nie.

Delabat, delabat, delabat het die wiele gesing. Goeiste genugtig, waarom het hy nooit eerder daaraan gedink nie? In Bloemfontein was daar mos 'n hartspecialis met daardie naam, Reynier de la Bat, seun van 'n ou geslag huisdokters wat in die Heilbergse tyd baie goed met die Bruijns-mense bevriend was. Sowat 'n maand of twee gelede het 'n kennis hom vertel dat een van die De la Bat-seuns 'n praktyk in Bloemfontein het.

Voordat jy kon sê De la Bat was oupa Looi in sy beste kisklere stasie toe, waar hy geluk bo geluk, nog die dorp

se enigste huurmotorbestuurder, Af-armpie van Rooyen, aantref, besig om by die kraampie oor 'n koppie koffie te gesels voordat dit vir die res van die dag sou sluit.

Toe die trein Rouxville se stasie binnestoom, hou Af-armpie van Rooyen met 'n behendige een-arm draai voor die stasie stil. Nee, hy wou nie betaling hê nie! Kyk, hy was mos self eenmaal 'n spoorwegman, 'n rangeerder, voordat hy sy regterhand in 'n ongelukkie by die rangeerdery verloor het. Hy het nog altyd 'n ou aksie teen die spoorweë want hy glo vas dat dit onder meer aan die knoeiery van die spoorwegdokters te wyte was dat hy afgedank is en hy het nou nog nie al die geld uitgekry waarop hy, na sy mening, geregtig was nie. Hy het toe maar huurmotor gaan bestuur — 'n werk wat hom gereeld stasie toe sou neem, want soos die spoorwegman wat hy nou eenmaal in hart en niere was, kon hy maar nie lank van die swart spoorstawe en die opwinding van die binnekomende en vertrekkende treine wegbly nie. "Nee wat, Looi, gaan maak maar perde vir die reilwies, dis betaling genoeg vir my," het Af-armpie met die groetslag gesê.

Ook die stasiepersoneel het gou aan oupa Looi se manier van optrede en veral aan sy eksie-perfeksie kravat en die beste swart hoed, windmaker op een oor, agtergekom dat oupa Looi se besoek aan Bloemfontein perde gaan veroorsaak. Wat en hoe presies, was vir hulle duister, maar dit kon hulle ook nie skeel nie. Solank daar maar perde kom, want hulle was lankal sat en siek vir die ou spul in Hoofkantoor. Ja-nee, as Looi Bruijns soos 'n kapokhaantjie drafstap en blaas-blaas op sy ramshoringsnor, gaan daar kort voor lank 'n vesting val en dis maar te hope dat dit hierdie keer die heilige mure van Hoofkantoor in Johannesburg sal wees. Die telefoondrade al langs die spoorlyn Bloemfontein toe het daardie dag nie net van amptelike gesprekke oor treinbewegings ensovoorts gegons nie. Toe oupa Looi in Bloemfontein aankom, het sommige spoorwegmanne met vererende oë na hom gekyk, terwyl andere met vrees in hul harte onderlangs gevloek het. Oral is wild gegis en is die amper-krisis in die parlement daardie keer na aanleiding van oupa Looi se "stiptelikheid" uit die versterkwater gehaal en met groter afmetings en kleur en geur bespreek.

Inmiddels was oupa Looi salig onbewus van al hierdie opgewondenheid en hy het min vermoed, nog minder as

die fluisterende masjiniste in Bloemfontein en elders, dat dit hierdie keer sy "hartaanvalle" sou wees wat in die parlement weer eens die een woordgemeen na die ander sou laat ontstaan en tot 'n diepgaande ondersoek in die spoorweë se mediese dienste sou lei.

Soos die geluk dit wou gehad het, was dr. Reynier de la Bat juis in sy spreekkamer toe oupa Looi aanklop. Soos dit goeie Kapenaars, ou vriende en beskaafde mense betaam, is daar eers heelwat vrugte gepluk en geproe van die familiestambome wat deur die jare aansienlik gegroei het. Toe verduidelik oupa Looi kort en bondig wat met hom gebeur het en wat nou aan die gang was.

Dokter De la Bat vra hom toe om die bewegings na te boots wat hy maak as hy deur daardie skerp es-draai gaan. Oupa Looi loer toe ook weer skerp links, sodat sy nek 'n knik kry. En so amper-amper val hy weer flou en uit sy stoel uit.

"Dis nou genoeg, oom Looi. Jy makeer absoluut niks nie, man. Wat my betref kan jy môre weer aan die werk gaan," kom die kommentaar van die glimlaggende hartspesialis. „Agge-nee, dokteg, die spoorwegdokteg sê my hart . . . ,” begin oupa Looi teenstribbel.

"Sy voet in 'n visblik, Oom. Jou hart loop nog net so kragtig en goed geolie as jou lokomotief. Dis nie jou hart wat jou pla nie maar daardie hoë, harde boordjie van jou."

"Hoegesê, Geynieg?"

"Dis die boordjie, oom Looi. Jy het mos netnou gesien en gevoel wat gebeur as jy so swaar na links oorbuig met jou kop. Kyk, 'n mens se slagaar van die hart na die kop loop aan die linkerkant van jou nek onder die oor in. Druk jy hom toe dan word jy bewusteloos. Druk jy hom lank genoeg en hard genoeg toe, kan dit jou dood veroorsaak. En dis wat jou boordjie elke keer gedoen het. Gaan stuur nou eers vir die tante 'n telegram om haar gerus te stel. Gaan skaf dan vir jou ander soort boordjies aan, die sagte, lae soort en kom dan vanaand na my toe vir finale behandeling. Ek het daar net die regte drankies vir jou, afkomstig uit my broer se wingerd in Heidelberg, die een net agter die heuwel. Oom weet seker nog van hom?"

"Geniepstjie, om die wargheid te sê, het ek nou heelwat jage nie meeg my lippe aan die ou goedjies gesit nie. Maag as jy iets het wat uit daagie wingegd uitkom . . . ja-nee dan sal ek maag vanaand by jou oogbly."

“Pa sal bly wees om Oom na al die jare weer te sien.”

“Jou pa, oom Hengie, ook hier by jou? Maggies maag ek is al klaag weeg bloedjonk. Hy staan daggem al lankal ou gam se kant toe. Ma’ wag, ek gaan maak gou soos jy gesê het.”

Die mansuitruster het dae lank oorpyn gehad van al die geglimlag nadat oupa Looi sy winkel met ’n sakvol sagte boordjies verlaat het. Die goed het pas in die mode gekom, maar fatsoenlike mense het nog verkies om die lae maar harde, gestyfde boordjie te dra, met die gevolg dat die mansuitruster ’n strop aan die sagte, slappunt boordjies gehad het.

Oom Henri de la Bat het hom die aand so siek gelag dat hy telkens ’n slukkie van die wingerdmedisyne moes inneem. Die volgende dag het hy egter Kaap toe vertrek en met doodse erns die saak van oupa Looi onder sekere mense in die parlement se aandag gebring. Die De la Bats was naamlik ’n ou familie wie se lede onder die hoogste kringe in die land ingetrou het deur die jare heen. Buitendien was hy een van ’n reeks bekende dokters en sy seun ’n hartspecialis van naam. Die resultaat van sy reis was, soos die manne op Rouxville en elders verwag het, perde . . . perde tot in die hoogste stalle. En oupa Looi het spoedig weer op sy geliefkoosde lokomotief gery.

Toe oupa Looi die dag, jare na hierdie voorval, met pensioen afgetree het, het sy kollegas hom onder meer ’n outydse hoë boordjie met goudbrokaat oorgetrek en met ’n grys sykravat daaraan vas, waarop hulle voorletters kunstig in goudkleurige sy opgewerk is, oorhandig.

O ja, ek wil nog vertel dat na die slag toe oupa Looi die spoorwegpersoneel so omgekrap het met sy stiptelikheid, hy beveel is om ’n oorpak aan te trek, sodat hy ten minste soos ’n masjinië lyk. Dit het nie baie gehelp nie, want net voordat hy by ’n stasie ingestoom het, het oupa Looi die oorpak uitgetrek en uitgeklim, swart pak, kravat, wit hemp en swart hoed en al. Na die saak met die hoë boordjie is alle spoorwegpersoneel verbied om ’n hoë, harde boordjie te dra — ’n opdrag wat soos mosterd na die maal was want toe het selfs oupa Looi reeds van syne ontslae geraak . . . en hy was die enigste man op die ganske spoorweë wat destyds nog een gedra het. Die romantiek was al lankal uit die spoorweë aan ’t verdwyn.

A. A. SNYMAN:

## Digter

*As kind het U hom oorgegee aan smart,  
dikwels deur 'n oond van menslike verdriet  
laat gaan; nou vang hy daeliks uit sy hart  
se bak die bitter druppels van 'n lied.*

## Komponis

*Jare lank het hy met stom verwondering  
die towerfluite in sy bors hoor sing;  
geluister na die bitter klag waarmee  
sy hart aan elke pyn geboorte gee.  
En telkens wou hy weer opnuut die plek  
en oorsprong van die seergeluid ontdek,  
wou hy dit smoor totdat die krete stil  
geraak het in sy oor; hy wou vervul  
wees met die diep genade van die rus  
en vlug waar klankelose dinge is.*

*Maar toe die dood kil in sy lende kruip,  
en vér die laaste, goue note druipe,  
het hy verslae, maar eindelik, oplaas  
geweet: dis God wat daardie fluite blaas!*

## Arbeiders in die Wingerd

*Ek arbei van vóórdag af reeds hier  
waar vuilgoedopslag in die wingerd tier.*

*Hý het eers kort na middagete sterk  
ingeval, en net die laaste skof gewerk.*

*Nou staan hy met sy sweetblink lyf vlak voor  
my in dieselfde ry — ek sien die goor*

*ou broek wat om sy liggaam sit,  
die hande wat so vlytig graaf kon spit;*

*en op my vingers reken ek die skaal  
waarteen die Hoofkassier hom moet betaal.*

*Maar toe hy stil wegloop uit die gedrang  
wis ek: óns het dieselfde loon ontvang.*

## Petrus

*Wanneer aie kers vannag laag brand en blus,  
en alles om my stil geword het, Heer;  
laat my honger lippe dan U voete kus,  
die pyn wat diep in vlam, verkoel wanneer  
my trane daarop drup — en laat my soek  
na U deurboorde sy, die dik rooi lit  
wat oud geword het, voel en weet: die vloek  
van Eden sal vir altyd daar bly sit.  
Maar laat my nie, o, Heer, die Hand verguis,  
verag en spottend van my skouer klap,  
die haat in my teen hierdie leë huis  
uitskreeu — tot eindelijk ek suf en pap  
na buite dwaal om daar bitterlik teen  
die koue mure van my hart te ween . . .*

## Die Wederkoms

### 1. DIE GROOT VERDRUKKING

*Daar was oorlog, haat en nyd; die mens het God vergeet — Sy  
Wet —*

*met kernkrag die aardkors oopgeruk tot al sy binnegoed  
uitpeul, verstol tot aakligheid — en duisende het in sy smet  
vergaan. Aardrillings het die watervloed  
van sewe seë weggesluk. En oor die vlaktes van  
die eeu het luid die hoefslag van die oordeelsdag  
gedreun; en pestilensies, siektes het van man  
en vrou en kind en dier die lewe uitgeslag.*

*Maar uit 'n donker, steil vallei en stof het een  
bly skree en skree: „Ek is die Christus, die Herrysene!”  
En in sy hand het hy 'n klip tot brood gekneus, verneem  
wie honger het en uitgedeel; ook uit die dor woestyne  
het hy blink waters oopgekloof — daarna nog baie tekens aan  
die sterwendes getoon en hulle het hom aangekleef,  
met blydskap hom die wêreld oor geprys, in ydel waan  
gejuig: „Die Christus is gewek, Hy leef, Hy leef!”*



*Tóe het die groot verdrukking eers gekom soos daar in al die tye en geslagte heen, en ook daarná nooit weer sal wees Die valsprofeet het brullend rondgegaan om almal te verslind wat teen sy koninkryk volhard en hom nie vrees God se kinders wou hy blind van haat uitdelg, aan stukke skeur en vir die honde werp. Maar hul het uit die leegtes van Judéa na die berge weggevlug en daar deur al die ure saamgebid dat Hy sy Reddingsplan*

*tog moet verhaas, ter wille van die uitverkorenes: die vroue wat in eerste angs en barensood sonder sterwe elke pyn uitgil — die helse lis waarteen geen vlees vir ewig voor die gryping van die dood kan vlug; die godverlatenheid wat uit die harte snik en roep dat hierdie tyd verskriklik en onleefbaar is. En sal Hý dan sy kinders uit sy hand laat ruk, laat wegstort in 'n ewiglike hel van duisternis?*

*Of sal Hy sy belofte hou en kom, in alle heerlikheid, die ganse mensdom slaan tot inkeer en tot weet: „My Woord is hard, onwrikbaar ingedrywe in die tyd se ysterrots — 'n wig waarmee Ek julle nog sal spleet dat elke siel wat asemhaal in stof en as voor My sal buig. Maar leer dan van die vyeboom: wanneer sy takke teer word van die vogtigheid, sy blaar gebore word en ruig sy koelte is — dat dan die somer naby is. Weet ook wanneer*

*jul al die dinge sien, My tyd is voor die deur. Ja, Ek sal kom wyl dié verdraaide valsgeslag nog sing en jubel, dronk lê in die luste wat die vlees verwek. Dié dag en uur sal niemand ken. Want soos die weerlig in die ooste kaats tot teen die westelike hemelspieël, so sal My koms ook wees. En julle wat nou weet, koop uit die tyd, verrig die goeie wyl daar daglig vlam; en deel in alles uit my Huis, want kom die nag, sal Ek my deure sluit!”*

## 2. DIE OORDEELSDAG

*En ná die groot verdrukking het die son sy strale trugetrek, die maan sy lig verdoof; verskriklik was die duisternis wat op die wye skepping toegesak het, dik en swaar, gestrek tot teen die verste koepel van die ruim. Die sterre 't geblus, losgeruk en uit die lug soos groothael op die aarde neer-gereën. Toe sidder al die kragte asof Hy met één slag als fyn wou stamp, die ganse kosmos wou verteer. Watter been en bloed sal nie voor hierdie saamgedronge Krag*



verkrummel nie — sodat Sy woorde eindelik vervul sou word: „en elke knie sal voor my swig!” Oor wie se lippe sal dan nie die Naam van alle name skeur, die angsgebede gil? Maar daar is ook geskryf: die stamme van die heelal sal — van Adam af tot by die jongste ongebore kind — rou bedryf en weeklaag. Want hul was nog nie gereed, onklaar voor hierdie min verwagte koms, net soos 'n koue wind wat in die somer waai, of vissermans wat buite die seisoen gaan vaar.

Op die wolke het hul Hom sien daal in blinke majesteit en krag: Seun van die mens! Die hemele het uitgeroep, gesing, in spierwit vlamme opgegaan en hierdie aarde beenwit uit sy as gelig, 'n ronde glas waardeur die swakste blik kon dring. Sy Oog het van die Ewigheid se Lig gebrand, Sy Stem was soos die knal van duisend swepe in 'n kloof, en Hy het in sy Hand die septer van Oorwinning vasgekleem — elke mond gedwing om hom as Vader te bely.

Toe het Hy sy engele gestuur, die vier windstreke in; met sidderende, skal trompetgeklank, die uitverkorenes versamel, van die end waar die hemele begin tot aan die grense wat onmeetlik is. En die geveinsdes het Hy met die skerp kant van die swaard verdryf, soos bokke van die skape afgeskei: Twee was op die land gewees die een is aangeneem, die ander een verlaat, verban. By die meul is een vrou weggeroep, die ander een in vrees

en godverlatenheid gewerp. En toe het Hý ook dié byeengebring aan wie Hy sy talente uitgedeel het, elkeen na sy aard: en hulle was getrou, gediensdig in die vreugde van die arbeid — maar net één het bang gekla: „U was 'n harde man met my en daarom gee ek nou die een talent weer sonder winste trug.” Toe rig die Heer hom op en sê: „Jy het vir My geken, maar nog was jy ontrou, jou lui en slegte dienskneg! Ek het jou een keer

oor weinig aangestel, as minder sal Ek jou nou uit my mond wegspuug. Neem dan sy een talent en stuur dit aan die vriend wat vele skatte het, maar smyt die nuttelose kneg daarbuite in die duisternis en vuur. Want het Ek nie aan julle dit geleer: dat elke een wat iets besit, veel meer op hierdie dag van My sou kry; maar hý wat niks het nie, hom sal Ek nie seën nie maar vervloek, en dit wat syne is ook vat vir My!”

### 3. DIE EWIGHEID

*En daarná liet Hy op Sy troon gesit; die engele rondom Hom geskaar — die skape aan Sy regter- en die bokke aan Sy linkerhand. En elke siel was naak en stom, verslae oor Sy Woord se krag wat deur hul harte slaan: „Geseënd is julle, skape van My wei, my Koninkryk sal julle erf; my Heiligdom het Ek reeds van die grondlegging af aan elke kind bemaak. Want Ek was honger, dors, en kyk julle het vir My te eet en drink gegee — tot versadiging . . .”*

*Toe roep hul uit: „O, Meester, wáár het ons U dors gevind en honger, waar aan U gegee om saam met ons te eet en drink?” „Voorwaar Ek sê: Sover jul aan die klein geringste kind gedink het en gedoen, só het julle ook aan My gedink!” Toe sê Hy ook aan dié wat aan sy linkerhand versamel was: „In jul poorte was Ek nakend, siek — ’n vreemdeling, maar julle het My kil verstoot, verag en ook gelas om weg te gaan . . . en dáárom sê Ek nou: vervloekteling*

*in ewigheid sal Ek jou nooit vergeef, gaan weg van My en dien die satan met sy duisternis!” Tóe skreeu hul uit, smEEK: „Here, wanneer het U hierdie dinge deurgemaak, gely, dat óns daarvan niks weet?” Hy lig Sy Hand en steek dit na die heiliges: „Ter wille van My naam is hul geslaan, gegésel tot die dood — maar júl het hard gebly tot hier toe nog. Gaan weg!” Toe het Hy met Sy kinders in Sy Huis gegaan, die deur gesluit, en saam die feesmaal van die bruidegom gevier . . .*

P. J. NIENABER:

## L. H. Meurant se Zamenspraak\*

As ons daaraan dink dat daar die afgelope honderd jaar, sinds die verskyning van die eerste twee Afrikaanse boeke in 1861 reeds 15,000 boeke in Afrikaans gepubliseer is, dan het ons rede om fees te vier. Daarom verheug ons ons ook dat hier soveel uitgewers aanwesig is, en sonder om uitsondering te maak, verbly ons ons veral oor die teenwoordigheid van een van ons baanbreker-uitgewers — ons is dankbaar dat hy nog onder ons is: ons bedoel mnr. J. L. van Schaik.

Die eerste voorbeeld van geskrewe Afrikaans dateer uit die jaar 1795; daarna volg nog enkele verdwaalde sameprake en briewe totdat L. H. Meurant op die toneel verskyn. Hy is in 1811 gebore en in 1893 oorlede. Sy vader was uit Switserland afkomstig, en sy moeder, Elize Humphreys, uit Londen. Hy kies 'n drukkersloopbaan, en gee in 1831 die eerste koerant in die Oostelike Provinsie uit; as kommandant neem hy aan verskeie Kafferoorloë deel; by geleentheid van die aanbieding van 'n Bybel aan Voortrekker Uys in 1837, tree hy op as tolk; hy word later magistraat en uiteindelik parlamentslid. In 1844 gee hy in Grahamstad 'n Hollandse koerant uit: *Het Kaapsche Grensblad*. Daarin verskyn Afrikaanse stukke, meestal briewe — die meeste uit die pen van Meurant self. Dit is nog gewone, konvensionele volksprosa met genoeg spankrag vir die klein dingetjies van 'n ongekunstelde pastorale lewe. In 1850 verkoop Meurant sy koerant, en tien jaar later ontmoet ons hom weer, nou magistraat op Cradock.

Sedert die aankoms van die Britse Setlaars in 1820 in die oostelike deel van die Kaapkolonie, is daar aanhoudend vertoë tot die Britse owerheid gerig om aan die nuwe immigrante aparte bestuurlike regte toe te staan sodat hulle nie onder die regering in Kaapstad moet lewe nie, maar onder hulle eie regering met dieselfde regte as wat deur die Westelike Provinsie geniet word. Meurant was 'n sterk voorstander van die afskeidingsbeweging, en gedagtig aan die sukses van sy Afrikaanse stukke in *Het Kaapsche Grensblad* tussen 1844 en 1850, skrywe hy toe twee samesprake

\* Feesrede uitgespreek in Johannesburg, Junie 1961.

in die plaaslike Engelse weekblaadjie *The Cradock News*, wat dit as 'n "Hollandse Byvoegsel" uitgegee het (4 en 11 Des. 1860). 'n Ongekende populariteit het die twee "Byvoegsels" te beurt geval waarvan 3,000 onder die Boere as propagandalektuur versprei is. J. S. Bold, drukker en uitgewer van *The Cradock News*, het hom soseer aangemoedig gevoel dat hy besluit het om 'n Hollandse weekblad uit te gee: *Het Cradocksche Nieuwsblad*, en hierin publiseer Meurant nog vier samesprake. Op Van Riebeeckdag, 6 April 1861, word die samesprake in boekvorm uitgegee onder die titel: *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het Onderwerp van Afscheiding tussen de Oostelyke en Westelyke Provincie*. Hier is dan ons eerste Afrikaanse boek!

Die titel is nog Nederlands, maar die teks van die gesprekke is dwarsdeur in Afrikaans. Die spellingstelsel is nie op vaste reëls gebaseer nie, en neef Klaas spel maar op goed geluk af: nou rig hy hom na die Nederlandse skryftradisie, dan weer is sy voorstelling foneties. Meurant noem sy taalvorm "Dopper-Hollands". Dit is geen plat-Afrikaans nie; neef Klaas is 'n belese, denkende Dopper en Oom Jan met sy vrou Tante Elsie goeie, aristokratiese, ryk Boere van die ou stempel: hulle taal pas by hulle stand. Hierdie kringe ken Meurant goed en hierin beweeg hy hom graag. Van die begin af voel die leser dat hy nie hier die klugtige en boertige het nie; die karakters is nobel en word met liefde voorgestel. Die Afrikaner word nie in en deur sy taal bespot nie, maar getipeer. Meurant beskik oor 'n besondere stylvermoë. Die opvallendste eienskap hiervan is die lewendigheid en beweeglikheid. Hy is 'n moedige debatteerder. Hy stel al die besware van sy teenstanders helder en pertinent, en raak dan slaags. Sy argumente is nooit abstrak nie, maar staan in helder lyn teen die horison uit. So is die Oostelike en Westelike Provinsies vir Neef Klaas twee Boere wat in 'n maatskappy is; albei dra gelyklik by tot die koste van die boerdery, maar die een vat al die wolgeld en bou daarmee damme en paaie op sy plaas. So verduidelik hy dit vir Oom Jan, maar vir tant Elsie stel hy die twee provinsies as twee meide voor van dieselfde man, die regering, wat alles op die vrou in die Weste spandeer en aan haar in die Ooste net nou en dan 'n rooi kopdoek stuur. Dit is tog nie Christelik dat een man twee vrouens moet hê nie!

In dieselfde jaar (1861) skryf Meurant in *Het Cradock-sche Nieuwsblad* 'n reeks briewe waarin hy vertel hoe dit met die afscheidingsdebat in die Parlement gaan. Hierdie briewe staan letterkundig veel hoër as die *Zamenspraak* — dis 'n menslike verslag van fyn kwaliteit. Die briewe is ook deur ander koerante oorgeneem, en daarin druk gelees en ywerig nagevolg. In *The Friend* van die Vrystaat ontstaan 'n ongekende skryflus in "Boere-Hollands". Dit is die gevolg van Meurant se skitterende aanwending van die volkstaal, veral met 'n geestige inslag.

Meurant het groot invloed gehad met sy Afrikaanse stukke, maar anders as wat hy bedoel het. Allermens het dit in sy bedoeling gelê om as taalpropagandis op te tree, en tog wou die ironie dat hy juis in dié opsig 'n aktiewe mag sou word. Meurant het die stoot vir 'n skielike opbloei van 'n Afrikaanse perslitteratuur gegee. Hy het 'n ongekende skryflus ontketen en 'n beweging aan die gang gesit wat 'n tempo verkry het waaraan niemand 'n jaar vantevore sou geglo het nie.

Ek herhaal: die invloed van Meurant se boek en briewe was geweldig groot, maar in 'n ander sin as wat hy bedoel het: hy wou die Boere tot 'n politieke standpunt oorhaal deur hulle in hulle eie taal te oortuig. Hy wou allermens die taal begunstig het. Maar tot die afscheidingsplan het hy hulle tog nie bekeer nie, dog wel 'n menigte volgelinge gekry in die skrywe van Afrikaans. Ons bring vanaand hulde aan die nagedagtenis van die skrywer van die eerste boek in Afrikaans: Louis Henri Meurant.

Daar bestaan 3 eksemplare; herdruk in P.V.

BAREND J. TOERIEN:

## Asof

*Asof alles anders word.*

*Asof kweek sigbaar aankruip, deur my rank en wortels in my afgooi.*

*Asof om middernag namakwadijies mik na my hul liggeel bekkies, koes en mik, en dan, en bietjie-bietjie, vleis in repe van my bene pik.*

*Asof strelend. Asof bokkies deur die bosse wewe. Wolke swewe so asof vir altyd en van lankal, langsaam.*

*Asof 'n klippie in 'n spieël afsak, stil, sonder „ploemp” en toegevoeg word deur die spieëlgolwe.*

*Asof ek self die spieël instap. En alles sagter word, wegsterf. Ek sterf, die stewenstille meer dan alles sê en alles sê.*

*Asof —*

## 'n Jag

*Perderuiters jaag die berg langs.*

*Hul jag die jakkalsie, jaag hom op en oor die lande soos hul dol jaag sny hul spoor in sy angs.*

*Die angstige honde strompel, hul vangs in gretige vooruitsig. Die dood is die enigste sekerheid maar by daglig skaars sinvol. Dog (soos 'n spel, 'n amper-dans) neem dit sy gang.*

## Ma vlast

*Ek sien my ou speelmaats elk met 'n graaf stap na die wingerd met hul flenters aan; en ek sit met 'n potlood oorgehaal.*

*Hul wat my naam gebruik het noem my baas deesdae, selfs grootbaas as ek wyn gee saans en hou hul dop vir 'n pasella uit.*

*Ons was onskedbaar eens. Nou's ons apart.*

*Maar hoe't ons die patroon so lig aanvaar?*

*Het hul my nie gevloek, nie teen my uitgevaar?*

## Die .22

*Mans het my aangemoedig:  
met 'n geleende windbuks en ons honde  
hoor ek my pa en stoep-ooms met koppies in hul hande,  
„Wees 'n man, wees manmoedig!”*

*Maar vrouens was onwillig  
om my te laat gaan, het my swaar gegun  
nuwe vryhede, nuwe omstandighede. My ma het gemuan,  
„Pas tog op, wees versigtig!”*

*„Swawels is heilig,”  
het my suster gesê, „soos kwikstertjies, en duiwe.  
Hul mag jy nie skiet nie, dis sonde, belowe!”  
O, hulle was veilig!*

## Die landkaart

*Hand, harig, beard,  
jy sê: Lees my kaart,  
jy sê: Lees wat my plooië uitspel:  
Ons is reeds in Maart.*

## Lente

*Die Lente breek weer deur aanstons  
met voëls en bont. Kom, laat ons  
ons verliese tel; hoeveel staan op?  
Die krokus soos 'n mol stoot reeds 'n knop.*

## Met die sien van wind-verwaaide bome

uit die Engels van Adelaide Crapsey

*Vertoon ons lewens ook, geknoes, verdraai,  
so duidelik hoe het die wind gewaai?*



## Fragment: Hermanus

*'n Waaisel reiers dryf verby  
songeel aan die onderkant.  
Hul gaan slaap agter die sonsondergang  
anderkant die ou hawe.  
Dit is laat. Kom.*

## Spanje

*Van ons reis na Spanje  
onthou ek een ding veral  
— nie die lenoene se oranje! —  
maar vlak by die Escorial  
het swart gejurkte monnike  
geskop 'n sokkerbal.*

## „Letterkundige tydskrifte”

*Tot hoever kan letterkunde  
sus die brein voordat 'n lig  
uitwaaier en die onrusbarende  
lewe om ons vlieg in sig?*

## Dans om die vuur

*Besin, besin, witman jou lot  
as jy borrel in ons pot.  
Jy't ons oortuig ons is diegene  
met gebrek aan proteïne.*

ABEL COETZEE:

## Klein Begin - Aanhou Win\*

DERTIG LIEDEREN: D. C. ESTERHUYSE 1861

In die lewe van 'n volk is honderd jaar soos 'n dag. 'n Mens staan elke more op, jy doen jou pligte soos hulle vir jou opduik. En omdat dié pligte sommerso langs die pad vir jou opstaan, lyk hulle vir jou so bekend, so doodgewoon, so niks besonders. Jy doen hulle en gaan dan voort, vergeet daarvan asof dit so vanselfsprekend is.

Tog, op 'n goeie dag, honderd jaar later, staan jou nacomelinge stil by iets in die volkslewe wat intussen uitgegroeï het tot 'n magtige, skaduryke boom vol lower waarin baie dinge skuiling vind. En as hulle begin navraag doen, agteruit loop die verlede in om by die oog van die fontein te kom, dan beland hulle by 'n nietige, onbeduidende, bykans belaglike ou dingetjie van 'n honderd jaar vroeër.

So het dit vir ons Afrikaanse volk verloop op elke deelgebied van ons kultuurlewe, en so het dit vir ons verloop op die gebied van die letterkunde, by name ons poësie.

In 1814 is daar op 'n Swellendamse plaas 'n seuntjie gebore in die huis van 'n baie arm egpaar Esterhuyse, en hulle het die seun genoem Daniël Christiaan. Hy het arm groot geword, maar nege weke formele skoolonderrig ontvang en toe kneg geword op die plaas van 'n welvarende boer. Hier was hy so sorgsaam en vooruitstrewend dat hy later die plaas van sy werkgewer koop. Nog later doen hy afslaerswerk en beredder boedels. Hy word stigterslid van die dorpie Sutherland, is jare lank ouderling van sy kerk en dien in die boukomitee daarvan. Toe hy in 1896 te sterwe kom, was hy nie net 'n gesiene man in sy samelewing nie, maar ook welgesteld. Sy boedel het R70,000 bedra.

Maar soos in die lewe van alle mense, kom ook in sy lewe teenslae, bitter terugslae wat hom baie naby aan die hart gryp.

Vir hom het een van die bitterste dae aangebreek in 1855 toe hy 41 jaar oud was, in die volste bloei van sy lewe. Op 'n dag gee hy aan sy oudste seun, 'n tweejarige knapie, veldkos om te eet, wilde uintjies of kraaitulp. Sonder dat

\* Feesrede uitgespreek in Johannesburg, Junie 1961.

ANNO 1811 DEN 1 AUGUS-  
TUS BENIK GEBOREN  
DANIEL CHRISTIAAN  
ESTERHUYSE; EN  
DEN 15 SEPTEMBER 1843  
IN DE HUWELYKEN  
STAAT GETREDEN  
MEET WILHELMINA  
JOHANNIS JOHANNIS  
DIE GEBOREN IS  
ANNO 1824 DEN 18 JUNY

ANNO 1844 DEN 13 JULY  
IS GEBOREN MIJN  
ZONN WILHELMUS  
JOHANNIS  
EN DEN 20 SEPTEMBER 1846  
HEEF HEM DE HEEL NA  
DE EEUWIGHEID GENEEM

*Bo:* Lewensbesonderhede van die digter D. C. Esterhuyse.  
*Onder:* Besonderhede betreffende die seun Hermanus wat dood is  
aan vergiftiging.  
[Uittreksel uit Familiestamregister, verstrekt deur A. N. J. Esterhuyse]

die vader dit wis, was die goed giftig, en enkele uur later was sy kind 'n lyk.

Dis 'n welbekende feit dat kunstenaars langs verskillende weë kom tot 'n ontdekking van hulle skeppingsvermoë. Daar is die een soort kunstenaar wat 'n leeftyd lank kalm, bedaard en gewoonweg lewe, sy daaglikse pligte verrig, die dinge van die werklikheid en die ongesiene dinge oorpeins en so in hom opneem dat hy hom voel soos ongeveer 'n deel van 'n bedding waarlangs die stroom vir geslagte en eeue en millennia reeds gevloei het, en waarlangs die stroom ná hom nog sal bly vloei tot aan die einde van die tyd. Sy lewensbeeld word stadigaan ryper, meer gevorm, dit neem toe aan skerpte van omlyning, en op 'n dag vind hy dat hy iets te vertel het aan sy medemens oor die waarheid, waar waarheid vertolk moet word as lewensinsig.

'n Ander mens het ook min of meer onbewus geleef en net maar vaagweg vlietende gedagtes gewy aan die ongesiene dinge en sy weg vervolg, steeds toegespits op die stoflike dinge: die noodsaak om die liggaam te klee, te voed en te herberg. Hy verower stoflike besit, en daardeur aansien en gesag in sy omgewing en hy reken dat hy 'n hele piet is sonder wie die volkslewe tot stilstand sal kom. Dan, op 'n goeie dag, gaan daar 'n gapende afgrond voor sy voete oop, 'n afgrond waarin sy goedgeordende bestaan, sy stoflike besit, sy persoonlike aansien dreig om te verdwyn. Vir hom is dit 'n skok dat dit met hom kan gebeur, en as hy 'n mens is met 'n sterk persoonlikheid, noop hierdie gewaarwording hom tot stilstand en selfondersoek, dit noop hom om veiligheid te soek, dit dwing hom om die wêreld van die stoflike uit te vlug in die wêreld van die ongesiene dinge in, in die wêreld waar geestelike waardes toef.

In hom ontwaak 'n onkeerbare drang om gestalte te gee aan die waardes van die gees wat hy met sy krisisverhelderde oog sien, waardes wat hy bykans fanaties aan sy medemens wil opdring omdat hy besef dat die lewe maar kort is, en deurdat hy in die waan verkeer dat ander tydgenote nie waarneem wat hy nou skielik waarneem nie.

In die meeste gevalle werk hierdie twee faktore gelyktydig en daar is feitlik geen kunstenaar wat 'n suiwer tipe is in die een of ander rigting nie.

Vir Daniël Christiaan Esterhuyse het sy lotsdag dan aangebreek in 1855, toe hy aan sy oudste seuntjie eiehandig die dood oorhandig. As geharde voorposmens moes hy

gewoond gewees het aan dood en ontbering. Maar wat gedreig het om hom te vernietig, was die gedagte dat hy self die dood aan sy kind uitgedeel het. Hoor hom kla:

Ach, Hermanis! ach, Hermanis!  
U te missen valt mij zwaar,  
daar gij vroeg van mij gegaan is  
door den dood . . .

. . . op zulk een wreede wijze  
kwam de dood heel onverwacht,  
door het eten van een spijsze,  
die 'k u zelf heb toegebracht,  
sterft gij in mijn arm en schoot,  
zulk een snel subieten dood.

Ach, wat is aan my gebeuren?  
Ben ik dan uw moordenaar?  
Heb ik dan geen stof tot treuren?  
Is dat lot niet hard en zwaar?  
Schoon ik heb het niet geweet,  
dat gij u de dood in eet.

Echter klink die nare klanken,  
dat mijn kind zijn vroegen dood  
aan zijn vader heeft te danken,  
O! wat is mijn smarten groot . . .

Hy, die welvarende, die gesiene — moordenaar van sy eie kind! Die skok daarvan dryf hom dieper die godsdiens in, en hy soek na 'n middel om uiting te gee aan sy gedagtes. Dit probeer hy doen deur die geskrewe woord, en omdat hy nie skoolgeleerdheid gehad het nie, grotendeels outodidak was, het hy hom gewend tot dié dinge waarmee hy en sy mense gewoon was om uiting te gee aan die opgekropte gevoel, die kerklied soos vervat in ons Psalms en Gesange.

Opvallend maak hy in hierdie geval gebruik van die ritme en rymskema van Gesang 68, met die kenmerkende eerste reël: Zalig, zalig, niets te wezen. Opmerklik, sê ek, want in daardie Gesang vind ons die diepste verootmoediging van die mens voor sy Skepper in sy besef van eie onbenulligheid en verganklikheid. Instinkmatig laat sy besef van skuld, al is dit onbedoelde skuld, hom gryp na dié Gesang waarin hy gewoon was om uiting te gee aan sy godsdienstige besef van onderhorigheid en onvermoë teenoor sy Skepper.

Orals waar mense nuwe geesteservarings opdoen waar-  
aan hulle uiting wil gee, gryp hulle onwennig eers na 'n

bekende model. Poëtiese roeringe is iets wat tot dan toe nie by ons mense so te sê bogedryf het nie; daarvoor was hulle toe nog te veel baanbrekers, voorposmanne by wie die nugtere noodsaak om te bly lewe die swaarste geweeg het. In die tweede helfte van die negentiende eeu word ons volk toenemend ontvanklik vir hierdie nuwe soort ervaring, wat 'n teken is dat die Afrikaanse mens op 'n ander geestesvlak begin beweeg en geestelik volwassener of veelsydiger word, bewus van sy eie bestaan as aparte wese. En vanaf 1875 sien ons hoe almal wat in Afrikaans wil dig, die rym-skemas, woordeskat en beeld van die Psalm-Gesangeboek en van die Bybel naderhaal om moeiszaam mee te deel wat in hulle roer. Maar ook wanneer ons begin prosa skryf sien ons hoe bestaande boeke as model aangegryp word: *King Solomon's Mines* (Rider Haggard) / *Die Koningin van Skeba* (S. J. du Toit). Waar ons so 'n verskynsel waarneem, praat ons gewoonlik van volkskuns in die beste sin van die woord. Ondanks die skerp persoonlike ervaring wat hom tot kunstenaarskap dwing, is Esterhuyse se poësie volkskuns: dit maak nie net gebruik van die bestaande model nie, maar dit beweeg ook op dieselfde godsdienstige vlak wat algemeen gangbaar was. Ondanks die individuele inslag, bly hy dus nog onafskeidelik lid van die groep en hy dig in terme van die gemeenskaplike ervaring.

Soos die oorspronklike titel van die bundel aandui, het ons van hom dertig "liedere". Sonder 'n enkele uitsondering is hulle almal gebou op 'n bekende patroon. Selfs in die twee voorlaaste gedigte, waarin hy kla oor die toon van *Di Patriot* en *De Volksblad* en in sy slotsang, waarin hy sy kuns probeer goedpraat deur 'n openbaring van sy skoolloopbaan, gebruik hy die patroon van Ps. 100. Hierdie gedigte is die eerste keer gedruk in 1861 (Aug.?) vir private verspreiding onder familielede; dis herdruk in 1910 en weer in 1935.

Let ons op die kerklike modelle wat hy gebruik, kan ons daaruit aflei wat ons mense van destyds graag gesing het: Neig o Heer uw gunstig ooren; o Heer wil mijn gebeden horen; Juig aarde juig alom den Heer; Mijn geroep uit angst en vreesen; Zing nu blij te moe; Moet gij steeds met onspoed strijden; Prijs den Heer met blijde galmen; Groot en eeuwig Opperwezen . . . U merk dit: heelwat van hulle het geliefde sanggoed gebly tot in ons tyd, selfs ook ná verafrikaansing.



Sy gedig van 1855 het aan hom 'n mate van bekendheid — laat ons selfs sê beroemdheid — besorg nog voordat dit gebundel is, want onder sy liedere is ingesluit 'n gedig wat gemaak is op versoek van 'n vrou wat haar kind op enig-sins vergelykbare wyse verloor het en wat van Esterhuyse se gedig geweet het; sy het om 'n soortgelyke gedig gevra om haar te help om tot berusting te kom. Tot wysie kies hy nou wel Ges. 86, maar die ritme en rymskema is dieselfde as dié van sy oorspronklike gedig. Nog later ontvang hy weer eens 'n versoek van 'n vrou wat bedlêend was met nare swere. Hier gebruik hy nog dieselfde ritme, maar 'n ander rym en 'n langer vers.

Behalwe die genoemde stof dig hy nog oor vergenoegdheid; liefde en twis; die ontwaakte sondaar; wanneer die mens in 'n bepaalde sonde verval; bid is die beste raad teen kwaad; Onse Vader; morelied; aandlied; Jesus in die plek van die sondaar; God word verheerlik in Sy skepping; 'n kruisdraende huisvrou; by die aanskouing van sonde; onderwerping (Rus my siel); rusie (na die Spreuke van Salomo); die lewe van Christus; lewensaand; oor die huwelik.

As kunstenaar beweeg hy dus eng tussen die grense van die Psalm- en Gesangeboek en die Bybel.

Wat die taalvorm betref: Esterhuyse hou hom so na as wat hy kan aan die taal van sy godsdienstige bronne. Net wanneer hy rymwoorde moet vind, sien ons hom willekeurig stertjies afkap, waardeur hy sy Afrikaanse tong verraai. 'n Enkele keer volg hy die spreektaalwoordeorde na *dat*, en 'n paar keer staan die hulpwerkwoord voor die hoofdeel van die werkwoord, anders as in Nederlands.

Die enigste rede waarom ons hierdie bundel as Afrikaans kan beskou, is dat dit nie Nederlands is nie, en daarby het dit in Suid-Afrika ontstaan.

In Esterhuyse as digter het ons dan 'n kenmerkende openbaring van die geesteslewe van sy tyd: sý mens het voldoende gehad aan die godsdienstige wanneer dit kom by 'n oorpeinsing van die ernstiger dinge van die lewe. Ook wanneer 'n lotstydperk in sy lewe aanbreek, is dit die onderworpe, gelate gelowige van die negentiende eeu wat ons te hoor kry. Gaaf van gees, ewewigtig in sy godsvertroue en met sy toereikende bevrediging uit die godsdiens, is Esterhuyse in sy poësie 'n stoere beeld van die praktiese en nugter mens van sy tyd.



Die opstandige, die soeker, die twyfelaar in ons poësie sou eers later in alle erns sy intrede doen met die gedigte van Eugène Marais, Toon van den Heever en die digters vanaf 1930, maar dan verdwyn ook grotendeels die stoere voorgeslag — manne van één stuk.

Inderdaad 'n prikkelende geval. En in die totaalbeeld van die Afrikaanse letterkunde, in vergelyking met waar ons tans staan, kan ons met reg eindig met die gesegde: **KLEIN BEGIN — AANHOU WIN!**

#### BIBLIOGRAFIE:

1. Biografiese besonderhede ontleen aan G. S. en P. J. Nienaber oor Esterhuysen in Die Huisgenoot, 7 September 1945.
2. S. C. Hattingh/S. C. H. Rautenbach: Die volkskuns van die Eerste Beweging, Patriotvereniging nr. 8, 1942.
3. Abel Coetzee: Die verhaalskat van Ons Klyntji, Patriotvereniging nr. 3, 1940.

LOUIS EKSTEEN:

## Ek Wil 'n Ster Plant

*Agogig onder klip of tussen groen blomstele  
op wag vir 'n vlieg, maar hy op gevlerkte vryheid buite  
ontwyk my gonsend. Ek tob hier onder donker kluite  
en klim harig op teen die stam van die blom, die gele.*

*Onritselend stoot ek vier paar bene uit  
en — ho — vind ek 'n leegheid om my strek.  
Voordag sal ek my litte toetsend rek  
en my ronde kop-lyf weer stoot tot om die kluit.*

*Uit die bros lywe van vlieë en ander insekte  
distilleer ek gif wat verlam . . . maar die dood  
die bevredig my nie, nie hierdie stuiptrekkende vrekte  
jammerlik, om sigself . . . dis onnatuurlik, swaar soos lood.*

*Dan op 'n môre met die son in my warm oë  
begin ek dons uit my binneste loswoel  
drade wat trek en katrol, uit my binneste spoel  
tot web wat stadig van tak tot tak in die sonlig droë.*

*Agogig beskou ek hom, aghenig beweeg ek oor my geskepte ding  
al dwars en terug; en in 'n kring  
na binne lym ek 'n kol in my web se hart  
tot 'n vlieg of 'n ding my weer kom tart.*

*Maar ook hierdie jag laat my gevoelloos, laat my koud  
want bo-oor my web strek saans die hemel uit —  
dan stuur ek vergeefs 'n draad na bo, iets ruk hom neer  
en, nou ja, die reis na bo onmoontlik, vang ek vlieë weer . . .*

*Maar op elke punt van my web se kruisverband  
wil ek 'n ster inplant.  
Iemand spring my voor, en smôrens as ek om die kluite roer  
blink druppels dou soos sterre daar, en tortelduiwe kogel-koer.*

## Newcastle - upon - Tyne

*Die brug oor die Tyne:*

*In rye rye voor my uit*

*strek die huise.*

*Steenkoolwerkers, myners, hulle vrouens en kinders*  
*woon in hierdie huise*

*op mekaar, langs mekaar, teenoor mekaar, onder mekaar.*

*'n Streep eindelose rooi baksteenhuise.*

*Gordel naas lintwurmgorde*

*van hierdie brug af tot ver op die einder.*

*Smôrens werk toe sawens tuis*

*altyd vroetelend in die donker grond . . .*

*dis die vernuf van bouers wat hier herrys het.*

*Miljoene en miljoene en miljoene*

*kruip uit die dieper aarde na hierdie byna-oppervlak*

*en woon hier in ry op ry rooi baksteenhuise.*

## Vin en Water

*'n Vin wat die groenkolk sny en eensklaps witpens omslaan*

*met rye rye tande die sagte lies en dy*

*oophak en verwoed en sinnelik die lendene skeur —*

*dan met swart haas weer diepte kry*

*en vér onder met maters speels na vissies hap . . . totdat*

*die lus hom gespied 'n baan laat kies, wat*

*eindig waar 'n baaier ongestoord op golwe ry.*

*Een dag — met sand en ligte water leeg en windverlate —*

*skiet die gladde lyf vergeefs op . . . byt kwaai 'n maanvis*

*en ruk regop as die hoek 'n straal rooi pyn trek in gladde*

*holte van die keel . . . spartelruk vir ure deur die borrelwaters*

*heen, en skielik slap, word hy getrek tot aan die kant*

*waar 'n hengelman met bruin kuite watertand.*

## Selfportret

*Hy doen iets mensliks:*

*hy gaap.*

*Die swaap.*

## Busrit

*Smiddags sit ek in die bus en om my sweet gesigte  
— klewering die sikspens in vereelte vingers  
wat 'n kaartjie klou, trosse knakkend aan krom gewrigte.*

*Die etser werk ook maar rof met dié gesigte.*

## Geluid

*Die aanhoudende ononderbroke onafgestompte  
ruk — ruk van 'n lugklopboor  
tril diep tot in my brein  
net agter die verkeersgeraas  
sag — hard, hard — sag, druisend teen my oor.  
Tot my brein dan polsend ruk — ruk  
die stad daarbinne in betrek  
al lê ek stil — iewers tussen bome  
by die huis  
op en af die lugklopboor in my  
sodat ek op een môre, nat — nuut  
van reën, eenvoudiglik verdwyn  
en dan as sinusgolf  
of decibel  
as geluid bo die grootstad swerf.*

## Nie vir my nie...

*Dis mosterd na die maal met jou  
Sêra het 'n nuwe beau  
— 'n blinke met 'n snorre  
en 'n blikkas van 'n tjôre  
en drie oulap vir fênsie swiets  
met op hulle rooi kô-rel-tjies  
en 'n sy-sak-doek en 'n speld  
waarop 'n ythalermeid  
'n jollie wille geel-oog vastrap dans  
en ook nog wit-bryn skoene — gans  
nie blink van blink nie, maar gevryf!  
En aan sy sy 'n nuwe wyf —  
so dis nou verby met jou ou Kraai  
jy's oppie rak, jy's uit die ou-ou laai!*

S. C. HATTINGH:

## Die Ontwikkelingsgang van Abel Coetsee se Kunstenaarskap

### DEEL II

Abel Coetsee se gepubliseerde bundel kortverhale, naamlik *Skimme van die Goudstad*, dra ongetwyfeld nog die spore van jeugwerk. Hy skryf oor die grootstadslewe, die benoënis wat hom beetpak tussen die steeds opstapelende betonmure, die woelende menigtes; daar ontstaan deernis in sy hart vir die armes en misdeeldes wat deur die genadelose stadsmasjien fyngemaal word. Maar hy is nog nie heeltemal tuis in die milieu wat hy wil uitbeeld nie, sy ervaringslewe is nog te beperk en die werk van tydgenootlike skrywers nog te vars in sy geheue:

"I believe every great writer gets the environment which is right for him, and what the creative poet wants is not other creators about him, but men and women who, either by sympathy or by antagonism, help to evoke his genius. Some kindle by opposition, some by poverty, some by unhappiness as others by comfort and love . . ." <sup>1</sup>

Dat hy die regte dampkring vir sy skeppingsvermoë sou vind, blyk uit sy jongste werke en ook uit 'n reeks ongebundelde kortverhale wat ons later sal bespreek. Hier is hy nog deurdronge met die gees van die veld, staan hy nog te na aan sy jeugervaringe as kind op die uitgestrekte vlaktes van Wes-Transvaal. Dit verleen aan sy werk 'n soort dualiteit wat eers in later jare tot 'n gawe eenheid sou vervloei. Hy word egte stadsmens, geestelik verryk deur die versoberende invloed van sy jeugjare toe hy intiem in aanraking was met die platteland en die plattelandse mens. Hy bereik 'n stadium waar hy na willekeur sy diepste belewenisse op albei terreine tot gawe vergestaltung kon bring.

Myns insiens is die vernaamste gebreke van sommige verhale in *Skimme van die Goudstad*, tegniese van aard. In die moderne kortverhaal word iets meer verwag as net die weergawe van 'n reeks insidente, hoe belangwekkend en verrassend hulle ook al mag wees. Die verhaal moet

<sup>1</sup> *The Living Torch*, edited by Mark Gibbon. (Macmillan 1937).

ook draer wees van subtiële indringing in die menslike natuur, van permanente verhoudings tussen mense, hulle verskeidenheid, hulle verwagtings en teleurstellings. Van al hierdie dinge is daar duidelike spore in die verhale van Abel Coetzee. Die gebeure is meer innerlik as uiterlik, die spanning meer emosioneel en intellektueel as wat dit die uitvloeiende van gewone opgewondenheid is. Maar die stuwende krag van al hierdie elemente moet wees: suggestie. Regstreekse vertelling moet tot 'n minimum teruggedring word. En dis hier waar sommige verhale nie tot volwaardige skeppinge ontwikkel nie. Suggestie fungeer soos 'n onsigbare kleed wat die skrywer bedek omdat hy te sensitief is om as indringer op te tree waar hy diep bewus is van die persoonlike aard van sy werk.

In die nuwe, nog ongebundelde verhale openbaar Abel Coetzee hom as ryp, dieper-denkende mens; ook as volwaardiger kunstenaar. Sy beheersing van die verhaaltëgniek is suiwerder en subtieler, die karakterweergawe oortuigender en indringender. Soos tevore staan hy nog vol in die stadsgebeure, voel hy nog die benouenis as die betonmonsters groter en hoër die lug inreik, voel hy nog die deernis en innige meegevoel met die hulpelose slagoffers van die vernietigende, onweestaanbare krag wat gewelddadig op sy prooi neersak . . . Maar hy is nie langer net 'n toeskouer, 'n waarnemer nie; hy het één geword met die lewe rondom hom, deurgedring tot die problematiek wat sy karakters se lewens beheers, hulle geesteskwellinge, wanverhoudings en gevolglike lyding. In meer as een verhaal tree sy kennis van die menslike siel, sy onbewuste drange en verlangens, sterk na vore soos in *Die Skuldige*, *Dwaling op Onvergenoeg*, *Elwina Doen Boete* en die *Soenoffer*. Die godsdienstwyfel wat die moderne mens so maklik beetpak en dan van hom 'n doellose wese maak, wat in diepe eensaamheid verval en tot selfvernietiging lei, beeld hy uit in *Die Brandende Braambos*. Die gisting en woelinge wat ongemerk in die Bantoesiël ontstaan, soms as gevolg van listige propaganda, soms as gevolg van onoordeelkundige optrede van die Blanke self, word op subtiële wyse geopenbaar in die verhaal *Rabántoe, die Vader van Vele*.

Weer sien ons dat Abel Coetzee die lewe as 'n groot eenheid sien waarin elke mens sy bepaalde rol moet speel. Dis nie 'n willekeurige rol nie, dis 'n roeping wat hy moet

vervul. En as hy afwyk van die weg wat tot sy ware eindbestemming lei dan ontstaan daar twyfel en onrus, vrees en disharmonie wat tot ondergang kan lei. Dis nie net die geval met die enkeling nie; die groep, die gemeenskap, die volk — almal is aan hierdie gevaar onderhewig. Die tradisionele, hetsy wat die sedes en gewoontes of die voorvaderlike godsdiens betref, kan nie sonder gevolglike lyding en verwarring summier oorboord gegooi word nie.

In die verhaal *Die Skuldige* suggereer hy die antwoord op 'n netelige vraag. Wie is die skuldige wanneer 'n kind sy lewe verloor as gevolg van onenigheid tussen vader en moeder? Die werksman wat nalatig was en nie die huis wat met 'n giftige gas berook word, gesluit het nie, of die vader wat in 'n vlaag van woede sy kind se muntstuk deur die venster gegooi het, of die moeder wat nie in staat was om haar man se swakheid met liefde te bedek nie? Dis 'n uitbeelding van die ramp wat volg op huislike disharmonie. *Dwaling op Onvergenoege*, is 'n weergawe van die eenaardige werkinge van die mens se onderbewussyn. Die spook wat Annie in haar huis kwel nadat sy met 'n ou, sieklike man getroud is, is niks anders as "die gestalte van haar jeug" nie. Dis haar eie gedagtes oor en verlangens na 'n verlore jeug wat haar besoek in die gedaante van die jong man van Rietkuil, die oudste seun van haar huidige man wat vroeër jare op haar verlief was . . .

In *Elwina Doen Boete kry* ons 'n uitbeelding van die verset wat daar gaandeweg in die hart van 'n dogter ontstaan omdat sy deur omstandighede gedwing word om haar lewe op te offer ter wille van haar ouers en broers. Omdat plig 'n las geword het en sy die houding van haar familie as selfsug beskou, voel sy later dat sy self die oorsaak was van haar eensaamheid, dat dit die straf is van die lewe self wat sy moet verduur. Die verhaal van 'n vrou wat as jong dogter op 'n ouerige man verlief raak maar deur haar ouers verhinder word om met hom te trou, word vertel in *Die Soenoffer*. Toe sy later in die huwelik tree met 'n jong man kom daar verwydering, 'n soort onverskilligheid, omdat sy onder die indruk verkeer dat haar man bewus is van haar verlange na die eerste geliefde. Dis eers met die geboorte van haar kind dat die eensaamheid en verdwasing verdwyn en die vrede soos 'n groot wit lig op haar neerdaal. Deur die kind lê die weg van reiniging vir die onreg aan die vader. Die *Brandende Braambos*



vertolk die innerlike stryd van 'n student wat hom nie kon vereenselwig met alles wat in die Bybel staan nie. Die "teenstrydighede" soos hy dit genoem het, het later so 'n obsessie by hom veroorsaak dat hy sy hand aan sy eie lewe geslaan het.

As gevolg van Abel Coetzee se veelvuldige beoefening van die kortverhaal lê hy hom later hoofsaaklik toe op die skryf van novelles. Dit is 'n natuurlike uitvloeisel van sy kortverhaalkuns omdat daarin ook die strakke bou, eenheid van gedagte en suggestiewe uitbeelding oorheersend is. *Waarheen Vader* dra meer die eienskappe van 'n lang novelle as van 'n volledig uitgewerkte roman. Die kern van die verhaal lê in die emosionele protes oor die naamlose leed wat veroorsaak word wanneer by die individu die gevoel ontstaan dat hy bedreig word deur magte waarteenoor hy weerloos staan — die enkeling teenoor die maatskappy. Die hoofkarakter, Ferdinand, wat jare lank as blanke in die samelewing woon, word skielik ontnugter by die ontdekking dat hy kleurlingbloed in sy are het. Hy, wat eers opgeneem is in die gemeenskap, moet nou 'n uitgeworpene word, want die toestand druis in teen die groepsgevoel wat gebore is uit ervaring. Ons het hier nie die kenmerkende houding van 'n gemeenskap wat liewers wegskeem van 'n toestand wat swaar op die gewete druk nie, maar 'n eerlike en onverbloemde blootlegging van gedagtes en gevoelens wat ontstaan by ontleding van 'n moeilike situasie. Wanneer die familie van Ferdinand geleidelik deur die blanke gemeenskap uitgestoot word, beeld Coetzee op delikate maar oortuigende wyse die verskillende karakters se reaksies uit. Skrynend is die konflik wat woed in die gemoed van die blanke moeder by die besef dat haar kinders, deur hulle vader, kleurlinge is. Coetzee probeer nie om 'n oplossing vir die probleem aan die hand te doen nie. By hom is dit slegs blootlegging van die faktore wat in die samelewing werk, maar daar is geen stellinginname daarteenoor nie. Dis 'n proses van onthulling en die blootlegging van 'n gevoel van deernis met die veronregtes.

Dit word mooi saamgevat in die slotgedeelte: "Orals sien hy net die skeiding tussen hom en die omgewing, tussen wat syne is en wat behoort aan die gemeenskap. By hulle is die lewe, die toekoms, verwagting. By hom is die ou lewe reeds uitgeroei. Daar is vir hom nog net die dood. Orals sien hy net groepe: mense wat dieselfde belange het, mense

wat dieselfde godsdiens aanhang. Hy staan daarbuite. Hy sal nooit tot hulle toegelaat word nie, al het hy dieselfde belange, al behoort hy aan dieselfde kerk, al het hy dieselfde beskawing. Sy bloed is beplek. Daarom staan hy daarbuite, vir altyd. Orals skeidslyne waaroorheen hy nie kan gaan nie, groepe wat hy nie kan binnedring nie. Uitgestoot deur die lewe."

*Aan die Dag se Soom* is die enigste lang roman wat Coetzee geskryf het. Net soos in Van Eeden se *Klein Johannes* het ons hier ook die openbaring van die skrywer se eie sielelewe, die ontwikkelingsgang van die kind tot by sy puberteitsjare, alles geprojekteer teen sy eie jeugherinneringe, eers op die plaas en later op die dorp waar hy skoolgegaan het. Waar Van Eeden hom veral toelê op die simboliese en sprokiesagtige om die kind se ontwikkelingsgang uit te beeld, speel die realiteit, die werklikheidsbelewensisse van die kind by Coetzee die hoofrol. Maar net soos by Van Eeden bly dit nie net die vaslegging van die Sturm-und-Drang-periode van 'n bepaalde enkeling nie, maar dit stryg uit bokant die eng persoonlike om van algemene toepassing op die jeug van alle tye te word.

Dawid Pienaar, seun van die veld, was 'n eensame. Maar sy eensaamheid word getemper deur die groot liefde en bewondering wat hy vir sy vader gekoester het. Om sy studies te voltooi, word hy weggestuur na die dorp Suikerbos en gedurende die jare wat hy hier deurbring worstel hy met sy eensaamheid, met sy onvermoë om hom by omstandighede aan te pas, met sy ontluikende erotiese gevoelens, met die wisselvallighede van religieuse ervaring. Dit word 'n pynigende stryd wat moet lei tot bewuswording as mens, 'n stryd waarin hy die verhouding tussen hom en die skepping moet bepaal, maar veral integrasie in die maatskappy moet bewerkstellig en só betekenisvol aangeneem word in die samelewing. Wanneer hy tot sy ou omgewing terugkeer, is alles verander, ook sy innerlike het 'n metamorfose ondergaan: "Soos 'n reisiger wat ver vandaan gekom het, met voete wat warm gebrand het in die kaal sand voel Dawid skielik. Hy het gekom tot hier. Die hele ent afgereis, terug oor die lang stuk lewe wat hom skei van sy kinderdae. Hy het gekom tot hier, en nou is hy sy kinderdae ook kwyt. Sy herinneringe is so anders as die werklikheid wat hy hier beleef, dat dit hom tref soos 'n pyn: die beeld wat in hom verbreek word."

Hy vlug terug na Suikerbos. In die nagstille voel hy die teenwoordigheid van sy vader. Die beeld word groter en hy voel hoe sy angs vir die eensaamheid en stilte verdwyn . . . "Nou kan hy teruggaan na sy ouerhuis, waar hy nooit meer eensaam sal wees nie, want naas hom sal nou bly die gestalte van sy vader, die man van stilte, naas hom, tot hulle al meer een word . . ." Hierdie laaste hoofstuk in die boek behoort tot een van die mooiste stukkie prosa in Afrikaans.

*Waar die Waterbul Brom*, behandel 'n etiese probleem: die botsing tussen die stoflike en idealistiese word uitgebeeld. As agtergrond word volkskundige materiaal gebruik. Die voorposmense van die negentiende eeu was ru en gehard. Dit was nodig om hulle voortbestaan te verseker. Waar die ruwe en fyne in 'n botsing betrokke raak, moet die fyne noodwendig ondergaan, want die voorposmens was onversetlik en weier om deur die lewe ondergebring te word. Dit bring die oortreding mee dat die fyne vertrap word waar dit met die ruwe in die maatskappy bots. Hierdie toestand was slegs 'n verbygaande fase in die negentiende eeu.

Die hoofpersone in die novelle is Herkulaas, verpersoonliking van die voorpostipe en Sielja, sy vrou, wat draer is van die fyne en brose eienskappe in die mens. Eersgenoemde is sterk, wilskrachtig en prakties in sy optrede terwyl sy vrou sagsinnig, godsdienstig en daarby klein van liggaamsbou is. Ook speel die bygeloof 'n belangrike rol in haar lewe. Die onheilsgebeure en konflik wat in die verhaal afgespeel word, word reeds aan die begin gesuggereer: "Onreg en onheil is tweelingbroers. Waar jy die eerste aantref, sal jy ook die tweede een kry . . ." Onafwendbaar skrei die tragiese handeling nou voort tot by die katastrofe. Volgens Sielja word die onreg deur haar man Herkulaas gepleeg en die onheil voltrek hom in haar brose, beïnvloedbare gees. In haar poging om die onreg te herstel, gaan sy onder. Suggestief en stemmingsvol vertolk Coetzee haar naderende einde in taal wat 'n wonder van skoonheid openbaar: "Haar sukkelgang nader sy einde. Sy is by die voetbruggie. Rimpelloos glad lê die fontein. 'n Oomblik lank kyk sy in die diep water af en daar sien sy weer die uitspansel wat uitstrek verder en dieper as wat haar oog kan reik, wat so onmeetlik groot is en wat tog weerkaats word binne die omvang van die ou klein fonteintjie wat die

skeiding tussen plaas en plaas moet uitmaak. Dan peins sy of die skeppingswonder in sy geheel nie ook weer so weerspieël word binne in die nietige omvang van die menslike liggaam nie en of dit die rede is waarom die nietige mens so eindeloos smarte moet verduur . . .”

Die volgende novelle, die *Dans van die Dwarrelwinde*, is meer biografies van aard. Dis die weergawe van 'n saamgestelde beeld van die skrywer se Wes-Transvaalse ervaring getransponeer op sy oupa se plaas. Wat die tema betref, kan die werk beskou word as deel van die armblanke literatuur, 'n oorleefsel uit die tyd toe mense sonder grond geraak het en by besitters kom woon het. Dit word 'n uitbeelding van die drang van die mens om hom in die samelewing te handhaaf. Die toenemende verdorring van die omgewing word gaandeweg 'n teenbeeld van die toenemende verdorring in die ou vrou Sofya as gevolg van haar optrede. As onderdeel van die geestesgebeure word die ontwaking van die gewete, van skuldgevoel, geskets. Sofya het as bywonersvrou op Uitkyk gaan woon. Deur 'n sameloop van omstandighede word sy die vrou van Andries, die baas van Uitkyk. Hulle het elkeen twee dogtertjies wat nou saam grootword. Sofya word egter verteer deur 'n gevoel van minderwaardigheid, en veral na die dood van Andries en sy een dogtertjie, pleeg sy een onreg na die ander. Die gevolg is dat sy later vereensaam op die verwaarloosde plaas agterbly terwyl die naderende woestyn wat deur die rooi dwarrelwinde aangekondig word ook haar siel binnedring: “Waar sy loop het dit haar gevolg. As sy staan, staan dit langs haar in die skadu. As sy sit, sit dit langs haar. Aan tafel is dit haar disgenoot en in die kamer is dit haar bedgenoot. Sy slaap daarmee en sy waak daarmee. Berou. Die wete dat sy in haar eie waan ingegryp het in die lewe van ander, om hulle af te dwing van hulle eie aparte bestaan, en om te lewe soos sy dit wou hê . . .” Die klimaks word bereik wanneer die dogter Lena wat veronreg is, wat uit haar erfdeel uitgedruk is, weier om te vergewe. Vergifnis word onmoontlik. Na die dood van Sofya slaan die gevoel van veronregting by Lena oor na 'n gevoel van skuld. So word die novelle die draer van 'n bepaalde lewensgevoel: Die mens is maar 'n bejammerenswaardige skepsel indien hy nie kan leer dat om te vergewe 'n groter krag is in die lewe as om te haat nie.

Coetzee se jongste novelle, die beste wat hy tot dusver

gelewer het, naamlik *Lewenslank*, bevat 'n protes teen die toenemende stoflikheid in ons alledaagse bestaan, in ons volkslewe, veral in die nywerheidstede. Daar is dinge in ons volkslewe wat nie reg is nie en hy probeer die vraag beantwoord hoe dit alles vorm gekry het. Daarom word die werk 'n beeld van 'n tydperk in ons volkslewe, die periode toe alle kragte ingespan is om die grootstad te verower en die ontaarding wat daarmee gepaard gegaan het. 'n Poging word aangewend om te ontvlug, om te ontkom aan die onvermydelike greep wat die nuwe omstandighede meebring. Die eertydse volksmens moet terug na die grond, hy moet weer gesuiwer word deur die liefde wat hy vir die aarde gekoester het. Maar gou dring die besef deur: die drang na die stoflike is 'n onafskeidelike deel van die mens. Hy word genoodsaak om weer terug te keer stad toe. Die betowering van die glinsterende stadsligte is te sterk, en die waarheid dring ook tot hom deur dat die gevoel van onrus nie net kenmerkend van die grootstadslewe is nie, dis die kenmerk van die hele lewe. Die soek na die ideale is 'n soek na stilstand: die teenoorgestelde is 'n drang om die stoflike te verower en dit is 'n woeling waarsonder alle vooruitgang onmoontlik is.

Soos in die eerste artikel reeds genoem, voorspel Coetzee ook die godsdienstige worsteling wat tot skepping van sy sonnettekranse, *Die Halwe God*, sou lei: "Daar is maar een blywende bevryding uit Onrus, die beeld van die stoflike begeerte, en dit is die bevryding uit die stof, bevryding uit die vorm wat jou aan die stof bind . . . My lewenslange worsteling teen die vorm, teen die hede, teen die aardse bereik sy einde. Ek bereik ook die oord waaruit geen sterfling ooit terugkeer nie . . . omdat daar geen toekoms en geen verlede is nie."

In genoemde artikel het ons reeds 'n volledige beeld gegee van die oorsprong en inhoud van die sonnettekranse *Die Halwe God*. Hier wil ons slegs ter aanvulling 'n paar van die mooiste sonnette wat hoogtepunte in die reeks vorm, bespreek.

Dwarsdeur al die werke van Coetzee kan ons die draad volg wat lei tot die verowering van sy praktiese lewenswysheid, 'n lewenswysheid gemik op deurgronding van die mensheid. Daarom is dit nie gebonde aan die plaaslike nie, maar styg uit tot die universele. Sterker as in sy prosa-werke skep hy hier die botsing van die ideale met die



stoflike. Die verhaal van sy eie godsdiens sien hy as 'n ewigdurende stryd van die mens om totale rus en stilstand te bereik, 'n toestand wat slegs moontlik is as die hele skepping tot stilstand sou kom, 'n toestand wat sou beteken dat die skepping moet terugkeer in sy Skepper.

“God het die mens geskape na sy eie, onaanskoubaar beeld.” Daarna het Hy gaan rus,

“Gepeins oor vreemde stilstand van die drif, gewens die beeltenis aan U gelyk moet draer wees van rus, met drang van droom in daad geblus . . .”

Die mens, die ruspunt van God se Gees sou woon in die Hof van Eden, sodat hy, wat onbewus is van skepping, daar kon woon tot lof van God wat nimmer rus. Van alles kon hy geniet, behalwe van die vrug van die boom van kennis, anders sou hy sterwe. Maar die drang ontstaan by die mens om te weet wie en wat God is. Hy pleeg verraad. Dan staan die mens bloot voor homself, hy is naak. Hy staan ontbloot en sy eie aard, hy het bewus geword en herken die skepping en sy eie plek daarin. God soek na rus deur die mens, soos saamgevat in die volgende pragtige reëls:

“Die awenduur

is daar en U, wat rus nog duurte ondervind,  
van drang tot skepping, soek in die koele skemerwind  
die mens. Die lome rus van hom — aan U gelyk —  
bring rus vir U. In hom, sy klein gepeuter, ontwyk  
U Self vertraging van U droom. U ken geen rus.  
Nimmersat is U. In hom word U gesus.”

Maar God vind dat Sy droom versteur is en daardeur word die mens die dood deelagtig: uit stof, terug tot stof. Die aarde is vervloek en die mens kan slegs vrywillig terugkeer in God. God oorpeins die val van die mens: Alleen deur kennis kan hy terugkeer in Hom om so Sy gesplete persoonlikheid weer tot eenheid te bring:

“Die drang na skeep en rus deureengevleg is Ek:  
die vlugpunt van die naaf en stilpunt van die as,  
in eidelose wentelgang wat lewe wek.  
Die mens se vorm is rus, My halwe deel, gerig  
teen My — uiteengeval. Jou vorm moet sterf,  
moet swig.

Net kennis — bindend, suiwer — bring herstel in My.”

Die mens het 'n halwe god geword; net onsterflikheid ontbreek hom om hom tot volle goddelikheid te verhef.

Daarom bepaal God dat hy sy vorm moet aflê om in hom te kan terugkeer. Hy moet half bly en sterflik eindig, want die stryd van een god teen 'n ander, van die Here teen Homself, is onmoontlik.

Die verlange van die mens na sy eie aard, na rus — sy Paradysbegeertes — word skitterend weergegee in die sonnet wat so begin:

“Aanskou die bome van die veld: so onbewus  
bestaan hul, dra hul vrug en skenk dit weg aan  
voël en dier . . . ”

en eindig met:

“O Skepper, Here, maak my soos u bome weer,  
bevry van kennis, sonder wete soos weleer.”

Die kennis bring berou en dit voer die mens op die weg na herstel. Hy moet weer uit die rus uitgedryf word. Deur sy verworping wil God die mens verdelg, maar Hy kan nie alles uitwis nie. Hy hou die beste deel oor om weer van vooraf te begin, in die persoon van Noag. Wanneer die mens protesteer teen die verdrukking, verskyn die reënboog as teken dat die mens nie weer met water verdelg sal word nie. Dan kerm hy sy vrees uit in 'n sonnet vol meeslepende klankspelings. So oorheersend is die klanke dat in die sestet die buiteruim byna onmerkbaar verdwyn:

“Maar, Here, staan g'n ander skrik my nog te wagte?  
Want in my roer dieselfde angs, dieselfde drang,  
en oor my staan dieselfde ban, dieselfde vlam;  
steeds op my brand dieselfde gloed, dieselfde doem,  
en in my skryn dieselfde breuk, dieselfde rou.  
Dit bly tog maar dieselfde muf, dieselfde brood;  
Eenselfde God — dieselfde mens — dieselfde dood.”

Van suiwerder gehalte is die sonnette waar die digter sy persoonlike stryd verwoord. Waar baie van die ander gekenmerk word deur 'n mate van verstandelikheid omdat hulle die uitvloeisels is van wysgerige oorpeinsing, kry ons hier 'n diepte van gevoel en 'n felle uitdrukkingskrag, wat as blote liriese skoonheid moeilik oortref kan word. Die digter soek na rus die lewe deur: hy het genoeg geswerf en geboet met onrus en vra dat God Sy vuur moet blus en aan hom rus gee. Daar is by hom 'n verlange na 'n nuwe dag wat troos sal bring en 'n einde aan berou sal maak. Maar hy besef dat rus wat vorm gekry het as mens, sy vorm moet verloor om te kan terugkeer in sy oorsprong. In die atoombom sien hy die moontlikheid van die mens



se verlossing uit sy vorm om weer deel te word van sy Skepper. Die vlammekroon wat om die son warrel, bewoon ook elke aardse kern waar dit wag

“tot volle wete, diepste rou dit roep om soos 'n skoon wit vlam te ketting in die ruimtes, harte oop te ruk, te gryp na elke ster, planeet — dit stroop van U verborge vuur — tot in verlossingsbrand. U ganse skepping gloei en elke vorm sy band verspring om drang te word wat net maar is. So swig die stof, verrein, versoen, en alles word net Lig.”

By hom bestaan daar geen twyfel meer nie. Hy staan nie net op die rand van die afgrond, van totale vernietiging nie; as gelowige, as kenner van die weg na verlossing, en besiel met die drang tot eenwording met sy Skepper, stort hy vrywillig die afgrond in, aanvaar hy met vreugde die vormverandering:

“Vir my het U gedryf deur al die eeue; vuur en binnebrand het my laat swerf; die smaad en skande van gebore word en sterf. die angs om dood, verderf, het my, die halwe god, geteken deur die verste nageslagte tot U kettingvuur die weg wys wat verlossing bring. U rus in my ontvonk, ek reik na U en spring U onrus in; ontvang my, Here, bind my, vol Van Godlikheid betaal ek self die hoogste tol.”

Abel Coetzee se letterkundige werke toon in hulle ontwikkelingsgang ook die ontwikkelingsgang van die skrywer se lewenshouding. Hy is eerstens die denker wat worstel met lewensprobleme soos hy dit waarneem by die enkeling, in die volksgemeenskap en al gaande in die universele verskynsels wat die ganse mensdom raak. Vanaf sy deernis met die noodlydendes in sy eie omgewing styg dit tot 'n skrynende meegevoel met 'n steeds worstelende en lydende mensdom. En uit hierdie weedom, angs en onsekerheid wat soos 'n geestelike siekte oor die wêreld heers, is sy gods-begrip gebore, nl. aanvaarding van die feit dat die mens 'n deel van God is wat alleen rus en berusting kan vind deur weer terug te keer en één te word met sy Skepper:

“Geluk ken jy wat al jou wense dra dig by jou hart, gebed in sluiers van die blye dag wat nooit mag kom, en wat die skimmeland bewoon met geen begeerte om jou droom gevorm te sien in vaste lyn.”

As rus in ewewig gehou word deur onrus, dan is dit goddelik goed.

Wat die gehalte van sy werk betref, is die vooruitgang opvallend. Dis hoofsaaklik te danke aan die fyn aanvoeling wat hy het betreffende die onbewuste drange en neigings van die menslike gees asook sy suiwer taalgevoel en uitbeeldingsvermoë. Daar bestaan min skrywers wat die soepelheid van hulle moedertaal so onopsigtelik en natuurlik in diens van hulle kuns aanwend. Op byna elke bladsy word mens aangegryp deur die subtiliteit en frisse oorspronklikheid van sy seggingskrag. Waar sy eerste poging tot poëtiese uitdrukking reeds met soveel welslae bekroon is, kan ons in die toekoms nog veel wat skoon en verhewe is van hom verwag.

MARLIAN KILIAN:

## Getye

*Ek vrees die jaargety  
wat, onvermydelik, my  
van hierdie ongeblomde halfjaar gaan ontroof.*

*Die voorjaar het soveel,  
het iets anders as die geel  
verdorring van ons vrugtelose tuin beloof.*

*Want elke dooie blaar  
van die vergeefse jaar  
is angste wat die eensaamheid al hoër laai . . . .*

*Ag herfs, ek vrees  
jou ryper gees  
wat hierdie half-ontluikte somer oor gaan waai!*

\* \* \* \*

*Ek weet hoe die wind 'n droë blaar wat losgeraak  
het van sy stam, dwarrelend oor die grasperk waai  
sodat hy deur die herfslug sweef en val en draai  
en oor die heining heen verdwyn; ek weet hoe maak  
die wind met wolke: hy waai die onweer oor,  
verdryf die oggendmis — soos onrus of soos eensaamheid  
ook altyd oorwaai, magteloos voor die asem van die tyd  
waarin die mens sy hartstog en homself verloor.  
En dit sal nou of later ook met my gebeur  
dat daar 'n wrede wind kom wat my los gaan skeur  
van jou en my op smartelike vlugte weg sal neem  
wat my van jou en alle waarheid sal vervreem.  
Ek voel dit kom, die tyd dat ek met smart  
sal oorwaai oor die landskap van jou hart.*

## Die Vlugtige

*Ek is 'n wens om op 'n someraand mee te ontvlug,  
ek is 'n oomblik se verlange, 'n nagtelike sug;  
ek is 'n droom wat, as die tyd ontwaking bring,  
in een of ander onbewuste breinlaag teruggedring  
word; 'n begeerte wat die hart 'n oogwink lank ontwaar,  
'n wyle onrus wat weer met 'n nuwe uur bedaar.*

*Jy is 'n mens wat die abstrakte konkreet maak,  
die werklikheid waartoe 'n slapende ontwaak.*

*In dié vlugtigheid is dit jy alleen  
wat my uit die droombestaan van een  
vervloeide lewe uit kan red. Jy moet my angskreet hoor,  
my hulpgeroep . . . . ek is bang ek sal myself verloor  
in die nie-menslikheid wat kringend om my draai,  
en oor die newels van my brein se horison wegwaai.*

*Hou my vas en laat my meer wees, langer duur  
as 'n verdroomde transparant van een vergete uur.*

\* \* \* \*

*„Dit sal oorwaai,  
dit sal oorwaai”,  
ruis die wind  
met langerekte o's  
en sagte a's,  
en van sy woorde  
het die waas  
van silwer molekules  
yl vervloei  
en weggeraak . . . .  
dit was te broos  
die maanligwaas.*

*Die wind  
se soet gefluister  
het my droom  
verslind.  
Ek luister  
in die nag,  
soek na spore  
van die prag  
wat weg is.  
Maar ek hoor niks  
as net die wind,  
en wat ek sien  
is net die duister.*

*Dis alles heen,  
daar bly niks oor,  
net maar die wind  
met sy nusiék —*

*dis al troos  
wat ek oplaas  
kan vind:  
die langgerekte o's  
en sagte a's  
van wind.*

\* \* \* \*

*Ek staan verstom oor die versagte tred  
van hierdie herfs se koms wat ek die ganse  
somer deur gevrees het. Deur die takke,  
nakend van die uiterlike groen  
illusie waarmee hulle skaars 'n maand  
gelede onder waan gepryk het, vou  
die vingers van die dun, verkoelde lug  
wat nou geheime innerlike lewe voed.*

*Ek drink die goudbruin rustigheid wat na  
die somergroen ekstase die siddering van  
my hart verstil het, swyend in en voel  
'n koue suiwerheid my gees deurspoel  
en in sy waangevulde diepte dié rypheid bring  
wat my gelate van die waarheid van die herfs laat sing.*

## Vierhoek

*Eens, op 'n ander vlak waar dit nog wild en ruig  
was, het ons ontmoet en toe reghoekig van mekaar gegaan;  
maar watter matematiese geweld het dan jou pad gebuig  
dat ons op hierdie veraf punt weer eens gemeensaam staan?*

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN:

## Suster Mathilda

*Die bitter bloed wat deur haar buise brand  
is vir die sluier en die kruis verpand.  
Die Auder Liefde het haar drif verteer.  
Sy dra 'n fles genade in haar hand.*

## Blinde Vrou

*Sy pluk voor 'n bewimpelde basaar  
hont liefdesliedjies uit 'n swart kitaar.  
Maar almal dreun verby. Net een is mank  
en nie so haastig, met 'n sent te spaar.*

## Doepa

*Die kloutjie van die uil sal jou bewaar  
teen elke soort versoeking en gevaar.  
Die Donker Ding wat in die papkuil smuif  
jaag elke nag die kalwers uitmekaar*

## Satire

*Ek het die vonkrooi hekseblom gaan pluk  
en met 'n buiging in jou hand gedruk.  
Nou dool ek nakend in die Namihson  
en soek die bitter wortel van geluk.*

## Lobola

*Drie beeste was generk om jou te koop:  
die pikswart trots, die reinwit vers van hoop,  
die rooi bul van die drif. Maar watter een  
het laasnag uit die takkraal weggeloop?*

ANDRÉ DEMEDTS:

## Samenwerking tussen Nederland en België

Sedert de jongste oorlog wordt er in Europa naar meer samenwerking onder de verschillende landen gestreefd. Die strekking doet zich op ieder gebied gelden, maar is toch inzonderheid sterk op het militaire en economische vlak. Militair omwille van het kommunistisch gevaar, economisch om tussen het westelijk en oostelijk blok in de Europese levensstandaard op peil te houden.

Het ontbreekt Nederland en België niet aan begrip voor de mogelijkheden, die uit een eenmaking van de Europese economie kunnen voortvloeien. Zo maken beide landen, samen met Frankrijk, Italië, Luxemburg en West-Duitsland deel uit van de Europese Gemeenschap voor Kolen en Staal (E.G.K.S.) en van de Europese Economische Gemeenschap (E.E.G.). Laatstgenoemde organisatie is op 1 Januari 1958 in werking getreden. Haar doel is de afbraak van alle onderlinge tarieven, de instelling van een gemeenschappelijk buitentarief, de afschaffing van iedere onderlinge kontingentering van de handel en een gemeenschappelijke handels- en economische politiek. Bij de oprichting werd met een termijn van 12 tot 15 jaar gerekend, om dat programma te kunnen verwezenlijken.

Nederland en België beseffen verder zeer goed, dat zij er alle voordeel bij hebben indien zij zich, tegenover derden en in de Europese organisaties, als bondgenoten kunnen doen gelden. Zij hebben trouwens niet op de Europese Gemeenschap voor Kolen en Staal en de Europese Economische Gemeenschap gewacht, om tot een nauwe samenwerking te besluiten. Hoe inniger de twee landen naar elkander toe kunnen groeien, hoe sterker hun macht. Lijkt dat vooral van betekenis op economisch terrein, het is niet minder belangrijk uit politiek en cultureel oogpunt beschouwd. Het leven van een volk maakt ten slotte een eenheid uit, waarvan de verschillende elementen eerst ten volle vrucht opleveren, als ze gelijktijdig op elkander inwerken en vooruit mogen gaan.

Laten wij er ten andere de aandacht op vestigen dat Nederland en België nog door andere factoren op elkander



aangewezen zijn en hun huidige toenaderingspolitiek althans tot op zekere hoogte door historische motieven beïnvloed wordt. Tijdens de middeleeuwen ontstonden in het deltagebied van Schelde, Maas en Rijn, verschillende feodale lenen en vrije steden, die wegens hun gunstige ligging en de werklust van hun bewoners welvaart en een voor die tijd hoog beschavingspeil kenden. Zij werden door de Boergondische hertogen tussen 1384 en 1482 tot een eenheid aaneengesmeed. De kleinzoon van Maria, de laatste hertogin van Boergondië, onze Keizer Karel V, die in 1500 te Gent geboren werd, heerste over een rijk "waarover de zon niet onderging". Tot dat rijk behoorden, als erfgoed van zijn vader, ook de Zeventien Provinciën, die later de Nederlanden geheten werden. Zij strekten zich over de huidige staten België, Luksemburg, Nederland en het uiterste noorden van Frankrijk uit. De voornaamste steden waren Antwerpen, Brugge, Brussel, Gent en Luik (Liège) in het België van nu, Amsterdam en Utrecht in Nederland, Atrecht (Arras) en (Rijsel) (Lille) in Frans-Vlaanderen.

Ten gevolge van de godsdienstoorlogen, werd die eenheid in de tweede helft van de XVIe eeuw verbroken. De Nederlanden kwamen tegen de zoon van Karel V, tegen Filips II, tegelijk koning van Spanje, in opstand. Na een lange strijd eindigde de revolutie op die ongunstigste manier die denkbaar was: de zuidelijke Nederlanden (België, Luksemburg en Frans-Vlaanderen) bleven aan Spanje onderworpen, terwijl de noordelijke (Nederland) hun vrijheid veroverden en zich in de onafhankelijke staat van de Zeventien Provinciën aaneensloten. Een volledige mislukking ware beter geweest in die zin, dat de eenheid, zij het dan in die verdrukking, zou bewaard gebleven zijn. De scheiding werd bij het verdrag van Münster (1648) bekrachtigd.

Tijdens de XVIIe eeuw werd Frans-Vlaanderen door Frankrijk veroverd en aangehecht. Sedertdien is het bij dat land gebleven. De zuidelijke Nederlanden (België en Luksemburg) gingen tijdens de XVIIIe eeuw naar Oostenrijk over. Na de Franse revolutie werden zij door Franse legers overweldigd en van 1795 tot 1814 bij Frankrijk gevoegd. Terzelfder tijd werd ook Nederland in de Franse invloedssfeer opgenomen. Na de nederlagen van Napoleon bij Leipzig en Waterloo werden België, Luksemburg en Nederland onder Willem I in het Koninkrijk der Nederlanden verenigd. Door de verwijdering van meer dan twee eeuwen,

die tussen beide landen ontstaan was, bleek de mentaliteit van Noord en Zuid zo verschillend, dat het weldra tussen de Belgen en Willem I tot een crisis kwam. Zij leidde tot de Belgische opstand van 1830, waaruit het onafhankelijke Koninkrijk België en het onafhankelijke Groothertogdom Luxemburg zijn ontstaan.

Nadat er een korte periode van wrokkend wantrouwen overheen gegaan was, leefden Nederland en België bijna een eeuw lang als vreemde, maar bevriende naties nevens elkander. Onmiddellijk na de eerste wereldoorlog, tussen de jaren 1918-1925, werd die goede nabuurschap even verstoord door het streven van een beperkte groep Franssprekende Belgische nationalistenvan, die bepaalde grensgebieden van Nederland wilden bezetten. Die toeleg werd gelukkig verijdeld, ten dele omdat de Vlaamse opinie in België er vinnig tegen gekant was. Ondertussen had ook het Groothertogdom Luxemburg zijn zelfstandigheid kunnen handhaven. Tot op het einde van de eerste wereldoorlog was het economisch met Duitsland verbonden; na die oorlog sloot het evenwel met België een economische unie, die tot de dag van vandaag voortreffelijk gewerkt heeft.

Op de vooravond van de tweede wereldoorlog, niet het minst onder de bezieling van de regerende vorstenhuizen, werd er een poging ondernomen om Nederland en België nader bij elkander te brengen. De bedoeling was een neutraal blok te vormen, sterk genoeg om de oorlog buiten de grenzen te houden. Op 10 Mei 1940 bleek dat die politiek niet de gewenste uitslag opgeleverd had. Nederland en België werden door het Duitse leger overrompeld en verplicht een wapenstilstand aan te vragen. Na enige aarzeling werd te Londen een vrije Nederlandse en Belgische regering opgericht, die besloten aan de zijde van Engeland en zijn bondgenoten de oorlog voort te zetten.

Met het oog op de naoorlogse tijd, die een sterke concentratie van economische hulpmiddelen zou vereisen, om aan de buitenlandse concurrentie het hoofd te bieden, werden te Londen tussen Nederland en de Belgisch-Lukseburgse Economische Unie onderhandelingen gevoerd, die tot een gunstig resultaat mochten leiden. Op 5 September 1944, een paar dagen na de bevrijding van Brussel, werd de Belgisch - Nederlands - Lukseburgse (Benelux) Doeanevereenkomst ondertekend. Het verdrag is in 1947 van

kracht geworden. Als het uiteindelijk zijn volle uitwerking gekregen heeft, zullen de drie landen een economische unie geworden zijn. Dat betekent vrij verkeer van personen, goederen en kapitalen binnen hun grenzen en een gemeenschappelijke economische politiek tegenover het buitenland.

Er moeten alsnog zware hinderpalen uit de weg geruimd worden, voor dat ideaal in vervulling zal kunnen gaan. Ze zijn ten dele van economische, ten dele van psychologische aard. Het Nederlandse loonpeil lag tot nog toe merkkelijk lager dan het Belgisch-Lukseburgse, terwijl ook op het gebied van de landbouw- en havenpolitiek tegenstrijdige belangen een uitschakeling van verschillende soorten beschermingsmaatregelen bemoeilijkten. Toch vordert de eenmaking. De Nederlandse lonen halen langzamerhand hun achterstand in, wat het bedrijfsleven zal toelaten in de drie landen tegen dezelfde kostprijzen te werken. Men zoekt verder naar een oplossing die in de landbouw- en havensektor naar een harmonisering van de belangen zal voeren. Als er geen onverwachte moeilijkheden opdagen, bestaat er reden tot de voorzichtige hoop dat het verdrag binnen afzienbare tijd zal verwezenlijkt worden.

Tot het bereiken van dat doel is een gunstige gesteltenis van de bevolking in Nederland, België en Luxemburg van het hoogste belang. Voor de laatste pijnlijke beslissingen zal er, boven alle berekingen uit, een wilsdaad nodig zijn en die zal veel wederzijds vertrouwen en waardering vergen. Hier kunnen gevoelsmotieven meer invloed uitoefenen dan wenselijk is. Men moet rekening houden met de etnische verscheidenheid in de drie landen, waar Nederlands-, Frans- en Duitssprekenden een gemeenschap zullen uitmaken waar de economische politiek voortdurend onder de drukking van andere factoren zal staan.

Binnen het Beneluxverband zal derhalve een verstandige kulturele samenwerking en de schepping van een open Beneluxgeest niet kunnen gemist worden. In die richting wordt veel gedaan. Maar opvoeding van de geesten vraagt tijd, waar de eenmaking van de drie landen geen onbeperkt uitstel gedooft, wil hun streven niet door de ruimere blokvorming van de Europese Economische Gemeenschap ondervangen en overbodig gemaakt worden. Met het gevolg dat Nederland, België en Luxemburg, ieder afzonderlijk in een groter geheel opgenomen, tegenover Frankrijk, Italië

en West-Duitsland geen gelijkwaardige partijen meer zouden zijn. Te zamen zijn ze dat wel. In 1959 bedroeg de waarde van de goederen, die door de Beneluxlanden in het buitenland verkocht werden, 6.903.000.000 dollars. De getallen voor West-Duitsland waren 9.805, voor Frankrijk 5.615 en voor Italië 2.883 miljoen dollars. Benelux neemt na de Verenigde Staten van Amerika (17.576 miljoen dollars), West-Duitsland en Groot-Brittannië (9.677 miljoen dollars) de vierde plaats in de wereldhandel in.

Een gunstig element voor de verdere aaneensluiting is wel dat Nederland en de Belgisch-Luksemburgse Economische Unie nauwer bij elkander kunnen komen, zonder voor een overmacht van de andere deelnemer te moeten vrezen. Einde 1959 telde Nederland 11.372.000, België 9.079.000 en Luksemburg 322.000 inwoners. Aanvankelijk lag de levensstandaard in België ruim 10% hoger dan in Nederland. Maar de economische uitbreiding gaat thans in Nederland vlugger dan in België, zodat eerlang met gelijke kostprijzen en inkomens zal mogen gerekend worden.

Lange tijd vulde de economie van het ene land die van het andere aan. België en Luksemburg bezaten de koolmijnen, de metaal- en glasindustrie, waar Nederland vooral op zijn landbouw, handel en zeevaart steunde. In de jongste jaren nochtans heeft Nederland eveneens een zware industrie opgericht en over zijn gehele grondgebied zoveel nieuwe fabrieken gebouwd, dat het praktisch een volledige tewerkstelling kent. Het werft zelfs in België arbeiders aan.

Door de uitputting van verschillende kolenmijnen, de Kongokrisis, maar vooral het trager ritme bij de vestiging van nieuwe nijverheden, telt België op dit ogenblik nog iets meer dan 100.000 werklozen. Zij zijn voor 67% in het Vlaamse landsgedeelte, de noordelijke helft van het Belgische grondgebied woonachtig. Die wantoestand bestaat reeds sedert de stichting van het koninkrijk. Doordat de financiële en economische macht in België altijd in de handen van Franssprekenden gelegen heeft, werd het zuiden van het land op ieder gebied bevoordeeld. Wallonië moest Vlaamse en buitenlandse werkkrachten invoeren, terwijl de Vlamingen, bij gebrek aan nijverheid, in het Vlaamse land geen bezigheid vonden. Dat heeft nog tot gevolg dat de Vlaamse loontrekkende, over het algemeen in 1959, 5,34 F per uur minder verdiende dan zijn Waalse mede-

burger. Sinds de tweede wereldoorlog wordt de verhouding gunstiger. De industrialisatie van Vlaanderen breidt nu op bevreemdende wijze uit. Toch zal het nog ten minste tien jaar duren voor ze voldoende zal doorgevoerd zijn om de Vlaamse arbeiders in eigen streek een broodwinning te verschaffen.

Ze zal immers niet zonder strijd kunnen verwezenlijkt worden. Sedert de januaristakingen van dit jaar, die hoofdzakelijk in de Waalse industriële provincies Henegouw (Hainaut) en Luik (Liège) gewoed hebben, werd door de syndikale leider André Renard een Waalse (socialistische) Volksbeweging (Mouvement Populaire Wallon) gesticht, die zich onmiddellijk tegen de oprichting van een eerste staalbedrijf in Vlaanderen heeft verzet. Of die aktie bijval zal kennen lijkt weinig zeker, hoewel de beslissing nog niet gevallen is en verrassingen dus mogelijk blijven. Onder-tussen verliest het Waalse en Luksenburgse industriegebied, dat twintig jaar geleden het zwaartepunt van de produktie in de Beneluxlanden uitmaakte, langzamerhand zijn doorslaggevende betekenis. Er groeit langs de Noord-zee, tussen Amsterdam, Rotterdam, Antwerpen en Zeebrugge, een uitgestrekte nijverheidszone, die zich met andere woorden over het westen van Nederland en Vlaams België uitstrekt. Zij ontstaat rond de bestaande havens en de nieuwe Eurohaven, die thans in Nederland, door de afsluiting van verschillende rivierarmen, aangelegd wordt. Indien die ontwikkeling rustig verder mag gaan, zal het kerngebied van de Beneluxnijverheid over twintig jaar naar Nederland-Vlaanderen verschoven zijn.

Tegen die tijd zal de Vlaamse Beweging kans maken om het doel te bereiken, waarvoor de beste Vlamingen zich sedert het ontwaken van het nationaliteitsgevoel ingespannen hebben. Dat doel is, zowel stoffelijk als kultureel, de volle ontplooiing van het Vlaamse volk. Middelerwijl zullen er nog harde tegenstanden moeten overwonnen worden. De verhoudingen in België zijn immers zo dat de Vlamingen 60% van de bevolking uitmaken, doch slechts 40% van de macht, die hogere staatsambten en universiteitsstudenten bezitten. Dat lijkt onbegrijpelijk voor wie de historische en politieke achtergrond van dat verschijnsel niet kent. Wij hopen erop terug te keren, als wij in een volgende bijdrage kunnen handelen over de Vlaamse Beweging en de kulturele samenwerking tussen Nederland en België.



A. J. B. RAWLINS:

## Gebed by die Huisaltaar

*O, Heer,  
ons is net drie in die lig se kol,  
maar buite op straat  
is daar vanaand so veel op hol.  
Sal hierdie huis kan staande bly  
teen die norske reus,  
wat ons vriendskapsband vermy?  
Of, sal ons bloed ook die strate  
vlek,  
waar honde dit kan lek soos drek?*

*O, Heer,  
ons is vanaand verward en swak,  
ons soek skuiling onder U Dak.*

## Na die Jeugland

*Ek sal teruggaan  
sonder hart en siel,  
na daardie stowwerige strate  
waar my jeug nog bitter kniel,  
en as die stof taai aan my klou  
soos dun stroop aan 'n jas se mou,  
dan sal ek weer 'n kind wees  
in die stof,  
om net die oë te tel  
wat my sal aangeluur,  
koud en onbeskof.*

## Droogte in die Transkei

*Rooi en skurf lê die berge en die vlaktes oopgeskuur,  
soos die gesig van 'n man,  
wat baie verduur.  
Kaal en verkrimp staan 'n enkele boom,  
van blaar en tak gesloop,  
en 'n witborskraai lê digby dood.*

*'n Hut staan in bouval teen die hang,  
die dekgras is gebreek en plek-plek soek,  
soos die rand van 'n ou strooihoed.*

*'n Bees se geraamte lê wit in die sloot,  
werp 'n koddige lugspieël uit  
oor die teerpad wat daarlangs loop.*

*Die stamphlok lê omgekantel vir baie weke reeds,  
want die baas sit in 'n mynkampong en ken geen vrees.*

## Matatiele

*Amadada zi yile! (Die eende het weggevlieg.)*

*Die eende het weggevlerk,  
die hulte oor,  
soos mense wat wou padgee  
sonder spoor.*

*Die lang, blink waterpanne  
het opgedroog,  
soos trane in 'n kind se oog.*

*Die wilde trop se galop  
word nie meer gehoor,  
sononder as ek teen die grond lê  
met my oor.*

*Want nou staan ander bakens hier,  
'n dorp is die hoofkwartier.*

## Jeugmaats

*Ek en hy  
het vroeg reeds stry gekry,  
met vuïs en kerie  
dit uitbaklei.*

*Ek en hy  
het oor uitsuipkalwers  
en 'n weggooi-ooi,  
saam slae gekry.*

*Nou werk hy swartrug op die land,  
en ek is predikant.*



# Na die See

(’n Verwerking deur C. W. Hudson van J. M. Synge se „Riders to the Sea”.)

PERSONE: Maurya — ’n ou vrou,  
Bartley — haar seun,  
Cathleen — haar dogter,  
Nora — ’n jonger dogter,  
Manne en Vroue.

PLEK: Op ’n eiland ten weste van Ierland.

## INLEIDING

John Millington Synge (1871-1909) se dramas munt uit in die Engelse taal omdat hy ’n diepe sin vir die praktiese aspekte van die toneelkuns in sy werke openbaar, en omdat sy taalgebruik so digterlik is. Van sy werke is veral bekend *Deirdre of the Sorrows*, *The Playboy of the Western World*, and *Riders to the Sea*, waarvan die vertaling hieronder verskyn. Laasgenoemde eenbedryf word dan ook as een van die bestes in die Engelse letterkunde geroem. Die karakters is die eenvoudige gesin van ’n visser, en die dood van ’n seun deur verdrinking word verhef tot grootse tragedie. Op die Ierse eilande van Aran het Synge die digterlike taal van die gewone mense gehoor, en dit tot dramatiese liriek omgetower.

In ’n kombuis; daar is nete, vissers se waterdigte klere, ’n spinwiel, nuwe planke teen die muur, ens. Cathleen, ’n meisie van omtrent twintig, maak klaar waar sy brood staan en knie en plaas dit in die potoond by die haard; sy vee haar hande af en gaan sit en spin by die spinwiel. Nora, ’n veel jonger meisie, steek haar kop by die deur in.

NORA (*saggies*): Waar is sy?

CATHLEEN: Sy’t gaan lê, om te slaap as sy kàn, foei tog.

(*Nora tree die vertrek binne en haal ’n bondel goed onder haar sjaal uit*).

CATHLEEN (*Spin baie vinnig*): Wat het jy daar?

NORA: Die jong priester-tjie het dit gebring — dis ’n hemp en ’n kous wat aan ’n man behoort wat in Donegal verdrink het. (*Cathleen hou skielik die wiel stil en leun sywaarts om te luister*).

NORA: Ons moet probeer vasstel of dit Michael s’n is. Sy sal tog later by die see gaan soek.

CATHLEEN: Hoe kan dit Michael s’n wees, Nora? Hoe sal hy regkry om so ver na die noorde te gaan?

NORA: Die priestertjie sê dis moontlik. Hy sê as dit Michael s'n is, is hy reeds behoorlik begrawe, om God se ontwil; en as dit nie syne is nie, laat staan dit dan en swyg, want sy treur haar nog dood.

*(Die deur wat deur Nora net half toegemaak is, word deur die wind oopgewaai).*

CATHLEEN (*Kyk angstig na buite*): Het jy die priestertjie gevra om Bartley te keer sodat hy nie meer met die perde na die mark op Galway moet gaan nie?

NORA: Hy't gesê — Ek sal Bartley nie keer nie — maar moenie daardeur ontstel word nie. Sy bid reeds byna heelnag, en God sal haar nie vergeet nie — selfs al lewe geen seun meer nie — So 't hy gesê.

CATHLEEN: Is die see woensdag by die wit rotse, Nora?

NORA: Ja, taamlik. Die branders breek geweldig in die weste, en as die wind draai, gaan dit erger word. *(Sy stap na die tafel toe met die bondel)*. Moet ek dit nou maar oopmaak?

CATHLEEN: Miskien word sy wakker — dan sien sy wat ons doen. *(Kom na die tafel toe)*. Dit sal ons lank neem, en altwee aan die huil.

NORA (*Gaan na die binneste deur en luister*): Ek hoor haar roer op die bed. Sy sal nou-nou inkom.

CATHLEEN: Gee my die leer aan, dan bêre ek dit bo-op die solder, sodat sy niks agterkom nie; miskien gaan sy af see toe as dit vloedgety is om te kyk of hy dalk van die oostekant af inspoel. *(Hulle plaas die leer teen die skoorsteen; Cathleen klim 'n paar sporte op en steek die bondel weg in die skoorsteensolder waar die sooie gebêre word. Maurya kom van binne af in die kombuis in)*.

MAURYA (*Kyk op na Cathleen en praat half berispelend*): Het jy dan nie genoeg sooie vir vandag en vanaand nie?

CATHLEEN: Ek bak 'n brood in die oond *(gooi die sooi af)* wat Bartley sal nodig kry as die gety omswaai en hy na Connemara gaan. *(Nora tel die sooi op en plaas dit om die potoond)*.

MAURYA (*Gaan sit op 'n driepootstoel by die vuur*): Op so 'n dag sal hy nie gaan nie; die wind steek op uit die suide en die weste. Nie vandag nie; die jong priestertjie sal hom keer.

NORA: Nee, hy sal Bartley nie keer nie; en ek hoor Simon en Stephen en Coleen sê hy sal gaan.

MAURYA: Maar waar is hy eintlik?

NORA: Hy 't gaan hoor of nog 'n boot vandeeweek sal vaar; ek glo nie hy sal lank wegbly nie, want die gety draai daar by die groenpunt, en die visboot kom ooswaarts.

CATHLEEN: Ek kan iemand by die groot klippe hoor.

NORA (*Kyk uit*): Hier kom hy nou en hy lyk haastig.

BARTLEY (*Kom binne en kyk rond in die kamer. Hy praat effens treurig en stadig*): Waar is daardie stuk nuwe tou wat in Connemara gekoop is, Cathleen?

CATHLEEN (*Klim af*): Gee hom dit, Nora; dit hang aan 'n spyker by die wit planke. Ek het dit vanoggend opgehang, want die werf-vark het daaraan gestaan en kou.

NORA (*Gee hom die tou*): Is dit wat jy soek, Bartley?

MAURYA: Jy moet liewers daardie tou laat hang waar hy hoort, by die wit planke. (*Bartley vat die tou*). Ons gaan dit hier nodig kry, want as hulle vir Michael kry, as hy môre, oormôre uitgespoel word of enige ander môre; dan sal ons vir hom 'n diep graf maak.

BARTLEY (*Werkskaf met die tou*): Ek het geen halterriem vir die merrie nie en ek is baie haastig. Dis die enigste boot vir twee weke of langer, en hulle sê die perdemark is goed.

MAURYA: Hulle sal praat as die lyk uitspoel en niemand hier is om 'n kis te maak nie, en ek het duur betaal vir die mooi wit planke in Connemara. (*Sy kyk na die planke*).

BARTLEY: Hoe kan hy nou uitspoel, ons soek dan al nege dae, en die wind waai lankal sterk uit die weste en suide?

MAURYA: As dit nie self uitspoel nie, daardie wind klits die see op, en daar was 'n ster teen die maan wat vannag opgekom het. Al het jy honderd of duisend perde besit, wat is die waarde van 'n duisend perde gereken teen 'n seun waar nog net één oorbly?

BARTLEY (*Werskaf met die halterriem, praat met Cathleen*): Jy moet elke dag gaan sorg dat die skape nie in die rogland kom nie, en as die veekoper kom, verkoop aan hom die werf-vark as hy 'n billike prys bied.

MAURYA: Hoe kan sý 'n billike prys vra?

BARTLEY (*Tot Cathleen*): As die westewind met die sekelmaan nòg waai, gaan haal genoeg seewier om nog 'n hoop kelp te maak.

MAURYA: Die dag as jy saam met ander verdrink, sal dit swaar gaan hier. Hoe sal ek en die meisies aan die lewe bly, en ek, oud en afgeleef en ná aan die graf?

(*Bartley sit die halterriem neer, trek sy ou haadjie uit, en trek 'n nuwe aan, van dieselfde flennie*).

BARTLEY (*Aan Nora*): Kom die boot al na die landingsplek?

NORA (*Kyk uit*): Hy vaar by die groenpunt verby; die seile word ingehaal.

BARTLEY (*Haal sy beursie en tabak uit*): Ek het 'n halfuur om ondertoe te gaan; julle kan my oor twee of drie of vier dae, as die wind kwaai is, terug verwag.

MAURYA (*Draai om na die vuur toe en gooi haar sjaal oor haar hoof*): Is hy nie 'n harde en gevoellose seunskind wat nie 'n ou moeder se raad wil neem nie, en ek wil hom weghou van die see!

CATHLEEN: Dis 'n man se werk om na die see te gaan; moet hy heeldag na 'n ou vrou se geprut sit en luister?

BARTLEY (*Tel die halterriem op*): Ek loop nou. Ek sal op die vosmerrie ry en die wit ponie kan agterna kom . . . Dit gaan julle goed. Tot siens.  
(*Hy vertrek*).

MAURYA (*Roep uit as hy by die deur uitgaan*): Daar loop hy vir die laaste keer. Mag die Here ons help! Hy's die laaste een en as die swart nag daal, het ek nie meer 'n seun in die wêreld oor nie.

CATHLEEN: Hoekom 't Ma hom nie gegroet toe hy in die deur omkyk nie? Het ons nie reeds genoeg hartseer nie; waarom moes hy met kwaai woorde in sy ore hier weg?  
(*Maurya tel die vuurpook op en stook doelloos die vuur*).

NORA (*Draai om na Maurya toe*): Jy krap die turf van die brood af weg.

CATHLEEN: (*Roep ontsteld uit*): Ag, Here, vergeef ons — ons 't sy brood vergeet. (*Sy stap na die haard toe*).

NORA: Hy sal flou wees van die honger, want hy het voor sonop laas iets geëet.

CATHLEEN (*Haal die brood uit die oond uit*): Ja, doodhonger. Waar iemand so baie mor in 'n huis, is daar geen verstand oor nie.  
(*Maurya swaai heen en weer op haar stoel*).

CATHLEEN (*Terwyl sy van die brood sny en in 'n doek toedraai, tot Maurya*): Gaan af na die fontein en gee hom dié as hy verbykom. Praat dan mooi met hom en maak vrede en sê 'Voorspoedige reis'; dan sal hy geruster voel.

MAURYA: Sal ek betyds daar kan wees?

CATHLEEN: As Moeder nou dadelik loop.

MAURYA (*Staan wankelend op*): Ek loop tog so swaar.

CATHLEEN (*Kyk angstig na haar*): Gee die kerie aan, Nora, miskien gly Ma op die groot klippe.

NORA: Watter kerie?

CATHLEEN: Die kerie wat Michael van Connemara gebring het.

MAURYA (*Neem die stok wat Nora haar gee*): Oor die hele

wêreld laat die ou mense goed aan hulle seuns en kinders na, maar hier laat die jòng manne dinge vir die oues agter.

(*Sy stap stadig uit. Nora loop na die leer toe.*)

CATHLEEN: Nee, wag, Nora, miskien draai sy gou om. Sy is so jammer, foei tog, 'n mens weet nie wát sy sal aanvang nie.

NORA: Het sy om die bos langs geloop?

CATHLEEN (*Kyk uit*): Daar's sy nou agter die bos. Gooi dit gou hier neer, want ek weet nie wanneer sy weer uitkom nie.

NORA (*Haal die bondel uit die solder uit*): Die jong priester-tjie kom môre hier verby, en as dit Michael se klere is, kan ons met hom gaan praat.

CATHLEEN (*Neem die bondel*): Het hy gesê hoe hulle dit gekry het?

NORA (*Klim af*): Daar was twee manne, het sy gesê, en hulle het nog beskonke rondgeroei voor die hane kraai, toe een van die spane die lyk raak daar bo by die swart rotse.

CATHLEEN (*Probeer die bondel oopmaak*): Gee my 'n mes, Nora, die lyn is taai van die soutwater, en dié knoop sal mens 'n week vat om los te kry.

NORA (*Terwyl sy haar 'n mes gee*): Ek 't gehoor hulle sê dis baie ver na Donegal.

CATHLEEN (*Sny die lyn*): O ja. Hier was eendag 'n man — hy 't aan ons daardie mes verkoop — en hy 't gesê as mens van die oorkantste rotse begin loop, sal dit sewe dae lank neem Donegal toe.

NORA: En hoe lank sal 'n man in die water afdryf?

(*Cathleen maak die bondel oop, haal 'n stuk hemp en 'n kous uit. Hulle kyk aandagtig daarna.*)

CATHLEEN (*Saggies*): Ag Vader tog, Nora! Is dit nie wreed as dit dalk syne is nie?

NORA: Ek sal sy hemp van die haak gaan afhaal, sodat ons die flennie kan vergelyk. (*Sy soek klere deur wat in die hoek hang*). Die hemp is nie hier nie, Cathleen, maar waar kan dit wees?

CATHLEEN: Ek meen Bartley het dit vanmôre aangetrek, want sy eie hemp was hard van die sout. (*Wys na die hoek*). Daar's 'n stukkie van dieselfde stoffasie. Gee dit aan, laat ek kyk.

(*Nora gee dit vir haar en hulle vergelyk die stukke.*)

CATHLEEN: Dis dieselfde, Nora; maar al is dit, die winkels in Galway het baie hiervan, en baie jong mans dra hemde soos dié van Michael.

NORA (*Het intussen die kous opgetel en die steke getel*): Dit is Michael, Cathleen, dit is Michael en mag God hom genadig

wees; maar wat sal Ma sê as sy dit hoor en nou is Bartley ook op die see?

CATHLEEN (*Neem die kous by haar*): Dis 'n gewone kous

NORA: Dis die maat van die derde paar wat ek gebrei het; ek het sestig steke opgesit en vier laat val.

CATHLEEN (*Tel die steke*): Dis die getal. (*Roep uit*). Ag tog, Nora, is dit nie bitter om te dink hy spoel na die verre noorde met niemand om oor hom te weeklaag buiten die swart seevoëls nie?

NORA (*Swaai half om en omarm die klere*): Om te dink al wat van 'n man oorbly wat eens 'n groot visser en sterk roeier was, is net 'n ou stukkie hemp en 'n kous. Is dit nie 'n bittere gedagte nie?

CATHLEEN (*Na 'n rukkjie*): Sê my of sy kom, Nora? Ek hoor iets in die paadjie.

NORA (*Kyk uit*): Ja, sy kom, Cathleen. Sy kom deur toe.

CATHLEEN: Bêre dié goed voor sy inkom. Miskien voel sy beter noudat sy vir Bartley gegroet het, en ons moet niks sê terwyl hy weg is op see nie.

NORA (*Help vir Cathleen om die bondel toe te draai*): Kom ons bêre dit hier in die hoek.

(*Hulle steek dit weg in 'n gat in die hoek by die skoorsteen*).  
(*Cathleen stap terug na die spinwiel*).

NORA: Sal sy sien ek het gehuil?

CATHLEEN: Staan met jou rug na die deur se kant toe, dan sal sy nie kan sien jy't gehuil nie. (*Nora gaan sit in die skoorsteen se hoek, met haar rug na die deur gekeer. Maurya kom stadig binne, sonder om na die meisies te kyk en stap na haar stoel oorkant by die vuur. Die doek met die brood is nog in haar hand. Die twee dogters kyk na mekaar en Nora wys na die bondel brood*).

CATHLEEN (*Nadat sy vir 'n oomblik gesit en spin het*): Ma het hom nie die brood gegee nie?

(*Maurya begin saggies te weeklaag — Engels: „to keen” — sonder om haar om te draai na hulle toe*).

CATHLEEN: Het Moeder hom gesien verbyry? (*Maurya hou aan met weeklaag*).

CATHLEEN (*Ietwat ongeduldig*): Hoekom vertel Ma nie wat Ma gesien het nie, liewer as om te huil oor 'n gedane saak? Het Ma vir Bartley toe gesien?

MAURYA (*Met 'n swak stem*): Van vandag af is my hart gebreek.

CATHLEEN (*Soos voorheen*): Het Ma vir Bartley gesien?

MAURYA: Ek het die vreeslikste ding gesien.



CATHLEEN (*Laat staan die wiel en kyk uit*): God sal Ma vergewe; Bartley ry nou op die merrie daar oor die groenpunt en die wit ponie hardloop agterna.

MAURYA (*Ruk op dat die sjaal van haar grys kop afval en haar windverwaaide hare gesien kan word. Met 'n bang stem*): Die wit ponie agterna . . . .

CATHLEEN (*Kom na die vuur toe*): Wat makeer dan?

MAURYA (*Sy praat baie stadig*): Ek het iets nog vreesliker gesien as die dag toe Bride Dara die dooie man met die kind in sy arms gesien het.

CATHLEEN EN NORA: Ooo. (*Hulle hurk neer voor die ou vrou by die vuur*).

NORA: Vertel ons wat Moeder gesien het.

MAURYA: Ek 't na die fontein gegaan en daar gestaan en bid. Toe kom Bartley op die vosmerrie verby met die wit ponie agterna. (*Sy hou haar hande voor haar asof om iets voor haar oë af te weer*). Mag God ons behoed, Nora!

CATHLEEN: Wat het Ma gesien.

MAURYA: Ek het Michael self gesien.

CATHLEEN (*Praat saggies*): Nee, Moeder. Dit was nie Michael nie, want sy lyk is in die verre noorde gevind en God self het hom in die see ter ruste gelê.

MAURYA (*Bietjie koppig*): Vandag het ek hom sien op 'n galop ry. Bartley het eerste verby gekom op die vosmerrie. Toe wou ek skree: 'Voorspoedige reis', maar iets het die woorde in my keel gesmoor. Hy is vinnig verby en 'God seën u, Moeder' het hy gesê, maar ek kon geen woord uitkry nie. Toe huil ek en kyk op en daar sien ek Michael op die wit ponie — mooi aangetrek, met nuwe skoene aan sy voete.

CATHLEEN (*Begin weeklaag*): Dis die einde. Sowaar, vandag is dit die einde.

NORA: Het die priester-tjie nie gesê God sal haar nie behoef-tig agterlaat sonder 'n seun nie?

MAURYA (*Saggies, dog duidelik*): Wat weet hy van die see af, kind? Bartley sal nou ook omkom, en laat roep jy vir Eamon om 'n goeie kis uit die wit planke te maak, want lank na hulle sal ek nie meer lewe nie. Ek het 'n man, sy vader en ses seuns in hierdie huis gehad — ses fris manne, en elkeen swaar gebaar — party is gevind, maar ander nie, en nou is hulle algar weg. . . . Stephen en Shanen het in die orkaan omgekrom en is later in die Baai van Gregorius gevind en by daardie deur het hulle die twee op een plank ingedra.

(*Die meisies spring half op, asof hulle iets deur die half-oop deur agter hulle gehoor het*).



NORA (*Fluister*): Het jy dit ook gehoor, Cathleen? 'n Geluid in die noordooste?

CATHLEEN (*Fluister*): Iemand roep daar onder op die strand.

MAURYA (*Praat sonder om iets te hoor*): Daar was Sheamus en sy vader en ook sý vader wat een donker nag spoorloos verdwyn het. En Patch het verdrink toe 'n bootjie omgekantel het. Ek en Bartley het hier gesit — hy was 'n baba op my skoot — toe sien ek twee vroue, en nog een en nog een wat inkom, die kruisteken maak maar geen woord praat nie. Toe ek uitkyk, sien ek manne agter hulle aankom met iets in 'n stuk rooi seildoek wat hulle dra, druipnat — dit was droog, Nora — 'n nat spoor tot by die deur het hulle gelaat.

*(Sy hou op met hand na die deur gestrek. Dit gaan oop, en ou vroue kom binne, maak die kruisteken op die drumpel; hulle kniel voor op die verhoog met rooi doekgoed oor hulle koppe).*

MAURYA (*Half in 'n droom, aan Cathleen*): Is dit Patch of Michael, of wat gaan aan?

CATHLEEN: Michael is dan in die verre noorde gevind; hoe kan hy nou hier wees?

MAURYA: Baie jong manne dryf in die see rond, en wie sal weet of hulle nou juis vir Michael het, veral na nege dae in die see met so 'n wind; sy eie moeder sal hom skaars kan herken.

CATHLEEN: Dit was Michael, want hulle het ons sy klere uit die verre noorde gestuur. *(Sy steek haar hand uit en kry die klere van Michael, gee dit aan Maurya. Maurya staan stadig op en neem dit. Nora kyk na buite).*

NORA: Hulle dra iets, en daar is water wat daaruit drup en 'n spoor laat by die groot klippe.

CATHLEEN (*Fluister vir die vroue wat net ingekom het*). Is dit Bartley?

'N VROU: Ja, mag God hom genadig wees. *(Twee jonger vroue kom binne en trek die tafel uit. Dan dra 'n paar manne die lyk van Bartley op 'n plank binne, bedek met 'n stukkie seil, en lê dit op die tafel neer).*

CATHLEEN (*Tot die vroue wat besig is*): Hoe het hy verdrink?

EEN VAN DIE VROUE: Die wit ponie het hom in die see ingegooi, en hy is uitgespoel waar daar geweldige branders op die wit rotse breek.

*(Maurya het by die koppenent van die tafel gaan kniel. Die vroue weeklaag en swaai stadig heen en weer. Cathleen en Nora kniel aan die ander kant van die tafel. Die manne kniel naby die deur).*

MAURYA (*Lig haar hoof op en praat asof sy nie die mense rondom haar sien nie*): Nou is hulle almal weg, en die see kan niks meer aan my doen nie. . . . . Nou hoef ek nie meer te vrees en te bid as die wind van die suidekant af opsteek nie, met die branderslae in die ooste en die weste, branders wat opskuim en klap teen mekaar dat die eiland bewe. Nou hoef ek nie meer op donker nagte wywater te gaan haal nie, en as ander vroue sit en weeklaag, sal ek niks omgee nie. Die see kan my nie meer breek nie. (*Aan Nora*). Gee my van die wywater, Nora; daar is bietjie op die kas.

(*Nora gee haar dit*).

MAURYA (*Gooi Michael se klere oor Bartley se voete en spat die wywater oor hom*): Dis nie dat ek nie tot God vir jou gebid het nie, seun. Ek het gebid diep in die nag dat my woorde verward geword het; maar nou sal ek rus vind, en hoog tyd ook. Nou sal ek veel rus kry, en lang nagte slaap, al eet ons bietjie nat meel vir kos en vis wat al goor is.

(*Sy kniel weer, maak die kruisteken en mompel gebede, saggies*).

CATHLEEN (*Aan 'n ou man*): Sal Oom en Eamon 'n kis maak as die son opkom? Ons het sterk wit planke wat sy self gekoop het vir Michael; en ek het vars brood wat julle kan eet as julle werk.

OU MAN (*Kyk na die planke*): Het julle spykers ook?

CATHLEEN: Nee, Colum, ons het nie daaraan gedink nie.

ANDER MAN: Snaaks dat sy nie aan die spykers gedink het nie; sy wat al so baie kiste moes laat maak het.

CATHLEEN: Sy raak oud en gebroke.

(*Maurya staan weer baie stadig op en spreid die stukke klere van Michael langs die lyk; sy spat die laaste bietjie wywater daaroor*).

NORA (*Fluister vir Cathleen*): Nou is sy stil en beheersd; maar die dag toe Michael verdrink het, kon jy haar tot by die fontein hoor skree. Sy was liewer vir Michael, lyk dit my; wie sou dit ooit kon dink?

CATHLEEN (*Stadig en duidelik*): 'n Ou vrou word gou moeg van enigiets wat sy doen, en dis nou al nege dae wat sy weeklaag en rou en die huis in smart dompel.

MAURYA (*Sit die leë koppie onderstebo op die tafel neer en plaas haar hande saam op Bartley se voete*): Nou is hulle algar bymekaar, en dis die einde — almal. Mag die Here hulle genadig wees — vir Bartley en Michael en vir Sheamus en Patch en Stephen en Shanen (*sy buig haar hoof*); en mag Hy

ons ook genadig wees, Nora, ons almal wat nog in die wêreld oorbly.

*(Sy swyg en die geweeklaag ruis harder op onder die vroue, verstil dan weer).*

MAURYA (*Praat verder*): Michael is fatsoenlik in die verre noorde begrawe — dank die Here. Bartley sal 'n sterk kis uit die wit planke kry en 'n graf wat diep genoeg is. Wat meer kan ons vra? Geen mens kan vir ewig lewe nie, en ons moet tevrede wees.

*(Sy kniel neer en die gordyn sak stadig toe).*

ANDRÉ P. BRINK:

## Van Wyk Louw - en Robert Graves?

Dit is onmoontlik om Shakespeare se historiese dramas te versin sonder die invloed van Holinshed se *Chronicle* of the North-vertaling van Plutarchus se biografieë; ewe onmoontlik as om aan Chaucer, of aan haas enige ander groot letterkundige figuur van hede of verlede te dink sonder om in hulle werk neerslae van ander skrywers te vind. Want dit lê in die aard van die letterkunde as een van die mens se hoogste en gekonsentreerdste uitinge om bevrugterend te werk — nie net op die algemene leser nie, maar op die medekunstenaar. Daarom is die vergelykende letterkunde so 'n vrugbare studie. Mits dit nie oordryf word nie: mits ons nie byvoorbeeld die *waarde* van Shakespeare se *Coriolanus* gaan meet aan Plutarchus se invloed nie (of die *waarde* van Sangiro se *Oerwoud en vlakke* aan die invloed van Schellendorf!)

Met dié voorbehoud dan dat die nagaan van invloede hoogstens 'n interessante bystudie van die letterkunde is en geen waardebeepaling kan bevorder of benadeel nie, is dit baie interessant om in te gaan op ooreenkomste tussen Van Wyk Louw se *Germanicus* en die "outobiografie" van die Romeinse keiser Claudius in die roman van Robert Graves\*: *I, Claudius* (wat reeds in 1934 verskyn het).

Daar is vanselfsprekend veel oppervlakkige *historiese* ooreenkomste. So rym Louw se beeld van Germanicus met Graves s'n: "Germanicus was wholly inclined to virtue, and, however evil the age into which he had been born, would never have behaved any differently from the way he did" (p. 189, in die Penguin-uitgawe van 1958, wat ek deurgaans gebruik het); daarby was hy "in feature, body . . . courage, intellect, and nobility" (p. 18) onoortreflik, ens. ens. Agrippina was, volgens Graves, "the typical Roman matron of ancient legend — strong, courageous, modest, witty, pious, fertile, and chaste" (p. 153), wat ooreenstem met Louw se beeld. Daarby word sy deur Graves voorgestel as "trying to persuade him (Germanicus) to usurp the monarchy" (p. 220), soos sy in Louw se derde episode ook doen. So is ook Louw se beeld van die krampagtig-hatige ou Livia volgens die patroon van Graves se boek — en selfs Livia se dreigement om Tiberius te vernietig deur ou briewe van

\* Pas benoemde "professor of poetry" aan die Universiteit van Oxford.

Augustus aan haar openbaar te maak, kom by albei voor (Graves, p. 245; Louw p. 66). Tiberius, "in wie die vuil bloed van die Claudii gis" (p. 5) word ook deur Graves voorgestel as "one of the bad Claudians" (p. 198). Die soldate in Germanicus verwys telkens smalend na Rome en die Senaat, in terme wat herinner aan Graves s'n. Germanicus se liefde vir die Ooste is by Graves en Louw eenders.

Maar dié ooreenkomste kan alles terloops wees, omdat dié voorstellinge immers aan die geskiedenis ontleen is — en daar kan talle plekke in die verloop van *Germanicus* aangestip word waar 'n gans ander interpretasie, selfs ander feite, as Graves s'n verskaf word. Op sulke ooreenkomste alleen kan so 'n studie nie berus nie.

Daar is egter veel interessanter ooreenkomste in *gebure* aan te stip: veral in kleiner détail, en in dialoog. So vertel Graves van Livia se minagting van die skare: "*Rabble and slaves! The Republic was always a humbug . . .!*", aaneengeskakel met 'n verwysing na haar voorouer, Claudia, wat uitgeroep het: "*If only my brother was alive! He knew how to clear crowds away. He used his whip*" (p. 20). In *Germanicus* verwys Livia na die "stink bevolking van die stad", en sy sê:

"Kyk hier hoe lê die stof: die goed word wild;  
ons sweep, dié rus te baie, deserdae . . ." (p.58).

Graves vertel hoe Tiberius gedwing is om te skei van Vipsania om met Julia te trou: "Once when he met her (Vipsania) accidentally afterwards in the street he followed her with his eyes in such a helpless way that Augustus . . . gave orders that . . . this must not happen again" (p. 40). En in *Germanicus* vertel Agrippina:

"Vipsania, dié wou hy nooit weer sien. Ek was 'n kind, hy aan die venster, sy gaan verby — dis ál wat ek sy hande ooit sien beef het" (p. 52).

Graves vertel van die volk se reaksie op Germanicus se dood: "Everywhere people were saying that Rome was lost; and that no hope remained; for Germanicus had been *their last bulwark against oppression*" (p. 241). En Louw se Germanicus sê bewoë teen die end:

"Hulle treur — en weet dit nie — omdat één sterf van dié wat min word, en *wat staan as grenswag tussen hulle self en hulle waansin*" (p. 108).

(Maar let ook steeds op die groot *verskille*; op die *poësie* by Louw.)

Die interessantste ooreenkomste blyk uit 'n vergelyking van Germanicus se eerste episode — die soldate se ontevredenheid — met Graves se beskrywing van die muitery aan die Ryn. Hier gaan dit nie net om besonderhede soos die soldate se voorliefde vir Germanicus se seuntjie (Caligula), of om Germanicus se trou aan Tiberius, of om sy herroeping na Rome nie, maar om stukke dialoog:

(i) "Germanicus . . . rode at once to the mutinous camp . . . The men surged about him in a mob . . . but Germanicus calmly refused to say anything to them until they had formed up decently in companies and batallions under their proper banners so that he should know whom he was addressing" (p. 175).

("Moet ek met julle praat in dié verwarring! Is dit kohorte? Is dit 'n dol gepeupel?" (9).)

(ii) "Men stripped themselves to the skin to show the clean silver scars of honourable wounds on their backs and the ragged discoloured marks of flogging on their backs. One decrepit old man broke from the ranks, and running forward pulled his mouth open with his fingers to show his bare gums. Then he shouted, 'I can't eat hard tack without teeth, General, and I can't march and fight on slops. I served under your father in his first campaign in the Alps and I'd done six years' service even then, I've two grandsons in the same company as myself. Give me my discharge, General —" (p. 176)

(In *Germanicus* is die hele pragtige openingstoneel 'n uitbreiding, dramatisering en poëtisering hiervan. In die toneel tussen Germanicus en sy soldate kom dit veral duidelik uit:

"EERSTE SOLDAAT: Generaal, as ek mag praat. Ek is al sestig.

Veertig jare het ek gedien en nou's ek tam.

Kyk na my hande. Kyk na my ou rug.

Of ek die rottang ken? Maar nou's ek mak.

Voel hier my tandvleis: stompies, kort en goor.

Kan ek nie rus? Sal die groot Ryk my láát . . ."

TWEEDE SOLDAAT: Generaal,

hier's duisende van ons wat twintig jaar

somer en winter vir Caesar trou gedien het,

— voor jy in hierdie waterlande was,

toe jy 'n seun was, toé 't ons reeds gedien . . .

ANDER SOLDATE: Kyk hier, hoe's ek geslaan.



En ek  
Ons almal.  
En geld!  
Die geld!

Vyf oulap vir ons wonde!" (9-10.)

(iv) Daarop antwoord Germanicus, in Graves: "In the name of my father Tiberius I promise you justice . . ." (177).

En by Louw:

"Soldate, dis 'n bitter lewe hierdie.  
Maar Caesar het gebied, en ons was trou  
tot aan vandag toe. Ek sal sorg. Die klagtes  
sal ondersoek word" (10.)

(v) By Graves raak die soldate nou opstandig en skreeu:  
"Up, Germanicus! You're the Emperor for us. Chuck  
Tiberius into the Tiber! Up Germanicus! Germanicus for  
Emperor! To hell with Tiberius! To hell with that Livia!  
Up, Germanicus! March on Rome! We're your men! Up,  
Germanicus, son of Germanicus!"

By Louw:

"'n TROUE SOLDAAT: Gaan u na Rome  
dan gaan ons saam.

STEMME: Heil Germanicus;  
Germanicus word Caesar!

ANDER STEMME: Weg met die Caesars! (p. 11).

(vi) As die soldate rumoerig bly, dreig Germanicus by  
Graves eindelijk: "Let me pass, or by God, I'll kill myself!

"'You're the Emperor for us,' they answered.

"Germanicus drew his sword, but someone caught his  
arm. It was clear to any decent man that Germanicus was  
in earnest, but a good many of the ex-slaves thought that he  
was just making hypocritical gesture of modesty and virtue.  
One of them laughed and called out: 'Here, take my sword.  
It's sharper!" (p. 177-8).

By Louw:

"Eer ek my in triomf laat stad toe sleep . . .  
vat ek my eie swaard . . .

SESDE SOLDAAT: Vat myne! Hy's skerp —  
nie die vlieëslaner van 'n veldheer nie" (p.13.)

Maar wie kan in dié toneel nie juis ook die groot ver-  
skille sien nie? Louw se vermoë van konsentrasie, persone-  
keuse, ewewig; bo alles van *integrasie* in die groot geheel  
van die drama, omdat elke onderdeel gemeet word om

sekuur in sy plek te val. En daarby: omdat die *dialog* alleen by hom kan sê wat Graves in prosa uitwei.

Dieselfde geld die weergawe van die groot geveg wat in Louw se vierde episode beskryf word en waarvan die Jong Offisier onder meer vertel:

“Toe ons in die oggendkoelte voor die borsweer  
van die geel Cheruskers haltmaak — die woud, die  
bosse

was stippelblink van wapens — aarsel ons.

Toe sien Germanicus agt arende

draai bo ons, koers-vat na die woud.

‘Volg die Romeinse voëls soos ek hul volg!

Steek met die kortswaard — reg na die gesigte!

— en ons was in die spiese in!” (p. 35.)

By Graves lui dit: “Go straight at them, never mind their assegais, and get to close quarters at once. Stab at their faces: that is what they hate most’ . . . At this moment there came a most cheering omen for the Romans — eight eagles, who had been frightened from the hill by the sortie and were wheeling about the plain, uttering loud shrieks, now flew all together towards the wood. Germanicus called out: ‘Follow the Eagles! Follow the Roman Eagles! The whole army took up the cry . . .’ (p. 214-5).

Miskien die beste samevatting van die manier waarop Louw die historiese inligting verwerk het (as ons sou aanneem dat hy dit onder meer van Graves gekry het, wat miskien nie afdoende bewys kan wees deur bostaande nie: hulle kon albei na een of meer ander bronne teruggegaan het) spreek uit ’n vergelyking van die weergawes van Germanicus se triomf. By Graves lui dit nugter: “He came back early in spring and celebrated his triumph. The whole population of Rome streamed out to welcome him twenty miles from the City . . . There were cars heaped with the spoil of the German temples, and with enemy shields and weapons . . . Thrunelda and her child were on one car, with halters about their necks, followed by an enormous train of manacled German prisoners. Germanicus rode, crowned, in his chariot with Agrippina seated beside him and his five children . . . behind. He won more applause than any other triumphant general had won since Augustus’s triumph after Actium” (p. 219).

Louw sien alles deur Livia se oë; daarom kry alles bedreigende betekenis, word alles onmiddellik geïntegreer in

die vlegsel van haar planne; en dié simultane handelingsmoment is outomaties ook 'n baie wesentliche deel van die essensiële lig-donker-kontras wat deur die hele stuk loop: Sy verwys na "sy vyf fraai kinders op die hoë wa" — en stel dit onmiddellik teenoor "Tiberius het net een . . ." Sy luister na alles wat die skare uitroep, aanskou die "hele santekraam van 'n triomf" — en plaas alles in die kader van die hele verworde stad:

"Die een wat weet, dis ek, dis ek, die ou vrou:  
hoe bedelaars, slagters, mankes, senatore,  
almal kon uitstroom na die twintigste mylpaal,  
hóm tegemoetgaan — mooi, ek ken die name.  
Dit borrel van verraad; die goed is kwaai,  
maar bång" (p. 58).

Dit lei dan ook spontaan na Livia se aankondiging dat Germanicus na die Ooste gestuur word (by Graves is dit Tiberius se besluit).

In die geval van twee figure verstrek Graves nuwe moontlikhede. In die eerste plaas gee hy te kenne dat Livia haar sluwe ou dokter jare tevore al na Germanië gestuur het en dat Germanicus se vader pas na dié se aankoms oorlede is aan die gevolge van sy wond — nadat hy oënskynlik aan die herstel was. (Later word egter wel gesuggereer dat Germanicus se vader tóg aan natuurlike oorsake dood is.) Hierdie "verlede" van die ou dokter in die toneelstuk kon hom méér sinistere diepte gegee het. Maar Louw het dit nie gedoen nie: waarskynlik omdat die figuur tog nie só belangrik is en nie nodig het om veel by te kry nie; en daarom *bestaan* Graves se gegewens nie vir die drama nie.

Die ander geval is interessanter: die geval van die gemartelde slaaf Clemens, die "vals Agrippa". Volgens Graves se interpretasie is hierdie "slaaf" inderdaad die ware Agrippa, troon-aanspraakmaker, wat voor die sluipmoord met sy slaaf rolle sou verwissel het. Germanicus was hiervan nie bewus nie, omdat Claudius se briewe aan hom oor die aangeleentheid onderskep is. As die "slaaf" in *Germanicus* OOK die ware Agrippa sou wees, kon dit 'n aangrypende kontraspeel teweegbring het. Maar Clemens se eksplisiete verwysings na sy slaweverlede (p. 77-8) dui daarop dat Louw hom wel net as slaaf beskou. (En dui derhalwe óók daarop dat Graves vir Louw seer sekerlik geen unieke bron kon gewees het nie.) Daar is nietemin een openbarende ooreenkoms (en verskil!) wat nie verbygegaan

kan word nie. Volgens Graves het Tiberius die gemartelde "slaaf" gevra: "How did you happen to become one of the Caesars?" En die antwoord was: "In the same way and on the same day as you did. Have you forgotten?" (p. 209). By Louw lui die stukkie dialoog só:

"Hoe kon jy só . . . so stil, Agrippa word?"

CLEMENS: Net soos jy Caesar stil geword het" (p. 76). —hier lê 'n ganse wêreld van suggestiewe betekenis in.

Dit sou moontlik wees om verskeie kleiner ooreenkomste aan te dui. Maar dit is betekenisvoller om uiteindelik nog daarop te wys hoedanig Louw in één figuur veral die voorstelling van Graves volkome transendeer. Dit raak hier die sleutelfiguur Piso. Graves teken hom as "a haughty old man who twenty-five years before had earned the bitter hatred of the Spanish . . . for his cruelty and avarice . . . He disliked Germanicus for his seriousness and piety and used to call him a superstitious old woman; and he was also extremely jealous of him" (p. 230). Dit is wel waar dat Piso werktuig van die Bose en die donkere word (hy héét trouens ook "Swart Piso") en Germanicus se ondergang help bewerkstellig — aktiewer, miskien, as selfs Livia of Tiberius; dis waar dat hy trots en bitter is, en genadeloos (vgl. sy gesprek met Lucius, veral p. 26; en sy houding teenoor Germanicus ná die banket); dis waar dat hy Germanicus verwyf oor sy swak en wit-vingerige optrede in die Ooste. Maar Louw bied oneindig veel meer deur Piso aanvanklik juis deur sy liefde vir Germanicus, en deur sy groot eergevoel aangedryf te beeld. Hy bied voortdurend aan Germanicus die moontlikheid om homself te red, die moontlikheid van 'n daad. Hy is 'n ongelooflik kantige figuur, vol lig en duister, aangrypend selfs in sy boosheid: sy boosheid sal nooit dié van Iage of Generil kan wees nie. En dit alles mis die gemene, hooghartige, jaloerse figuur uit die werk van Graves. Dit word terselfdertyd ook wéér aanduidend van Louw se vryheid as kunstenaar, selfs teenoor historiese stof: want die éérste eis is die dramatiese, en die deurdrywende insig van die kunstenaar wat déúr mense en geskiedenis sy onverbiddelike patrone sien en skep.

Selfs as Louw dus wel van Graves gebruik gemaak het; selfs as daar opvallende ooreenkomste mag wees, betcken dit allermins dat *Germanicus* daarom "anders" moet wees as wat hy was vóór so 'n ooreenkoms ontdek is. Die kunswerk se enigste regverdiging bly in eerste en laaste instansie die kunswerk self.

P. D. VAN DER WALT:

## Die Vlaamse CAMERA OBSCURA

Toe *De Lecuw Van Vlaanderen* in 1838 verskyn het, was Hendrik Conscience se roem in die Vlaamse letterkunde gevestig, en dekades daarna het hy die literêre terrein volkome beheers, eers met sy romantics-historiese verhale, daarna met dié van sedekundig-maatskaplike strekking en ander van idilliese aard — maar altyd plegtig, statig en ver naam; en ook beperk in sy siening van die mens en die lewe.

Met die uitbloeï van die romantiek brek ook in die Vlaamse letterkunde 'n nuwe tydperk aan: dié van die realisme — die „kopicerlust des daaglijkschen levens” (Potgieter), wat in die Suidelike Nederlande geen markante kuns voortbring nie, behalwe Tony (Anton Bergmann: 1835-1874) se *Ernest Staas, Advocaat — Schetsen en Beelden* (1874).\*

Hierdie werk word nie sonder reg die Vlaamsche „Camera Obscura” genoem nie, want in stylaard en stof herinner dit in vele opsigte aan die meesterwerk van die Noord-Nederlander, Hildebrand. Daar het dan ook in die jare wat die publikasie van *Ernest Staas* voorafgegaan het (die boek het verskyn pas voor die vroeë oorlye van die skrywer) 'n mooi vriendskap bestaan tussen Hildebrand (Nicolaas Beets) en Anton Bergmann, en dat Tony se bewondering vir sy vriend invloed gehad het op die skepping van sy eie „Camera Obscura”, is heel natuurlik. In 'n brief wat die Vlaming egter nie betyds voor sy sterwe bereik het nie, druk Hildebrand sy opregte waardering uit vir ERNEST STAAS.

Dat die waardering vir hierdie werk in eie land nie uitgebly het nie, word bewys deur die toekenning van die vyfjaarlikse Belgiese Staatsprys vir Nederlandse letterkunde in 1875 aan Anton Bergmann op grond van *Ernest Staas*. Dit was geen daad van piëteit teenoor die vroeggestorwe kunstenaar en stryder vir die Vlaamse saak nie, want na *De Lecuw Van Vlaanderen* is hierdie boek in der waarheid 'n nuwe meesterwerk in die Vlaamse letterkunde wat na die skone en ryke letterkundige produksie van die Middeleeue in die negentiende eeu 'n heropbloeï begin

\* My uitgawe is die sewentiende deur J. H. de Bussy, Pretoria-Amsterdam, H.A.U.M., Kaapstad, 1919.



beleef het wat selfs in ons dae nie opgehou het nie — dis 'n heroplewing in alle genres van die literatuur, maar dan veral op die gebied van die verhalende prosa.

*Ernest Staas* is 'n boek wat tintel van fyn humor en geestigheid, van rake en skilderagtige opmerkingsgawe, tref-fende tipering en situasiebeelding.

Die struktuur en styl van die boek word reeds in vooruit-sig gestel deur die subtitel: *Schetsen en Beelden*; dus episodies los van struktuur, en dan die weergawe in woorde van die persoonlik waargenome uit die daaglikse lewe van die kind, jongeling en volwassene, Ernest Staas. Hierdie figuur, wat hom egter nêrens aan die leser opdring nie, vorm die bindende faktor in hierdie sketse.

Hierdie kuns staan nie meer in die eerste plek in diens van die Vlaamse Beweging nie; dit wil nie stig en verlig, verhef en oortuig nie — dit wil wees kuns sonder meer. Sowel wat betref stofgegewe en doel as die aard van hierdie werk, bring dit 'n breuk met die idilliese en moraliserende Conscience-tradisie; en reeds stel dit in vooruitsig, deur die nuwe werklikheidsbeskouing en geestigheid en soepelheid van skryfwyse, die veel latere kuns van 'n Willem Elsschot en 'n Marnix Gijsen.

Die eerste drie stukke in die boek vat die skrywer saam onder die titel *Drie Beelden uit het Verleden* en hulle heet *Goede Tante*, *Lieve Bertha* en *Arme Wilhelm*. Drie herinneringsbeelde dus, maar die skrywer verhaal nie van 'n werklikheid gesien deur die romantiese waas nie; daarvoor is sy werklikheidsin te sterk ontwikkel, sy blik te skerp, sy taalgebruik te geestig. Nogtans is daar 'n sekere meditatiewe element in hierdie eerste drie beelde aanwesig waarin hy vertel van sy tante by wie hy grootgeword het, van sy jeugliefde en van Tante se onverwenselike liefde. Daarom ook geen felle, meedoënlose werklikheidsiening nie; wel skerp waargeneem, en met liefde. Só word die bediende van Tante Mie, met enkele woorde geskets:

„Onze juffrouw sal haar nog dood breien,”  
mompelt Mie, de kamer verlatend, om op  
de kelderkamer, met de voeten op eene  
vuurstoof, de armen op de knieën, Man  
(dis die poedelhond) op den schoot, de  
gazet op Man en het geheel op eenen hoogen stoel,  
post te vatten, wat zij „op haar zeven  
gemakken” noemt.



En met 'n onmiskenbare realisme, nuut vir sy tyd, beskryf Anton Bergmann die koms van die herfs:

De meeste bloemen hangen verwelkt neder:  
alleen de koude dahlia staat nog recht  
en statig nevens haren witten stok, schitterend van schreeuwende kleuren en smakelooze  
pracht, een oude coquette gelijk, zonder geur  
nog bevalligheid, stijf van valschen waan en  
malle pretensie.

Ten spyte van die liefde waarmee dié werklikheid van die herinneringsbeelde beskryf word, het die skrywer 'n objektiwiteit en nugterheid waaruit die humor en geestigheid van siening en segging gebore word. Hierdie eienskappe is reeds aanwesig in die eerste drie sketse, maar tree veral sterk op die voorgrond in die volgende groep van drie: *Drie Schetsen uit het Jongensleven*, waarvan die eerste *Het geval van Mijnheer van Bottel* seker die kostelikste is.

Soos die dood van die Duitse soldaat Wilhelm oor die lot van Tante beslis het, het 'n heel onvoorsiene gebeurtenis oor die toekomstige loopbaan van die jong Ernest beslis.

In Tante se eenselwige en afgesonderde lewe het daar gereeld weekliks 'n gewigtige gebeurtenis plaasgevind: die *receptie* van mnr. Van Bottel wat elke Donderdag kom besoek aflê het net soos in die tyd van Oupa wie se lewenslange vriend hy was. Donderdae word naartoe voorbereid sels getref vir die ontvangs, en die *zaal*, die ontvangskamer — „heilighdom van pracht en weelde, waar wij met eerbied hooren van spreken, doch dat voor ons kinderen zoowel als voor de zonnestrallen zorgvuldig gesloten blijft” — word opgemaak.

Klokslag drie-uur bel mnr. Van Bottel aan; Mie, die bediende, spesiaal met mus en skoon voorskoot, maak oop en kondig die besoeker met deftige stem aan, waarna dié dan met 'n hoflikheid van 'n vorige eeu Tante se maer hand kus waar sy in haar ouderwetse drag op hom sit en wag. Formeel en hoflik wissel die twee komplimentjies, wel 'n kwartier lank, „totdat eindelijk Mijnheer Van Bottel zich verstout de eer te genieten eenen stoel te nemen, en neder te zitten”.

Net soos in Grootvader se tyd kom mnr. Van Bottel dus elke Donderdag om *klokslag* drie, drink sy koffie, rook sy pypie, vertel dieselfde verhaaltjies, speel sy vier potte kaart teen twee stuiwers en vertrek klokslag ses-uur. Want ten tye

van Oupa se sterwe het hy Tante belowe om „'t Pannenhuis” nie te vergeet nie.

Vir die jong Ernest was hierdie besoeke geseënde oomblikke. Vroeër moes hy die *receptie* bywoon „in mijne beste kleeders, sonder met mijnen rug teen den stoel te leunen, sonder met mijne skoene over het tapijt te scharren, sonder met mijne armen op die tafel te rusten, sonder te spreken onder het kaartspel, maar vooral sonder te geeuwen onder de vertelling”.

Spoedig het die seun egter sy vryheid herower, en die besoek het skaars begin, of hy sluip na die solderkamertjie waar daar 'n magdom van boeke was, Oupa s'n, maar wat vir hom verbode terrein was omdat sy tante gevrees het hy sou dalk *gevaarlike*, of erger, *slegte* boeke onder die oë kry. In hierdie ongeordende boekery het hy 'n afkeer van 'n te goed ingerigte biblioteek ontwikkel: „Mijn eerbied is te groot om die vergulde heeren te storen in hunne gecatalogeerde deftigheid”.

Tydens die weeklikse *receptie* het hy eendag onder die boeke wat daar in die solderkamertjie gelê het „onder eene eerbiedwaardige laag van stof en spinneweggen” 'n boeiende werk oor die Nederlandse geskiedenis ontdek, maar terwyl hy verdiep was in die heldhaftige stryd van die Nederlanders teen die gedugte Alva vir wie se naam die hele Europa gesidder het, het daar opeens 'n lawaai van onder uit die *zaal* gekom dat dit vir die jong oortreder was asof Alva hóm te lyf gegaan het, en . . . „ik sidder nog erger dan Europa”.

Onder in die ontvangskamer vind hy Tante hewig ontsteld en mnr. Van Bottel in ekstase. Die hond Man was die oorsaak van alles: dié het die seun na die solderkamertjie gevolg en later ongemerk met 'n „bestoven perkamenten bundel” tussen sy tande na die grootmense teruggekeer, 'n boek „waarvan hem de verdufte geur en bemorste randen wellicht meer dan de inhoud bekoord hadden”.

Mnr. Van Bottel het die ou geskrif herken as sy eiendom, en na aanleiding van besonderhede daarin oor 'n stuk land wat aan hom behoort het maar waarvan hy die grootte as foutief geag het, het hy 'n lang reeks hofprosesse begin, totdat hy ten einde raad die saak daargelaat het, Ernest aangeraai het om advokaat te word en hom beloop het om hom dié saak as sy eerste op te dra.

'n Besonder geestige effek bereik die skrywer, wanneer

hy oor dié stuk erfgrond praat, om die geykte frases, in die oeroue spelling, van die oorkondes en amptelike stukke tussenin te gebruik: „Onder zijne eigendommen was er een stuk land, *ghestaen ende geleghen* te Erembodegem in Vlaanderen”. Alles was by die stuk ou perkament wat Man opgediep het. „. . . de oude bewijzen, de akten van *goedenis* en inbezitstelling, en bovenal een volledig grondplan, *opghemaekt, ghelijkvormigh ende waerachtigh verklaert* door den *landmeter Bruneel, anno J. C. 1783*.

Hierdie, wat 'n mens sou kon noem virtuositeit van taalgebruik, tref die leser van *Ernest Staas* ook aan in die volgende drie sketse: *Drie Herinneringen uit den Proeftyd*. In die eerste herinnering, *De studie van Meester Adams Jeune*, vertel die jong gepromoveerde in die Regte van sy „vakleerlingskap” by die vermaarde advokaat, Meester Adams Jeune. By bestuurders en posmeesters heet die werkvertrek 'n *bureel*, by ontvangers en koopliede 'n *kantoor*, maar by advokate en notarissee 'n *studie!* Hier maak Ernest kennis met die horingoue en vervelige dossier van *Selderslag tegen Lammekens* wat hy eers leer haat, maar nadat hy eenmaal die aanvallige dogter van Meester Adams in die *studie* raakgeloop het, tree daar 'n verandering in: „Selderslag was mij een vriend geworden, en ik zou met Lammekens eenen handdruk gewisseld hebben”.

Dit is om haar dat hy by geleentheid van *Het Dansfeest* soveel aandag aan sy kledy bestee, en as hy aan die nate van sy styfspannende kleed dink, besef dis waar „dat het geluk der menschen soms aan een zijden draadje hangt”.

In hierdie gees skryf hy ook van *Drie Indrukken der Eerste Jaren en Latere Kennissen* waarmee hy hierdie prettige boek besluit.

Met sy toon van waarheid, sy onderhoudende verteltrant gekenmerk deur geestigheid, sagte humor en ongewone frisheid, sy reëlmaat en planmatigheid van opset, die beminlike karakter van die verteller, die fyn opmerkingsgawe en beelddende vermoë van die skrywer, is *Ernest Staas* van Tony vandag nog een van die mooiste en onderhoudendste prosawerke van onbetwisbare waarde in die Vlaamse letterkunde.

J. P. BRUWER:

## Aangaande die Wit Inboorlinge

Na aanleiding van S. E. Smit se chasma, het dr. P. C. Coetzee dit goed gedink om my ook by te haal in sy artikel in Tydskrif, Maart 1961. Ongelukkig is dit gedoen op 'n wyse wat misverstand mag skeep, en ook groter verwarring t.o.v. die Afrikaner se gesindheid teenoor die Westerse wêreld in verband waarmee dr. Coetzee juis om helderheid soek. My artikel wat dr. Coetzee aanhaal, het verskyn in Die Huisgenoot van 9 Desember 1960, ander die opskrif: *Afrika daag ons uit!*

Dit wil voorkom asof dr. Coetzee die grondliggende gedagte van my artikel nie heeltemal gesnap het nie. Feit is egter dat deur 'n besondere interpretasie betekenis in my woorde gelees word wat nóg bedoel is nóg daarin staan. Skynbaar gaan dr. Coetzee van die veronderstelling uit dat ek sou wou ontken dat daar 'n lotsgemeenskap (wat ook al hiermee bedoel word) tussen ons en Wes-Europa bestaan. Indien dr. Coetzee bedoel dat daar kultuurbande tussen ons en Wes-Europa lê, en dat ons toekoms met mekaar verweef is, wil ek hom die versekering gee dat ek dit nie ontken nie en ook nie ontken het nie.

Maar nou gaan dr. Coetzee darem 'n bietjie te ver as hy van my artikel beweer dat: „Vir hom is Europa reeds vir die afgelope tweeduisend jaar die vyand van Afrika en dus ook 'n vyand van die Afrikaner wat 'n ‚blanke inboorling‘ van Afrika is”. So iets het ek nooit geskryf nie, ook nie eers by implikasie nie. Dat so 'n formulering in druk moes verskyn, is dr. Coetzee se verantwoordelikheid en syne alleen. My eie woorde lees as volg: „'n Aangrypende epog van 2,000 jaar is in 1885 afgerond met die Konferensie van Berlyn. 'n Vasteland is verdeel en die vlae van die veroweraar het oor die ruimtes gewapper, oor die ruimtes en die Swartman van Afrika.”

Maar dis nie die enigste verdraaiing van my woorde nie. Volgens hom sou ek geskryf het: „veral gedurende die afgelope tweehonderd jaar het ons saam met die swart mede-inboorling onder die harde juk van die veroweraar uit Europa moes kreun”. My werklike woorde lees as volg: „Maar tussenin het die Afrika van die swartman gelê wat net soos ons onder die harde juk van die vreemde verowe-

raar uit Europa moes kreun." Wat hy my toedig en wat ek geskryf het, is twee verskillende dinge. Ek sou meer voorbeelde van hierdie eienaardige interpretasie van sy woorde kon noem, maar bostaande is genoegsaam om aan te dui hoe maklik 'n mens ander se woorde kan plooi vir jou eie veronderstellings. Ek is darem nie so naïef om die afleiding te maak wat dr. Coetzee voorgee dat ek sou maak met sy verwysing na Nkrumah nie!

As dr. Coetzee verkies om 'n „Wes-Europeër" te wees het ek daar vrede mee. Maar watter emosionele betekenis hy heg aan „inboorling" weet ek nie. Ek beskou myself as niks minder en niks meer as 'n „wit inboorling" van Afrika nie. Daarmee negeer ek nie die wieg van die Afrikaner en die bakermat van sy kultuurbedeling nie. As ons na driehonderd jaar nog nie inboorlinge van Afrika is nie, kan ons nie hoop om dit ooit te word nie. Maar dan moet ons ook die naam Afrikaner of Suid-Afrikaner verwerp en onself nog voortdurend Wes-Europeërs noem. Ek verkies om genoem te word wat ek is. Dit gaan hier immers om volksidentiteit op 'n vasteland, die geboortereg van daardie volk en daarmee ook sy reg op voortbestaan in Afrika. Nêrens het ek te kenne gegee dat ons ons herkoms of kultuurwieg moet ontken of verwerp nie. Vir my is daardie wieg eerbiedwaardig. As daar dan 'n „lotsgemeenskap" tussen ons en Wes-Europa bestaan, is dit beslis ewe waar dat ons ongetwyfeld deel vorm van die volkeregemeenskap van Afrika. Vandaar die feit dat ons inderdaad wit inboorlinge van Afrika is.

Ten slotte hoop 'n mens dat in 'n verantwoordelike tydskrif, ook 'n verantwoordelike interpretasie gegee sal word aan die siening van ander, anders skryf ons by mekaar verby ten nadeel van 'n saak waaroor ons wesenlik nie verskil nie.

## By die Jongeres

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk gepubliseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief.)

HENDRIK PRINS:

### Middag

*Goed kan ek in jou liefde glo  
saans as die kerslig vlam in jou oë;  
Twaalfuur se son is so warm en blink,  
kook op die teer en skroei op die sink.*

### Herfs

*Het ook u die kort  
wit dae geken,  
en het dié helderheid  
u hart geraak?*

### Gorter

*Ek wil so graag sê  
maar ek stotter, woorde dans dol,  
my hart  
is so vol.*

*So vol liefde  
vol pyn  
ek teken fyn  
blommetjies van liefde.*

*So baie sê  
uit 'n oorvol hart  
waansinnig word  
van my oorvol hart.*

*Maar nou kan ek nie  
ek weet nie  
die woorde is so dom.*



## Potchefstroom

*Skielik in die vuilbruin veld  
het die goudgroen plas gestol  
skugter weggedoke  
in die ruwe rantjiesveld.*

*Diep koper vlam  
die akkers en die bont platane  
smiddags sing die duiwe  
in die windstil lane.*

*Roerloos lê die vlek  
groen verf in 'n aardbruin bak  
en op 'n bloedrooi dak  
brom twee vaalblou duiwe.*

## Aand

*Die son brand uit,  
rooi kool agter die rante,  
die donker kom van alle kante,  
dam swart in die vleie.*

*Die persrooi wolke word swart,  
dit word skemer, word donker;  
Veraf by die strooise die gestonker  
van die volk se vure.*

## Skilder

*Ek vorm elke ding  
met die helder hale van my kwas  
maar o die skrik as uit my hand  
die bose grynsend spring.*

## Winter

*Nou kyk ek déúr  
die lang pop'liere  
na die ysblou wintermaan.  
Nou is alles oop  
en eerlik, wit en dun,  
teen die vaalblou lug gespan.*

## Dood

*Ek wonder of ek bang sal wees  
as die skraal swart hand my raak,  
of ek met bewende vingers  
vir die reis gereed sal maak?*

*Ek wonder of ek sal glimlag,  
dalk of huil, of woordeloos sal volg,  
as die dood op die afgesproke dag  
sy afspraak kom vervul?*

L. J. JANSEN:

## Komedie

(’n Eenbedryf in drie tonele)

*Eerste toneel:*

*’n Blom verwelk,  
bleekrooi in valse lig.  
’n Rookdamp gooi  
’n dowwe kleed daarom.*

*Tweede toneel:*

*’n Sigaret  
brand gloeiend voort  
totdat dit sterf,  
gehul in vaalblou rook.*

*Derde toneel:*

*My pols verslap.  
die bloed stol stadig styf . . . .  
„Dis net ekself  
Wat moeg is vir die grap.”*

## Reën

*Dit ruis so sag  
hier voor my venster.  
en tog, met krag  
weerklink dit hoog,  
vanwaar die dag  
uit blougrys hemel breek.*

*Elk' druppel val  
met stille helderheid,  
maar altyd sal  
dit smelt tot één gedreun.  
Dis soos die mal  
smart-dreuning in my hart.*

M. J. PRINS:

## Liedjies

*Ek skryf maar neer,  
miskien verniet,  
die bakens van  
my groot verdriet.*

## Graf

*'n Blinde mol  
het skielik gister  
'n rooi hopen grond  
in my tuin gestoot  
en laasnag droom ek  
jy is dood.*

## Lewe

*Weet dit, my kind,  
as die klokkie lui,  
is die speelyd hier  
vir goed verby.*



## C.N.A.-Letterkundige Toekenning

'n Aankondiging — Met die doel om Suid-Afrikaanse skrywers aan te moedig om goeie skeppende werk te lewer, is Central News Agency, Limited, van plan om jaarliks twee letterkunde-toekennings te maak. Hierdie toekennings, van R1000 elk, sal gemaak word aan die skrywers van (a) die Afrikaanse boek en (b) die Engelse boek wat aangewys word as die beste oorspronklike werk wat in die kalenderjaar gepubliseer is. Die werke hoef nie noodwendig 'n Suid-Afrikaanse agtergrond te hê nie, maar die afdelings sal beperk word tot Romans, Lewensverhale, Drama, Digkuns, Geskiedkundig en Reis. Skrywers wat verlang dat hul werke in aanmerking geneem moet word, moet met hul uitgewers in verbinding tree. Slegs gepubliseerde boeke (nie manuskripte nie) deur uitgewers voorgelê, sal in aanmerking geneem word deur die beoordelaars. Hierdie jaar se beoordelaars is: (Afrikaanse Afdeling) Prof. G. Dekker (Potchefstroom), mnr. Willem van Heerden (Redakteur, „Dagbreek”), Prof. D. F. Opperman (Stellenbosch); (Engelse Afdeling) mej. Nadine Gordimer (Skryfster), Prof A. C. Partridge (Witwatersrand), mnr. Horace Flather (Redakteur, „Star”). Om nadere inligting skryf aan die volgende adres:

**C.N.A. Letterkundige Toekenning, Bus 1033,  
Johannesburg.**

# Oor Boeke

U. M. Gerryts: **ONDERRIG VAN POËSIE IN DIE LAERSKOOL** (A.P.B., prys 80c).

Die onderwyser(es) in die laerskool asook studente aan onderwyskolleges het hier uiteindelik 'n werkie van 79 bladsye, stewig gebind, met 'n spesifieke doel voor oë binne 'n afgebakende terrein — soos die titel aandui. Naas Juin du Toit se *Drama en Spreekkuns in die Skool* (waarna die skrywer verwys) beskik die poësie-onderwyser tot op datum, as hulpmiddel, oor bv. die nuttige T.O.D.-pamflet *Die onderrig van Resitasie*, oor E. A. Venter se *Metodiek van Afrikaans* en M. A. Basson se *Die onderrig van Afrikaans*, terwyl mev. Louw en Potgieter se *Spraakopleiding* ook meer as terloopse aandag aan die poësieles bestee. Maar dis juis in hierdie self-opgelegde „begrensing” dat die skrywer van die bogemelde boek (hy is dosent aan die Heidelbergse Onderwyskollege) hom feitlik die „meester” toon en, as vakman, gesaghebbend skryf oor een enkele aangeleentheid waar verstandige, deurdagte leiding steeds baie welkom bly. En hoewel die boekie blykbaar op poësie-onderrig in die Afrikaanse laerskool ingestel is en die skrywer die besondere probleme van tweedetaalonderrig nie aanroer nie, weet ek uit ervaring dat honderde onderwysers(esse) in ook Engelse laerskole dankbare gebruik daarvan sal maak.

Telkens moes ek, veral by nogal kontensieuse sakies soos die werklike doel van die poësieles, memorisering al dan nie, bevattingsvermoë en ouderdomsbeporinge, eie voorkeure teenoor dié van die leerling, dramatisering en koorpraat, die noodsaak en inhoud van bloemlesings, en nog baie meer, die skrywer se standpunt instemmend aanstreep. Waar hy bv. die verbeeldingsaspek beklemtoon en, in sy inleidende opmerkings, die vervlakende uitwerking van heelwat

manifestasies van ons moderne leefwyse betreur, sou ek daaraan wil toevoeg dat ook die prentverhaal — wat uit die aard van die saak die kind se eie optowering van situasies en taferele oorbodig maak — die fantasierykheid en skeppingsvermoë kan strem en moontlik sy nadelige invloed op 'n toekomstige skrywers- en digtersgeslag sal na-laai. Ook weet ons — soos die skrywer tereg meld — dat baie mense gedigte oor kinders verwar met gedigte vir kinders; dat 'n bevredigende oplossing vir die „dreunsang” by gesamentlike opse of koorspraak nie bestaan nie; en dat ons helaas nog geen formule gevind het om die skoolkind, buiten oppervlakkige waardering oftewel genot, poëtiese insig by te bring nie.

Die skrywer het al sy illustrasiemateriaal uit die reeks *Skone klanke uit ons Digkuns* geput en het ander bronne vir die doel van hierdie handleiding verontsaam. Sy boek sou daarbenewens nóg praktieser geword het as hy m.i. die afdelinkie oor „Take” aansienlik uitgebrei het, en as hy 'n aantal voorbeelde van volledig uitgewerkte, onderling verskillende lesskemas ingesluit het. Ek dink hier veral aan die studente. Hulle, saam met diegene wat reeds in die tuig staan, sal Gerryts se *ONDERRIG VAN POËSIE in die Laerskool* egter in alle opsigte 'n waardevolle vakliterêre aanwinst vind, 'n metgesel en voordurende raadgewer in die klaskamer.

J. KROMHOUT

P. J. Philander: **VUURKLIP**.  
Nasionale Boekhandel, prys R1.50.

Dis 'n verblydende teken dat, van ons vier vernaamste Kleur-lingdigters, Philander in sy jongste bundel *Vuurklip* wegskram — eintlik wegbreek — van wat so stadigaan 'n tradisie geword het: dié tradisie naamlik om die digkuns te gebruik as „platform”

om griewe te lug en die Kleurling se agterstand en miskenning te beklemtoon. Dit was, moontlik, noodsaaklik om te bieg, om te bely uit eie ervaring. So 'n behoefte is vanselfsprekend. Maar daar behoort teen hierdie tyd eweneens 'n behoefte te wees om na die toekoms te kyk, om posities te wil lei tot die selfverwesenliking van 'n rassegroep wat voortaan onvervreembaar 'n eie bestaan sal voer.

Daarom dat *Vuurklip* 'n blywender, 'n bykans "weldadiger" indruk nalaat as vorige Kleurlingpoësie. Hierdie bekroonde bundel het — soos ek verstaan — die neerslag geword van 'n reis na Suidwes. Dit het tegelyk ons tweede „joernaal" geword — nie van Jorik nie (hoewel dit plek-plek daaraan herinner) — maar van enersyds die slaaf Jager Afrikaner en sy seun Jonker, andersyds Hendrik Witbooi. Dis *hulle* wat aan die woord is, wat getuig van die opstand teen gesag, die wreedheid; ook van die soek na selfbevestiging in eindelose omswerwinge wat slegs tot mislukking en ondergang gedoem is. Philander bly op 'n afstand; hy gee ons, in 'n versvorm wat gestroop is van swier en musikaliteit, wat hard is soos die werklikheid — soos die vuurklip — brokke voorgeskiedenis waarin die bruinman ook *sy* deel kan opeis. Want Jager en Jonker Afrikaner, en Hendrik Witbooi, is geskiedkun-

dige figure op hul beperkte terrein wat ook aan hierdie „wee en droewe" land gebonde is, sy dit dan as moordenaars en geweldenaars. In dieselfde mate is Philander se taal aan ons land gebonde, aan die bodem, die dorheid van die woestyn, die klippe, sand en son . . . Hy openbaar, buiten historiese gegewens, benydenswaardige kennis aangaande die natuur, die leefwyse en stamgewoontes van sy figure, mense wat ook *sy* voorsate was.

Dis 'n gebondenheid waarvan hy hom moeilik kan losmaak. En in weerwil van die ontvoogding van die hedendaagse Kleurling, voel ons dwarsdeur die bundel daar bly vir hulle nog altyd 'n affiniteit met 'n verlede onder witmansoorheersing waaromtrent die voortvlugtende Jager Afrikaner hom soos volg uitgespreek het:

Julle wil die matjiesrietpandok  
se muwwe vrede altyd voel  
en die gewoonte aan 'n slaweklok  
sal opslaan soos 'n paddastoel.

Aanhalings kan geen reg laat geskied aan 'n bundel wat deurgaans so ryk van segging en siening is nie. Philander het met sy *Vuurklip* iets besonder gelewer waartoe slegs iemand van sy afkoms en met sy digterskap in staat is.

J. KROMHOUT



## Boeke Ontvang

(Bespreking volg later)

- L. C. Bruwer: *Taal en Toekoms*, 'n Lees- en taalkursus in Afrikaans as tweede taal vir st. IX en X; Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 2e dr., s.j., R1.60.
- P. J. Fourie: *Goud oor die horison*, romantiese historiese roman, Afrikaanse Pers-boekhandel, Johannesburg 1961, R1.15.
- W. George: *Race, heredity and civilisation*, Britons Publishing Society, London, 1961. Dl. I.
- D. W. Krüger: *Paul Kruger*, 'n historiese studie; Dagbreek-Boekhandel, Johannesburg 1961, R3.50 (R6.00 per stel).
- Linda Joubert: *Meulenhof se mense*, roman; Human en Rousseau, Kaapstad 1961, R1.25.
- Jac. J. Rousseau: *Na verre lunde*, reisbeskrywings deur verskillende medewerkers; Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg; nuwe, hersiene uitgawe 1961; R1.05.
- F. A. van Jaarsveld: *The awakening of the Afrikaner nationalism*, 'n historiese studie; Human en Rousseau, Kaapstad 1961; R3.00.
- Willem van der Berg: *'n Profeet in die Boland*, novelle, herdruk uit die oorspronklike bundel van 1948; Human en Rousseau, Kaapstad 1961; R1.00.

ELATA — MCMLXI









Volledige beskerming  
deur SANLAM:

- **AFTREEPENSIOEN**
- **WEDUWESPENSIOEN**
- **GEREELDE INKOMSTE BY  
LIGGAAMLIKE ONGESKIKTHEID**
- **OPERASIELENINGS (RENTEVRY!)**
- **VOORSIENING VIR BOEDELBELASTING**
- **STUDIEPOLISSE**
- **VERBANDSDEKKING**
- **VENNOOTSKAPSDEKKING**
- **KONTANTBONUSSE**
- **SIEKTEVERSEKERING  
(DEUR SANSOM, ONS FILIAAL)**

BESPREEK GERUS U BEHOEFTE MET U SANLAM-VERTEENWOORDIGER.

HY IS SPESIAAL OPGELEI!

Versekering is

**SANLAM**

VZ 1913/P2\*